Ons Geskiedenis

Opgestel deur

J P Botha
M.A., B.Ed.,D.Litt.et Phil.

Eerste druk 2008

Inhoud

Voorwoord

Die doel van die opstel van hierdie boek is in die eerste plek om 'n objektiewe weergawe van die vernaamste gebeurtenisse in Suid-Afrika se geskiedenis die lig te laat sien. Dit is uit Afrikaner-standpunt geskryf, wat myns insiens 'n duideliker beeld van ons voorgeslag se heroïese worstelstryd teen Britse oorheersing na vore bring. Uit die aard van die saak is daar nie op fyn besonderhede en gebeurtenisse wat vir ons doel van minder belang is, ingegaan nie.

Mag *Ons Geskiedenis* 'n betekenisvolle bydrae lewer om ons volksverlede weer te laat herleef en helder te verlig vir elkeen wat daarin belangstel en dit lees.

1
Suid-Afrika word ontdek

Seshonderd jaar gelede was daar nog geen blanke mens in Suid-Afrika nie. Ons land het toe nog wild en woes gelê . In die suide van die land, dit is die Kaap, het daar wel primitiewe mense gewoon. Dit was die Hottentotte Hulle het veral naby die see rondgeswerf en hulle kos uit die see gehaal. Hulle is Strandlopers genoem. Maar baie van hulle het verder in die binneland gewoon en vee aangehou.

Daar was nog ander primitiewe mense wat daar rondgeswerf het. Dit was die Boesmans. Hulle was 'n bietjie kleiner as die Hottentotte en was nie so pikswart nie. Hulle het met pyl en boog wild gejag en daarvan geleef.

Die speseryhandel

Ons voorouers was toe nog in Europa. Daar het hulle toe nog maar net die lande van Europa self geken. Hulle het nie geweet wat verder op die aardbol gebeur nie. Maar mense wat al verder van Europa af oor land gereis het, het in China en Indië uitgekom. Hulle het verskillende soorte speserye wat daar groei na Europa teruggebring. Daarna het hulle gereeld daarheen gegaan om speserye te gaan haal. Hulle het dit dan in Europa duur verkoop.

Die soek na 'n seeweg na Indië

Dit was moeilik en gevaarlik om die speserye in Indië te gaan haal. Hulle is baie keer deur struikrowers langs die pad aangeval. Maar 'n paar lande in Europa, soos Engeland en Holland, wou baie graag van die speserye hê.

Die ou klein landjie, Portugal, het toe baie ernstig begin kyk of hulle nie met hulle skepe op die see na Indië en die spesery-eilande kon ry nie. Hulle moes dan rondom die suidpunt van Afrika vaar. Hulle het nie geweet hoe groot Afrika is nie.

Die Portugese prins, Hendrik die Seevaarder, het die matrose aangemoedig om langs Afrika af, al hoe verder suidwaarts te ry. In die jaar 1419 n.C. het hulle tot by Madeira gekom. 'n Paar jaar later vorder hulle tot by die Asore. In 1434 n.C. vaar hulle om die Kaap Bojador. Twaalf jaar later kom hulle tot by die mond van die Senegalrivier. Daarna bereik hulle 'n mooi groen streek en noem dit Cabo Verde. Een van die ekspedisies wat nog verder as die Kaap Verdiese eilande gevaar het, was baie bly toe hulle by die Slawekus en Nigermond verbygaan. Hulle het gedink hulle was toe al om die suidpunt van Afrika. Maar 'n end verder het hulle gewaar dat die kuslyn maar weer suidwaarts loop. 'n Ekspedisie wat in 1471 plaasgevind het, het die ewenaar oorgesteek en dertien jaar later het Diego Cam in 1484 tot by die mond van die Kongorivier gery.

Bartholomeus se reis

Die Portugese het nie moedeloos geword nie. Hulle koning, Johan II, het aan 'n jong edelman, Bartholomeus Diaz, opdrag gegee om te probeer om om die suidpunt van Afrika te vaar. Diaz het toe in Augustus 1487 n.C. met twee klein skepies van 50 ton elk en 'n voorradeskip die lang seereis begin. Hy het maar naby aan die kus gehou. So ver as wat hulle gegaan het, het hulle aan die kape en die baaie Portugese name gegee. ('n Kaap is 'n berg of 'n stuk land wat spits in die see inloop en 'n baai is 'n inham in die see). Uiteindelik het hulle tot by Angra

Pequena (Luderitzbucht) gekom. Diaz het daar 'n klipkruis geplant. Op 26 Desember het sy skepe by die plek verbygevaar wat later Elizabethbaai genoem is. Toe hulle naby St. Helenabaai kom, kon hulle nie meer die land sien nie. 'n Storm het hulle skepe suidwaarts gedryf. Die wind het na 'n paar dae weer bedaar, sodat hulle die skepe ooswaarts kon stuur om weer by die land uit te kom. Maar hulle kon geen land kry nie, want hulle was al by Afrika se suidpunt verby. Daarom het hulle toe reg noord begin vaar, totdat hulle weer die land gekry het naby Visbaai.

Hier het die eerste Blankes in die geskiedenis op Suid-Afrikaanse grond getrap. Omdat hier geen vars water was om in te neem nie, het hulle verder gevaar tot by die waterryke Mosselbaai. 'n Aantal matrose het hier aan wal gegaan. 'n Klompie Hottentotte wat daar rondgedwaal het, het hulle gesien en die bosse ingevlug. 'n Rukkie later het hulle teruggekeer toe die Portugese besig was om water in te neem en hulle met klippe begin bestook. Daar was toe 'n skermutseling en 'n Hottentot is doodgeskiet. Dit was die eerste bloed wat gevloei het in die stryd tussen Wit en Swart in Suid-Afrika.

Diaz het verder geseil tot by Algoabaai. Hier het die matrose by hom aangedring om om te draai en na Portugal terug te keer. Hulle was moeg geveg teen die see en die storms. Baie van hulle het aan skeurbuik gely. Hierdie siekte het hulle op die skepe gekry wanneer hulle nie meer vars vleis en vars groente gehad het om te eet nie. Hulle was gewillig om nog drie dae lank verder ooswaarts te seil, waarna hulle by die mond van die Infante-rivier aangekom het. Waarskynlik was dit die Keiskamma. Hier het Diaz baie teen sy sin omgedraai en

die lang seepad terug huis toe maar weer aangepak Maar hy het geweet dat hy die seeweg na Indië ontdek het.

Diaz ontdek die Kaap

Op sy terugreis het Diaz in April 1488 by 'n Kaap verbygegaan wat hy *Cabo Tormentoso* (Stormkaap) genoem het, maar later die naam verander het na *Cabo de Boa Esperanca* (Kaap van Goeie Hoop). Dit is na hierdie Kaap, naby die suidpunt van Afrika, waarheen die Hollander, Jan van Riebeeck, 164 jaar later gekom het om hier 'n verversingspos te kom stig.

Bartholomeus Diaz en sy matrose was op hulle lang en gevaarlike terugreis maar baie teëspoedig. Hulle voorraadskip het êrens in die see verdwyn . Hulle het met die ander twee skepe in Desember 1488 weer in Portugal aangekom. Hulle was 1½ jaar lank weg. Diaz was tevrede. Alhoewel hy nie tot by Indië gery het nie, het hy die seeweg daarheen ontdek. Maar die Portugese het eers weer na byna tien jaar so ver gekom om die eerste keer met die seeweg wat Diaz ontdek het, na Indië te vaar.

Vasco da Gama se reis

Koning Manuel I het op 8 Julie 1497 vir Vasco da Gama daarheen uitgestuur. Hy het met 4 skepe en 170 matrose sy tog begin. Bartholomeus Diaz het 'n endjie saamgery om vir Da Gama "op die regte koers te bring."

Nadat hulle by die Kanariese en Kaap Verdiese Eilande verby is, het hulle nie al langs die kus verder gevaar nie. Hulle wou die lastige storms en seestrome wat naby die land gewoed het, vermy. Hulle het sommer deur die Atlantiese Oseaan koers gehou na die suidpunt van Afrika. Dit is ons Kaap. Na 96 eentonige dae op die groot water, het hulle weer land gesien. Op 4 November

vaar hulle St. Helenabaai binne. Hulle het ‘n week daar vertoef om die skepe se seile te herstel en brandhout en water in te neem. Hulle het hier ook met ‘n klompie Strandloper-Hottentotte gebots en Da Gama en ‘n paar van sy manskappe is gewond.

Op 22 November het die vloot om die Kaap van Goeie Hoop gevaar en drie dae later in *Sao Bras* (Mosselbaai) aangekom. Hulle het die voorradeskip opgebreek en sy lading op die ander skepe gelaai. Hulle het hier ook Strandloper-Hottentotte raakgeloop en by hulle ‘n bees geruil vir goedjies soos krale en stukkies koperdraad.

Toe Da Gama hulle begin om water na die skepe te neem, het die Hottentotte skielik vyandig geword. Hulle het geglo dat die water hulle eiendom is en nie weggeneem mag word nie. Da Gama het ‘n kruis op die eiland in die baai geplant, maar die Hottentotte het dit bestorm en begin verniel . Daar is ‘n paar skote op hulle gelos wat hulle die land laat invlug het.

Die skepe het hulle vaart voortgesit en aangesukkel teen die storms en teen die warm Agulhasstroom. Op 25 Desember het hulle ‘n pragtige bosryke kus gesien. Waarskynlik was dit Pondoland. Da Gama het dit *Terra de Natal* genoem, omdat hulle op Kersdag daar verbygevaar het.

Hulle is verder langs die kus op tot by die mond van ‘n riviertjie wat hulle *Rio do Cobre* (Koperrivier) genoem het. Hulle het daar Bantoes aangetref wat allerhande kopervoorwerpe by hulle gehad het.

Da Gama het op 25 Februarie 1498 by *Kilimane* (Quelimane) aangekom. Hulle het daar Mohammedane gekry, wat ‘n gemengde ras was van Bantoes, Arabiere en Perse. Hulle het met die Ooste handelgedryf. Toe hulle

hoor dat die Portugese met Indië wil handeldryf, was hulle dadelik vyandiggesind.

Da Gama het 32 dae by Kilimane vertoef. Hy het sy gehawende skepe weer opgeknap en die reis voortgesit tot by Mosambiek . Na ‘n baie lang tog het hulle Mombasa en later Malindi bereik. Hier het hy ‘n stuurman gekry wat gewillig was om hom oor die Arabiese see na Indië te lei. Daar het hy met die Hindoekoning van Kalikoet ‘n handelsooreenkoms gesluit . Hy en sy matrose het die terugreis na Portugal in Augustus 1498 begin en in September 1499 weer na twee jaar in hulle vaderland aangekom. Hy het net met twee van die vier skepe teruggekom en met een derde van die bemanning. Die ander is dood aan skeurbuik en ander oorsake gedurende die lang seereis.

Die Portugese dryf handel met die Ooste

Vasco da Gama het groot eer ontvang vir wat hy vir sy land gedoen het. Hy het ‘n edelman en ‘n admiraal geword en is aangestel as hoof van die hele Portugese vloot.

Daarna het die Portugese se handel met die Ooste begin. Hulle skepe het speserye en ander handelsware in Indië gaan haal en na Lissabon gebring, waar dit aan die ander nasies van Europa verkoop is. Die Portugese het nie baie gehou van die Kaap van Goeie Hoop nie en ook nie van die Strandloper-Hottentotte wat hulle langs die kus van Suid-Afrika aangetref het nie. Op een van hulle skepe wat een keer in Tafelbaai geland het, was die eerste onderkoning van Indië, Francisco d’ Almeida. Hy en 50 van die matrose is in ‘n geveg met die Hottentotte op die strand doodgeslaan. Daarom het hulle maar liewer by St. Helenabaai en Mosambiek water en vars voorrade gekry

en die Suid-Afrikaanse strande vermy. Hulle het byna 'n eeu lank so al om die Kaap na die Ooste gery en die wêreldhandel beheer.

2
Jan van Riebeeck kom na die Kaap

Die Hollanders het die speserye en ander handelsware wat die Portugese in die Ooste gaan haal het, by hulle in Lissabon kom koop en dit weer aan die ander nasies in Europa verkoop. Holland was besig om te herstel na al die swaar van die 80-jarige oorlog wat hulle teen Spanje vanaf 1568 tot 1648 geveg het. Hulle het 'n winsgewende visnywerheid opgebou. Die Hollandse riviere en kuste is vol van allerhande eetbare vis. Hulle haringhandel het uitgebrei. Hulle het lakenstof en linne van die beste en fynste soorte geweef. Dit alles moes in ander lande verkoop word en daarvoor het hulle skepe nodig gehad. Hulle het langs die die Zaanrivier by Amsterdam houtsaagmeulens opgerig en hulle skeepsbouery daar ingerig. Hulle het beter skepe gebou as die Portugese, die Engelse en die Franse. Hulle het met hulle skepe hulle eie ware saam met die speserye wat hulle in Lissabon gaan haal het, na ander lande vervoer en dit verkoop.

Die Hollanders se eerste reis om die Kaap na Indië

Aan die einde van die 16e eeu wou die Hollanders nie meer vragvaarders vir die Portugese wees nie. Hulle stuur toe op 2 April 1595 vier skepe na die Ooste. Dit was die *Hollandia,* die *Mauritius,* die *Amsterdammer* en die *Duifken*, onder aanvoering van Jan Huyghen van Linschoten en Cornelis de Houtman. Hulle het om die Kaap gevaar tot by Madagaskar. Daar het hulle hul stukkende skepe weer seevaardig gemaak. Hulle het twee maande daar vertoef om die bemanning wat nog geleef

het, geleentheid te gee om van die skeurbuiksiekte te herstel. Hulle het op 23 Januarie 1596 by Bantam op Java aangekom.

Gedurende hierdie reis het meer as 150 man aan hierdie siekte omgekom. Hulle het hulle beste skip, die *Amsterdammer,* agtergelaat omdat die 100 matrose wat nog gelewe het, te min was vir vier skepe. Hulle wou nie hê dat die skip wat al taamlik stukkend was, in die hande van die Portugese val nie. Daarom het hulle dit aan die brand gesteek.

Die 100 man het in hulle moeë, uitgeteerde liggame skaars genoeg krag gehad om die ander drie skepe te hanteer. Hulle het op 13 September 1596 weer hulle terugreis begin en op 14 Augustus 1597 weer in Holland aangekom, nadat hulle 2½ jaar lank weg was. Die vrag speserye wat hulle saamgebring het, kon nie vir al die skade wat hulle gely het, betaal nie. Maar die Hollanders het ook nou die seeweg om die Kaap na die Ooste geken. Hulle het begin om self speserye daar te gaan haal en in Europa te verkoop.

Die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie

Die Hollanders se handel met die Ooste het só uitgebrei dat hulle maatskappye moes stig om dit te reël en te beheer. Hierdie maatskappye het saamgesmelt tot één groot organisasie, die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie. Die NOIK is bestuur deur 17 direkteure, wat "Die Here 17"genoem is. Die speseryhandel met die Ooste is deur hierdie 17 manne gereël en nie deur die regering van Holland nie. *(Die afkortings NOIK, HOIK en VOC dui deurgaans op hierdie maatskappy).*

Die skepe van die Kompanjie het om die Kaap begin vaar na die eilande waar speserye gekweek word, by

Ambon en Banda en die Molukke. Hulle het hulle hoofkwartier in die Ooste op die eiland Java gebou en dit Batavia genoem.

Behoefte aan 'n halfwegstasie

Die skepe kon nie vanaf Holland tot by Oos-Indië vaar sonder om êrens by 'n plek aan te gaan waar hulle weer vars voorrade kon inneem nie. Hulle het toe gereeld die eiland St. Helena daarvoor gebruik. Hulle het 'n aantal skape op die eiland gebring. Die besoekende skepe het dan van die skape geslag, om weer vars vleis vir hulle verdere reis na Oos-Indië te kon hê. Later het die skape so wild geword dat die matrose hulle nie meer in die hande kon kry nie. Hulle het toe honde gebruik om die skape vir hulle te vang. Daar het van die honde op die eiland agtergebly. Hulle het ook wild geword en van die wilde skape geleef, totdat daar nie meer een op die eiland oor was nie.

Stranding van die Haarlem

Maar toe strand daar op 25 Maart 1647 'n retoerskip, *De Nieuwe Haerlem,* in Tafelbaai. Die bemanning en die grootste deel van sy vrag is gered. Veertig man is deur 'n retoervloot na Holland geneem. Daar het 60 man agtergebly om die gestrande skip se voorraad te versorg. Onderwyl hulle vir 'n skip uit die Ooste gewag het wat hulle ook huis toe moes neem, het hulle in Tafelbaai 'n fordjie gebou, wat hulle *Zandenburgh* genoem het.

Koms van Jan van Riebeeck

Byna 'n jaar later het daar 'n retoerskip vanaf Batavia hulle opgelaai en na Holland geneem. Twee van hulle, Leendert Janzsen en Matthys Proot, het by die Here 17

aanbeveel om aan die Kaap in Tafelbaai 'n verversingspos of halfwegstasie te stig. Die Here 17 het dit besluit, maar eers vier jaar later vir Jan van Riebeeck na die Kaap gestuur om 'n verversingspos op te rig wat aan verbyvarende skepe vars water en voedsel moes voorsien.

Jan van Riebeeck het op 14 Desember 1651 met sy vrou, Maria de la Queillerie en hulle seuntjie Lambertus, te Texel aan boord gegaan van die *Drommedaris.* Die skip het 'n dag voor Kersfees sy reis begin, vergesel van die twee skepe, die *Reyger* en die *Goede Hoop.* Na 'n voorspoedige reis het die skepe op Saterdag, 6 April 1652 in Tafelbaai voor anker gelê. Van Riebeeck het die volgende dag self geland om 'n geskikte plek aan te wys waar hulle 'n fort moes bou.

Probleme en harde werk

Daar was aan die begin maar baie probleme wat opgelos moes word. Hy het in sy eerste brief aan die Kompanjie se regering in Batavia geskryf dat daar aan die Kaap genoeg werk vir duisend mense was. Hy het een keer net 50 man gehad om die werk te doen. Hy skryf dat hy sy hande vol gehad het om met slegs 90 *swacke oncundige* mense die mas op te kom. Hy het gekla dat hy almal van raad moes bedien en dat hy as boumeester, grawer, tuinier, boer, timmerman, messelaar en smid sy hande vol gehad het om almal aan die gang te hou.

Die tekort aan arbeiders, saam met 'n swaar droogte, en dan weer te veel reën en haelbuie, het Van Riebeeck in sy dagboek laat skryf dat hulle besig was om 'n arme ellendige lewe te lei. Hy wou liewer na Indië gaan as om in die Kaap te bly. Hy het vir die Here 17 gevra dat hulle sy salaris van 75 gulden moet verhoog na 150 gulden. Hulle het nie daarvoor kans gesien nie. Hulle het hom die

titel van Kommandeur aangebied en 90 gulden per maand, met die belofte dat hulle hierdie salaris moontlik in die toekoms kan verhoog, omdat hy sulke goeie werk vir die Kompanjie doen! Toe Van Riebeeck na die Kaap gekom het, is hy aangestel as koopman en "opperhoofd" van die Kaap. Hy wou nie graag "koopman" genoem word nie en het die titel van Kommandeur verwelkom.

Die pasgestigte verversingstasie kon natuurlik nie aan die begin van sy bestaan in sy eie behoeftes voorsien nie. Die mense wat so hard gewerk het aan die fort, moes van voedsel voorsien word. Verbyvarende skepe van Batavia af, moes dit vir hulle bring. In 1654 het 'n retoervloot verbygeseil sonder om daar anker te gooi. Die Kommandeur het toe 'n klein jag, die *Tulp* na St. Helena gestuur en die *Rooi Vos* na Madagaskar om vir hulle voedsel te gaan haal.

Van Riebeeck wou graag die fort klaarkry, want dit moes ook as voorlopige huisvesting vir die manne dien. Hy het die matrose van besoekende skepe gebruik om met die bouery te help, maar die Here 17 het hom belet om dit te doen. Hulle het vir hom laat weet dat die arme besoekende matrose moet rus, want die Kaap is nie gestig om gesonde mense siek te maak nie, maar om siekes gesond te maak!

Die eerste Vryburgers

Van Riebeeck het daarna gestrewe om die verversingstasie selfonderhoudend te maak. Daar moes vleis, graan, vrugte en groente geproduseer word vir die verbyvarende skepe. Die Here 17 het in 1657 aan hom toestemming gegee om klein stukkies grond aan 'n paar van sy amptenare te gee, waarop hulle moes boer. Hulle het dan "Vryburgers" geword, wat nie meer in diens van

die Kompanjie was nie. Hulle moes die produkte wat hulle gekweek het aan die Kompanjie en sy skepe verkoop.

Alhoewel die Here 17 dit nie bedoel het nie, het hulle met hierdie maatreël van die halfwegstasie aan die Kaap 'n permanente kolonie gemaak. 'n Groep van vyf mans het 'n stuk land aan die oorkant van die Amstelrivier (Liesbeek) gekry, sowat drie kilometer van die fort af. Hulle leier was Harmen Remajenne. Hulle nedersetting is *Harmenskolonie* genoem. Hulle is aangesê om graan te produseer. 'n Groep van vier mans wat ook vrygestel is, het grond gekry wat *Rondebosch* genoem is. Hulle leier was Steven Jansz en hulle nedersetting het bekend gestaan as *Stevenskolonie.* Gedurende die selfde jaar het nog meer Vryburgers stukkies grond van 13½ morg langs die Liesbeekrivier gekry, om selfstandig daarop te probeer boer.

Hierdie eerste Vryburgers het 'n harde stryd gevoer om die mas op te kom. Hulle het niks van boerdery geweet nie. Toe hulle uiteindelik daarin slaag om 'n bietjie koring te produseer, het die Kompanjie nog nie eers die prys vasgestel wat hulle daarvoor wou betaal nie. Toe dit later gedoen is, was die prys só laag dat dit nie eers die Vryburgers se onkoste gedek het nie. Hulle het 'n petisie opgetrek en aan Van Riebeeck oorhandig. Hy het hulle daaroor geskrobbeer en 'n sedepreek gelewer. Hy het vir hulle vertel hoe gelukkig hulle is om Vryburgers aan die Kaap te wees.

Probleme met die Hottentotte

Hulle het baie gesukkel sonder arbeiders. Hulle kon nie die Hottentotte gebruik nie, want hulle was lui en nie aan werk gewoond nie. Daar het 'n bende van hulle in die

omgewing van die fort rondgedwaal. Op 'n dag kom hulle onder aanvoering van Herrie, hulle leier, by die fort en eis al die grond op wat die Blankes reeds beset het, as hulle eiendom. Hulle het as rondlopers nooit enige grond besit nie en het as nomade maar net met 'n bietjie vee rondgetrek.

Die Here 17 het vir Van Riebeeck opdrag gegee om tog ten alle koste vrede met hierdie ou "natuurvolkie" te handhaaf. Daarom het hy hulle tydelik tevrede gestel met allerlei geskenkies. Hulle het toe onder die indruk gekom dat die Blankes vir hulle bang is.

Aan die einde van die eerste jaar het Van Riebeeck alreeds 100 beeste en 350 skape gehad en is daar gedurende die volgende jaar genoeg groente gekweek, sodat hulle in 1653 'n retoervloot van 8 skepe met vleis en groente kon voorsien. Maar Herrie en sy maters het op Sondag 9 Oktober 1653 hulle kans waargeneem toe Van Riebeeck hulle almal vir 'n erediens in die fort bymekaar was. Al hulle vee is gesteel. Die Hottentotte het die veewagter, Dawid Jansz, wreed vermoor. Daar het net een os, een melkkoei, 4 kalwers en 60 skape oorgebly. Herrie is nie gestraf nie Hy het twee jaar lank weggekruip en toe ewe vroom kom lieg dat hulle heeltemal onskuldig was aan wat gebeur het.

Die Vryburgers het toestemming gehad om met die Hottentotte handel te dryf, maar dit wou ook nie vlot nie. Omdat die boosdoeners nooit gestraf is nie, het die Vryburgers aanhoudend onder hulle deurgeloop. Hulle het naderhand nie meer genoeg osse gehad om te ploeg nie. Hulle kon nie die rug draai sonder dat alles gesteel word, buiten die swaar ploeë wat hulle nie kon wegdra nie.

Op 19 Mei word Simon In't Velt deur die Hottentotte aangeval en vermoor. Hulle steel 70 skape en 30 beeste. Alhoewel die Hottentotte agternagesit is, is geen enkele bees teruggevind nie. Na Van Riebeeck se tyd het hulle in 1672 weer 'n opstal afgebrand, vee geroof en twee mans en een vrou vermoor . Kort daarna het hulle 8 burgers wat op 'n gesamentlike jagtog was, gruwelik om die lewe gebring. Daarna is nog drie Vryburgers naby Saldanhabaai vermoor en 'n rukkie later nog drie by Breederivier. Al hierdie gruwelikhede het in 1676 tot 'n oorlog teen die Hottentotte gelei.

Invoer van slawe

Omdat die Vryburgers en die amptenare sonder genoeg arbeiders maar baie gesukkel het om hulle werk gedoen te kry, het Van Riebeeck slawe van Batavia af ingevoer. Die eerste slawe het op 28 Maart en 6 Mei 1658 in die Kaap aangekom. Daarmee was die arbeidsprobleme nog nie opgelos nie, want toe die ploegtyd daar was, het baie van hulle gedros. Die slawe wat weer gevang is, is aan 'n paal vasgebind en gegesel. Daarna is hulle twee-twee met kettings aan mekaar vasgemaak. Van Riebeeck was baie seker dat die Hottentotte die slawe gehelp het om te vlug.

Van Riebeeck verlaat die Kaap

Van Riebeeck het gedurende die tien jaar wat hy kommandeur van die Kaap was, 'n groot verskeidenheid van vrugtebome en plante uit Holland, asook uit Oos-Indië ingevoer. Hy het dit in die Kompanjie se tuine en op die stuk grond wat hulle vir hom gegee het, geplant. Toe hy die Kaap verlaat, kon hy alreeds 'n paar kersies, twee soet lemoene en 'n paar ryp appels afpluk.

Hy het die voortsetting van sy stigtingswerk onder die genadige beskerming van die almagtige God, aan sy opvolger, Wagenaar, opgedra. Daarna het hy en sy vrou op 7 Mei 1662 met die skip *Mars* na Batavia vertrek.

3
Die goeie Simon van der Stel

Die verversingstasie wat deur Jan Van Riebeeck en sy manne aan die Kaap opgerig is, het aan die begin nie aan sy doel beantwoord nie. Die bemanning van die skepe wat daar aangedoen het, het gekla oor die drinkwater wat nooit skoon was nie, dat daar nie altyd genoeg vleis was nie en dat die vleis oneetbaar, maer en taai was. Baie van die skepe het verbygevaar sonder om daar aan te gaan.

Die Vryburgers sukkel om te bestaan

Na tien jaar het die verversingspos nog nie genoeg kos geproduseer om in sy eie behoeftes te voorsien nie. Die werk in die Kompanjie se tuine is deur gehuurde knegte en slawe gedoen, wat nie geweet het hoe om dit te doen nie. Die eerste Vryburgers was ook nie gebore boere nie, maar vrygestelde amptenare en soldate. Hulle het wel die grond verniet gekry, maar dit was onbewerkte grond. Dit was moeilik om arbeiders te kry. Die rondtrekkende Hottentotte wou nie werk nie. Sommige Vryburgers het soldate gehuur. Dit was duur arbeid. Nadat slawe ingevoer is, het dit beter gegaan. Maar slawe-arbeid is ook duur en daar was maar altyd te min slawe. Die Vryburgers het ook nie genoeg landbougereedskap en trekvee gehad nie. Die suidoostewind wat dikwels onophoudelik gewaai het, het hulle oeste beskadig en hulle gevoelige verliese laat ly.

Die Vryburgers was verplig om al hulle produkte aan die Kompanjie te verkoop, wat self die pryse wat hulle daarvoor wou betaal, vasgestel het. Gedurende die eerste jare was die pryse so laag dat die Vryburgers geen wins

kon maak nie. Baie van hulle was later brandarm. Hulle wou nie meer boer nie en het begin om ander beroepe te beoefen.

Die verversingspos word ‘n landboukolonie

Om die landbou te bevorder, het die Kompanjie in 1670 begin om die vrugbare grond by Hottentots-Holland te bewerk en daar koring te saai. In 1677 het ‘n paar boere by Houtbaai grond ontvang en twee jaar later is boere op leengrond by die Tygerberg gevestig. In 1678 kry twee boere die reg om hul vee in Hottentots-Holland te laat wei en kort daarna word twee van hulle toegelaat om by die Steenberg ‘n veeboerdery te begin. So het die Kaapse verversingspos stadigaan in ‘n landboukolonie ontwikkel.

Die koms van Duitse immigrante

Nadat Jan van Riebeeck die Kaap verlaat het, het die Kompanjie besef dat die Kaap ‘n waardevolle besitting is. Daar het oorlog uitgebreek tussen Holland en Engeland. Hulle het ‘n sterk garnisoen in die Kasteel, wat hulle in die plek van die Fort gebou het, geplaas om die Kaap te verdedig indien Engeland dit miskien sou kom verower. Hulle wou ook graag hê daar moes meer inwoners in die Kaap wees, sodat hulle die soldate van die garnisoen kon help indien die Kaap deur die Engelse aangeval word.

Die Hollanders het in daardie tyd só goed in hulle eie land geleef, dat daar maar baie min van hulle gewillig was om na die Kaap van Goeie Hoop te kom. Maar baie Duitsers het na die ellende van die Dertigjarige Oorlog in Holland gaan woon en na die Kaap geëmigreer. Teen die jaar 1700 was daar reeds een-vyfde van die koloniste aan die Kaap, mense van Duitse afkoms.

Die vroue-tekort

Gedurende die eerste jare na die stigting van die nedersetting aan die Kaap, was daar altyd te min vroue. Die kommandeurs na Jan van Riebeeck het verskeie kere gevra dat daar asseblief tog vroue na die Kaap gestuur moes word vir die baie mans wat alleenlopers was. Maar baie min vroue was gewillig om alleen na die Kaap te kom. Die Here 17 het in 1664 'n aantal weesmeisies omgehaal om na die Kaap te kom. Almal van hulle het baie gou 'n man gekry om mee te trou.

Simon van der Stel

In 1679 het daar 'n nuwe kommandeur na die Kaap gekom. Dit was Simon van der Stel. Hy het baie gedoen om die sukkelende verversingspos vinniger na 'n vooruitstrewende landboukolonie te laat ontwikkel. Hy het die kolonisasie en uitbreiding na die binneland bevorder. Die Kompanjie het sy goeie diens waardeer en in 1685 aan hom 'n groot plaas geskenk, wat hy Constantia genoem het. In 1691 het hulle hom goewerneur van die Kaap gemaak.

Die Kaap word selfversorgend

Simon van der Stel het die koloniste se aansoeke om Vryburgers te word en grond te kry waarop hulle wou boer, sorgvuldig uitgesoek. Hy het net dié toegelaat wat 'n sukses daarvan kon maak. Hy het hulle graanpryse verhoog en hulle gehelp om gereedskap en trekvee te kry. Daarna het hy genoeg slawe ingevoer om die werk te kon doen. So het die kolonie gedurende Simon se tyd vooruitgegaan en 'n bloeitydperk beleef. Baie van die koloniste het welvarend geword.

Stigting van Stellenbosch en Drakenstein

Op een van Simon se reise in die binneland het hy op 'n pragtige, vrugbare vallei afgekom. Hy het die plek sy eie naam gegee en in 1679 vir die boere daar by Stellenbosch plase gegee. Drie jaar later het daar al 30 huisgesinne gewoon. Dit het 'n dorp geword. Die Goewerneur het toegelaat dat hulle vir hul kinders 'n skool bou. Die onderwyser het op Sondae in die skool dienste gehou. Agt jaar later, in 1687, het Simon van der Stel nog 'n nedersetting in die binneland gestig. Hy het langs die Bergrivier aan 'n klompie soldate grond gegee en hierdie nedersetting Drakenstein genoem. Die kolonie het hierdeur nog 'n endjie verder na die binneland uitgebrei.

Koms van die Hugenote

Simon van der Stel wou baie graag nog meer geskikte koloniste uit Holland hê wat in die Kaap kon kom boer. Die Here 17 kon maar min sulke persone kry wat gewillig was om te emigreer. Maar toe vind die koms van die Hugenote plaas.

Frankryk se Rooms-Katolieke koning, Lodewyk XIV, het die Protestante in sy land gruwelik verdruk en vervolg. Duisende van die Hugenote het na ander lande gevlug, veral na Holland, wat 'n Protestantse land was en hulle verwelkom het. Die Here 17 het toe 'n aantal van hierdie Franse vlugtelinge as koloniste vir die Kaap gewerf. Baie van hulle was ervare boere in Frankryk en sou baie geskikte koloniste wees. Hulle het in klein groepies in 1688 en 1689 na die Kaap gekom, totdat daar altesaam 150 Hugenote hulle hier gevestig het.

Die Hugenote was baie ontevrede omdat die Goewerneur hulle onder die ou koloniste versprei het. Hulle wou

bymekaar woon. Die Goewerneur het vir hulle in die distrik Stellenbosch plase gegee en aan 'n aantal van hulle het hy grond toegeken in die Bergriviervallei.

Die Goewerneur en die Hollandse koloniste het die Franse Hugenote goed behandel en hulle gehelp om aan te pas by hulle nuwe omstandighede. Hulle het selfs 'n Franse predikant gekry en later het hulle in Drakenstein vir hulle 'n eie kerk gestig. Maar Simon van der Stel wou die Hugenote so gou as moontlik verhollands. Hulle moes toe in die kerk ook na Nederlandse preke luister en hulle kinders het in die skool Nederlands geleer. In 1723 was daar nog net 25 mense in Drakenstein wat nie Nederlands verstaan het nie. Die Hugenote se kinders het nog Frans geken, maar hulle kleinkinders kon net Nederlands praat.

Die koms van die Hugenote na die Kaap het die blanke bevolking van die nedersetting versterk. In 1688 was daar nog net 254 mans, 88 vroue en 231 kinders. Die koms van 150 Franse vlugtelinge was 'n belangrike gebeurtenis. Daar was nou meer boere op die verskillende plase wat kon voedsel produseer, sodat die Goewerneur in 1688 al 3 664 sak koring in die stoorkamers kon bêre. Die Kaap was nie meer van graaninvoer afhanklik nie en het uiteindelik aan sy doel begin beantwoord toe hy in 'n landboukolonie ontwikkel het.

Die veeboerdery begin

In die laaste jare van Simon van der Stel se bewind aan die Kaap is daar te veel graan vir eie gebruik geproduseer. Die enigste mark waarheen dit uitgevoer kon word, was na Batavia. Maar die Oos-Indiese regering het in 1695 geweier om die Kaapse oorskotgraan te koop. Daar het toe groot voorrade graan in die Kompanjie se

skure in die Kaap begin bederf. Daarom was die boere verplig om maar minder te saai en ook met veeboerdery te begin. Toe die koloniste daarmee sukses begin behaal, het baie van hulle opgehou om te plant en te saai en hulle net op veeboerdery toegespits. Later was daar ryk veeboere oral in die Kolonie. Een van hulle, Henning Hüsing, het in 1692 5 300 skape besit en verskeie ander boere het meer as 1 000 gehad.

Simon van der Stel het nie daarvan gehou dat so baie van die koloniste veeboere geword het en die akkerbou verwaarloos het nie. Hy wou hê dat hulle vir veiligheid nader aan mekaar moes woon, want hy het nie die Hottentotte vertrou nie.

4
Die tirannieke en skraapsugtige Goewerneur

In 1699 het Simon van der Stel sy amp neergelê. Hy is deur sy oudste seun, Willem Adriaan van der Stel, opgevolg. Hy het nie soos sy pa, die veeboerdery teen-gewerk nie, maar dit aangemoedig. Hy het nuwe plase aan nuwe immigrante toegeken in die vrugbare vallei tussen die Outenikwa- en die Witsenberge en dit die "Land van Waveren" genoem. Die boere wat hier plase gekry het, het sommer dadelik met veeboerdery begin. Die Goewer-neur het die grootste veeboer van hulle almal geword.

Die amptenare se groot boerderye

Die Kompanjie het in daardie tyd nie meer sy amptenare aan die Kaap toegelaat om te boer nie. Alleen die koloniste moes dit doen. Maar toe kom 'n kom-missaris van die Kompanjie, Wouter Falkenier, na die Kaap en gee vir Willem Adriaan 'n stuk grond van 400 morge in Hottentots-Holland. Goewerneur Willem gee toe weer vir Jan Hartog 'n stuk grond van 117 morge wat aan syne gegrens het. 'n Bietjie later het hy hierdie grond weer van Hartog teruggekoop. Die Goewerneur besit toe 'n plaas van 517 morge.

Kommissaris Falkenier het ook aan ander amptenare stukke grond toegeken. Die sekunde, Samuel Elsevier, die fiskaal, Johan Blessius en ds Petrus Kalden, het groot plase gekry, maar die gewone amptenare, soos Starren-burg, De Wet en Ten Damme, het gewone plase van 60 morg ontvang.

Die Kommissaris het geen reg gehad om die plase uit te deel nie. Die Here 17 het nie geweet dat hy dit gedoen het nie. Hierdie amptenare was flukse boere. Hulle het baie graan geproduseer en gesorg dat hulle s'n eerste aan die skepe verkoop word. Hulle het dit ook aan die Kompanjie self verkoop. Die pakhuise was met hulle produkte gevul. Hulle het dit verkoop teen pryse wat hulle self vasgestel het. Gewoonlik het hulle twee maal soveel as die boere vir hulle graan gekry, want die pryse wat die Kompanjie aan die boere betaal het, was baie laag.

Wanneer daar vreemde skepe in die hawe opdaag, moes die boere spesiale verlof van die Goewerneur kry om hul produkte aan hierdie skepe te verkoop. Die verlof is gewoonlik nie toegestaan voordat die amptenare nie al hul produkte aan die skepe verkoop het nie. Hierdie amptenare het gesê hulle is die Kompanjie se egte kinders en die koloniste – die Vryburgerboere – is die onegtes. Daar het groot wrywing tussen die amptenare en die boere ontstaan.

Van der Stel se plaas

Goewerneur Willem Adriaan van der Stel het saam met hierdie amptenare die wantoestande aan die Kaap veroorsaak. Hy het sy groot plaas, wat hy *Vergelegen* genoem het, bewerk soos wat min boere dit kon doen. Hy het daar 'n pragtige woonhuis gebou en baie buitegeboue laat oprig en daar met mening geboer. Hy het binne 'n jaar reeds 61 morg onder wingerd gehad. Dit was meer as 'n halfmiljoen stokke, 'n kwart soveel as wat daar in die hele Kolonie was. Daarmee kon hy 600 lêer wyn in 'n jaar lewer.

Hy het baie arbeiders nodig gehad om die werk op Vergelegen te doen. Hy het 200 slawe besit, maar saam

met hulle het hy nog 'n aantal kompanjieslawe gebruik. Daarby het hy 60 blanke knegte, wat deur die Kompanjie betaal is, op die plaas laat werk. Jan Hartog, die baastuinier, moes Vergelegen se tuine uitlê en oor die ander toesig hou. Al die hout, yster en ander boumateriaal wat gebruik is, het uit die Kompanjie se pakhuise gekom. Niemand het geweet of hy daarvoor iets betaal het nie. Om die materiaal na Vergelegen te vervoer, het hy eenvoudig 'n paar boere gekommandeer, sodat dit hom niks gekos het nie. Sodoende het hy Vergelegen in 'n modelplaas omskep. Die Here 17 het egter niks van sy bedrywighede, of van dié van die ander amptenare geweet nie.

Die Goewerneur het weke lank op Vergelegen deurgebring en hom hoegenaamd nie bekommer oor wat in die Kaap aangaan nie. Die Vryburgers het gekla dat ds Kalden ook sy werk verwaarloos, want hy het hom baie meer "met sy landerye bemoei as met die preekstoel." Hy het hom later probeer verontskuldig deur te beweer dat hy sy plaas, Zandvliet, nie net besoek ter wille van sy boerdery nie, maar hy wou dan kwansuis Hottentots geleer het met die oog op sendingwerk!

Veronregting van die Vryburgers

Die Goewerneur en sy amptenare het lustig voortgegaan om met hul korruptiewe bedrywighede hulself te verryk en die Vryburgers gruwelik te veronreg. Die amptenare het op so 'n groot skaal begin boer, dat hulle die hele mark alleen kon voorsien, sonder die boere. Die sekunde Elsevier het in 1705 vir die Goewerneur gesê dat daar na drie of vier jaar nie meer Vryburgers aan die Kaap nodig sou wees nie, want hulle paar amptenare sou in staat wees om aan die Maatskappy en aan die Kaap

alles te voorsien wat nodig was. So min het die welsyn van die Vryburgers getel. Hulle is eenvoudig nie 'n selfstandige bestaan gegun nie. Dit het tot bittere ontevredenheid gelei.

In 1705 het Van der Stel besluit om die wynpag, die reg om wyn aan die skepe te verkoop, nie meer aan vier persone toe te ken nie, maar net aan een alleen. Toe het hy gesorg dat een van sy gunstelinge dit kry, ene Johannes Phyffer, 'n bekende skelm wat al vir wangedrag gegesel en vir ses jaar verban was.

Die Vryburgers kom in opstand

Dit het die Vryburgers se beker laat oorloop. Hulle het 'n klagskrif deurgesmokkel gekry na die Raad van Indië in Batavia. Onderwyl hulle op 'n antwoord uit die Ooste gewag het, het hulle 'n tweede klagskrif opgestel wat hulle persoonlik aan die Here 17 in Holland wou besorg. Intussen het 'n retoervloot uit Indië in 1706 in die Kaap aangekom en 'n brief gebring waarin die Raad vir Van der Stel versoek om op al die klagtes wat die burgers teen hom het, te antwoord.

Die Goewerneur het vermoed dat hy ook in Holland aangekla gaan word. Hy het onmiddellik vir hom 'n vleiende getuigskrif opgestel. Daarin stel hy homself voor as 'n eerbare, deugsame en godsdienstige man, 'n goeie regeerder wat altyd in belang van die Kolonie optree en die boere help om 'n afset vir hulle produkte te kry. Toe het hy die Kapenaars, arbeiders, slawe en vissers na die kasteel genooi en hulle daar kwistig onthaal op tabak, wyn en bier en hulle versoek om die stuk te teken. Die meeste het geteken, want hulle het nie mooi begryp waaroor dit gaan nie. Daarna het hy landdros Starrenburg die stuk in die distrik laat rondneem sodat die

"buiteliede" dit ook moes teken. Die burgers het feitlik almal geweier, maar uiteindelik het Van der Stel tog 240 handtekeninge gehad. Sommige daarvan was vervals.

Hy het vasgestel dat Adam Tas die opsteller was van die burgers se griewe. Hy het vir Tas onverwags gevange laat neem en beslag gelê op sy skryftafel. Daarin was afskrifte van dele van die klagskrif wat hulle teen hom opgestel het. Hy het nog 'n paar ander gearresteer. Hy was van plan om vyf van hulle na Holland te stuur, waar hulle aangkla moes word van sedisie en rebellie. Toe stel hy ook nog 'n kommissie aan uit die amptenare wat deur die koloniste verkla word, onder voorsitterskap van Starrenburg. Die kommissie moes 'n regbank vorm om die opstandige koloniste te verhoor. Die meeste het geweier om voor hierdie inkwisisiehof te verskyn.

Die toestand het feitlik in 'n burgeroorlog ontwikkel. Hy het mense voor hierdie hof van hom laat sleep, hulle gevonnis en in die kasteel in die donker gat laat aanhou, of hulle verban. Intussen was die retoervloot op pad na Holland, met Van der Stel se getuigskrif oor homself, maar ook met die vier burgers aan boord, wat hulle klagskrif teen die Goewerneur persoonlik aan die Here 17 gaan voorlê het.

Nadat die Here 17 die klagskrif ontvang en die manne se getuienis aangehoor het, het hulle nie gehuiwer om vir Willem Adriaan van der Stel te ontslaan nie. Saam met die skraapsugtige en tirannieke Goewerneur, is ook sy amptenarekliek, sekunde Samuel Elsevier, ds Kalden en landdros Starrenburg uit hulle ampte ontslaan en na Holland teruggeroep. Die burgers is vrygespreek van die aanklag van sedisie, muitery en rebellie. Die Politieke Raad van die Kaap is beveel om die gevange burgers onmiddellik vry te laat. Die wynpag en die vleispag is

weer soos vroeër onder verskillende burgers verdeel. Die Goewerneur se plaas moes in vier dele verdeel en verkoop word.

Die koloniste kon nou 'n bietjie vryer asemhaal na hulle oorwinning in die stryd teen goewerneur Van der Stel. Die stiefmoederlike behandeling wat hulle van die Kompanjie se amptenare ontvang het, moes hulle egter nog steeds in die 18e eeu verduur, totdat die Kaap in 1795 in die hande van die Engelse beland het.

5
Die uitbreiding na die binneland

Die ontevredenheid teen WA van der Stel se wanbestuur het die twee bevolkingsgroepe nader aan mekaar gebring. Die Hugenote en die Hollandse koloniste het in die stryd teen die Goewerneur skouer aan skouer gestaan om sy korrupsie en tirannie te beveg. Van die 63 burgers wat die klagskrif onderteken het, was 31 Franse. Die geveg teen Van der Stel het hulle geleer om saam te staan.

Die veeboerdery

In 1706 was die meeste van die koloniste nog landbouers, wat hulle bestaan uit die grond van die Kaapse wêreld moes maak. Hulle het te veel geproduseer en die Kaapse mark oorlaai. Die buiteland wou nie hulle produkte koop nie. Daarom het baie landbouers hulle saaiboerdery laat staan en veeboere geword. Die regering aan die Kaap het aan almal wat oor die grens wou beweeg, weilisensies uitgereik. Die jongmanne was gretig om dit te doen, want hulle kon alleen deur veeboerdery aan die lewe bly. Die seun van die landbouer het dan met sy klein klompie vee en sy weilisensie binne in sy Bybel in die wakis, oor die grense van die Kolonie na die dieper binneland getrek om vir hom ‘n selfstandige bestaan te gaan uitwerk. By die veeposte is eers net skaapwag-tershutte gebou, maar later het dit in voltyds bewoonde veeplase verander . Hulle het vir hulle vroue in die Kaap gaan haal en permanente woonhuise gebou. Al wat hulle moes betaal, was ‘n jaarlikse huur van 24 riksdaalders.

Elke veeboer het probeer om so ver as moontlik anderkant sy buurman te gaan woon, omdat die weiveld daar nog ongeskonde was. Hulle wou nie mekaar se skoorsteenrook sien nie.

Die geleidelike uitbreiding het voortgegaan totdat hulle voor natuurlike hindernisse te staan gekom het. Noordwaarts langs die weskus op, is die wêreld droog en sanderig. Die water is daar brak en skaars. Ooswaarts met die kusstrook langs, is hulle deur die digte Knysnabosse gestuit. Hulle moes naderhand maar deur die berge breek om uit te brei.

Botsing met die Boesmans

In noordelike rigting het hulle uitbreiding teen die weerstand van die Boesmans gebots. Hierdie klein, ligvoetige mensies het nie gesaai of geplant of enige vee aangehou nie. Hulle het van veldkos en wildsvleis gelewe. Hulle het met pyl en boog gejag en die diere met gifpyle doodgeskiet. In droogtetye wanneer veldkossies maar skaars was, moes hulle die mae maar inbind, want dan was die wild ook skaarser as gewoonlik. Hulle was geswore vyande van die Hottentotte. Wanneer daar nie wild was om te jag nie, het hulle op die Hottentotte se vee jaggemaak.

Die weivelde van die boere se vee, was die beste jagvelde van de Boesmans. Daarom het hulle probeer om die blanke indringers te verdryf. Daar het onsinnige wreedhede plaasgevind. Die Boesmans het gereeld die skaap- en beeswagters in die veld bygekom en wreedaardig vermoor. Dan het hulle nie die veetrop vir voedsel weggevoer nie, maar die diere doodgeskiet of hulle hakskeensenings afgesny en hulle verder vermink en daar laat lê.

Dit het die lewens en besittings van die Vryburgers baie onveilig gemaak, veral in die Nuweveld en die Sneeuberge. Daar was ernstige roofaanvalle in 1715, 1731, 1738 en 1754. Daar is bereken dat in die twee jaar van 1786 tot 1788 daar 107 veewagters vermoor en 99 perde, 6 299 beeste en 17 970 stuks kleinvee geroof of gedood is. Die boere het elke Boesman wat hulle onder skoot kon kry, doodgeskiet. In 1717 het hulle met 'n kommando teen hulle opgetrek in 'n poging om hulle heeltemal te verdelg, maar die Boesmanplaag het hulle nog tot aan die einde van die eeu bly teister.

Swellendam en Graaff-Reinet

Ten spyte van hierdie en ander hindernisse op die pad van die veeboere, het die uitbreiding maar steeds voortgegaan. In 1743 het hulle 'n kerk gestig in die *Land van Waveren*, op die plek waar vandag die dorp Tulbagh is. In 1745 het hulle 'n kerk in die Swartland gestig. In 1743 het daar 'n drosdy by Kliprivier tot stand gekom. In 1748 het dit die naam Swellendam gekry.

Die grootskaalse trekboerbeweging het na 1750 voortgeduur. Verskeie boere het die droë Karooveld oorgesteek en hulle teen die hange van die Bokkeveld- en die Roggeveldberge gevestig. Teen 1760 was hulle alreeds aan die Sneeuberge en teen 1768 het hulle die Kamdeboo (Graaff-Reinet) binnegetrek. In 1750 was hulle al waar Calvinië vandag is.

Met die ooswaartse trek is plase aangelê teen die Lange- en Swartberge. In 1765 het die voorposte al aan die Gamtoosrivier gelê en is plase steeds verder ooswaarts uitgegee.

Goewerneur Van Plettenberg het in 1779 'n reis na die binneland onderneem. Hy het met die veeboere gesels en

na hulle klagtes geluister. Hulle wou 'n drosdy en 'n kerk gehad het. Die Here 17 het dit ses jaar later eers aan hulle toegestaan toe die dorp Graaff-Reinet gestig is. In 1786 is Herman Otto Woeke as die eerste landdros van Graaff-Reinet aangestel.

Die Kôsas

Die ooswaartse uitbreiding van die Kolonie het in 1780 tot 'n einde gekom toe die voorste boere by die Visrivier die eerste keer teen die swart Negroïede ras, die Bantoes, se Kôsa-stam te staan gekom het. Hulle het verhinder dat die boere nog verder ooswaarts kon versprei. Goewerneur Van Plettenberg het tydens sy reis na die binneland die Visrivier as grens tussen Wit en Swart vasgestel. Die boere kon net tot in die Suurveld, aan die westekant van die rivier, plase kry en die Kôsas het belowe om nie oor die Visrivier te kom nie.

In 1780 is die oostelike grens van die Kolonie dan vasgestel as die Visrivier en in die noordweste as die Buffelsrivier. Na die ooste het die veeboere toe al reeds ongeveer 800 kilometer van die Kaap af gewoon en 500 kilometer na die noordweste. Die Kolonie het aan die einde van die 18e eeu reeds uit vier distrikte bestaan. Dit is die Kaap, Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet.

6
Die lewe in die 18e eeu

Die boere (landbouers) in die Kaapse omgewing

Die landbouers, dit is die boere wat in die distrikte van die Kaap en Stellenbosch geplant en gesaai het, het nog steeds gesukkel om 'n afsetgebied vir hulle produkte te kry, maar tog het die meeste van hulle goed geleef. Hulle het in goedgeboude, gerieflike huise gewoon. Baie daarvan was deftig gemeubileer. Hulle het in die lewensbehoeftes van hulle huisgesinne voorsien uit die opbrengs van hul plase, Hulle het baie bediendes gehad. Sommige boere het selfs meer as honderd slawe besit.

Hulle het nooit volop geld gehad nie, maar hulle kon darem altyd die nodige landbougereedskap, boustowwe, huisraad, klere en weeldeartikels soos koffie, tee en suiker, bekostig. Ook was daar 'n paar skole vir hul kinders en hulle kon 'n paar kerke besoek. Hulle was eenvoudige, vriendelike en godsdienstige mense. Die ryk boere sowel as die klein boere was almal selfstandige mense wat bekend was vir hulle gasvryheid.

Die veeboere in die binneland

By die nederige veeboere, wat so geleidelik gedurende die 18e eeu die land vir die blanke beskawing in besit geneem het, was lewensmiddele nie so ruim en volop soos by die Kaapse landbouers nie. Die meeste van hierdie boere het wel groot kuddus klein- en grootvee besit, maar hulle het maar min geld daaruit gemaak, omdat hulle nie dikwels die groot afstande na die Kaapse markte kon aflê nie. Daarom was hulle lewens maar redelik primitief. Hulle huise was gewoonlik maar eenvoudig, klein en ongerieflik. Die huise het meesal bestaan uit drie of vier vertrekke. Die vensters het nie glasruite gehad nie, maar is met houtdeurtjies oop- en toegemaak. Die vloere was van klei. Op die voorposte naby die grens, het hulle in hutte gewoon van een of twee vertrekke, met lae kleimure en grasdakke.

Omdat hulle so ver van die Kaap se geriewe af gewoon het, het die veeboere geleer om hulle met al hul lewensbenodigdhede self te help. Hulle het hul eie meubels gemaak en hul eie klere vervaardig. Hulle hoofvoedsel was skaap- en wildsvleis en melk. Maar waar hulle dit kon doen, het hulle tuine aangelê en 'n bietjie groente of graan gekweek vir eie gebruik.

Dit was maar 'n lewe vol ontberings, ook op onderwysgebied. Rondtrekkende "meesters" is gehuur om 'n huisgesin se kinders 'n paar maande lank te leer lees en skryf en verder 'n bietjie les te gee. Voordat Graaff-Reinet gestig is, was die veeweiders se naaste kerk op Roodezand, naby die Kaap. Hulle het baie selde daar gekom, miskien een maal per jaar, om botter en boerseep in die Kaap te gaan verkoop en sommer die weigeld te gaan betaal. Baie boere het jarelank nie in die Kaap gekom nie en agtergeraak met die betaling van hulle lisensiegeld.

Die behoefte aan kerke en skole

Die ouer koloniste het die gebrek aan 'n kerk en die godsdienstige bearbeiding van 'n predikant baie gemis. In 1778 het die vooraanstaande inwoners van die Kamdeboo in 'n smeekskrif gekla dat hul kinders soos stomme vee opgroei, dat die oueres on-Christelik ontaard en dat almal die seën en troos van die kerklike Nagmaal baie mis. Baie mense het gevrees dat hierdie verste burgers op die grense

heeltemal gaan ontaard en verwilder. Maar hul kragtige rassetrots het dit verhoed. Hulle het 'n streep getrek tussen *Christen* en *heiden* en dit het ontwikkel tot *blank* en *gekleurd.* Daarom kon hulle hul teen die inboorlinge sedelik handhaaf en hulle bloed suiwer hou. As gelowige Christen en Calvinis het elke pa sy plig teenoor sy huisgesin nagekom . Met die Bybel, 'n psalmboek en 'n predikasieboek het hy gereeld huisgodsdiens gehou. Hy het dit ook as 'n plig gevoel om sy kinders te leer lees of te laat leer lees. Daarom het ongeletterdheid maar baie selde onder hierdie eenvoudige grensbewoners voorgekom, terwyl dit in daardie tyd in baie Europese lande nog taamlik volop was.

Buitestaanders se menings oor die grensboere

Goewerneur Van Plettenberg het na sy binnelandse reis van 1779 melding gemaak van die verste boere se goeie eienskappe. Hy het hulle *meestal zedig en redelyk welonderleid* genoem. Maar 'n bevooroordeelde buitelandse besoeker, soos die vyandiggesinde John Barrow, wat nie hulle taal verstaan het nie, kon nie hul lewensomstandighede begryp nie. Tydens sy besoeke, is hy met vriendelike gasvryheid oorlaai, maar hy het hulle van wreedheid, luiheid en onsindelikheid beskuldig. Ander waarnemers soos dr Heinrich Lichtenstein, wat ook in die binneland gereis het, het die boere verdedig teen die "skreiende onreg" wat Barrow hulle aangedoen het. Hy sê hy was verras om in die binneland so 'n beskawing te vind en hy roem die grensbewoners se mensliewendheid, opregtheid, openhartigheid, gasvryheid en hulle godsdienssin.

Elke seun het sy eie geweer besit.. Daarmee het hy nie net wild gejag nie, maar vir sy pa gehelp om die plaas

te verdedig teen Boesman-strooptogte en Bantoe-aanvalle. Die boere het kommando's saamgestel om die vyand te beveg. Die regering het dit goedgekeur en hulle van kruit en lood voorsien.

Die ontwikkeling van 'n nasionale bewussyn

Die verspreiding van die veeboere gedurende die 18e eeu het van hulle geharde Afrikaanse baanbrekers gemaak. Hulle het met selfstandigheid en handigheid self in hulle min behoeftes voorsien. In hulle gesamentlike stryd om voort te bestaan, het daar by hulle die wete ontwikkel dat hulle apart van die ander volke bymekaar hoort en dat hulle as blanke Christene hulself teenoor die gekleurde heidene moet handhaaf. Hul nasionale bewussyn het maar baie klein begin toe hulle as *Vryburgers* 'n stukkie grond ontvang het om daarop te boer. Dit het begin groei toe hulle as *Koloniste* by hulle veeposte die grense van hul veeplase al verder verskuif het. Dit het al helder gebrand toe hulle as *Voortrekkers* die Engelse juk afgeskud het en die wawiele noordwaarts laat rol het na die vryheidslig wat voor in die wapad brand . As *Boere* van die Vrystaat en Transvaal, wat die grypsug van die Engelse wêreldmag moes trotseer, het dit al sterker gebrand, totdat hulle uiteindelik as gelouterde *Afrikaners* hulle land, waarvoor hulle soveel gely en gestry het, in besit kon neem.

Indien jy in die laaste helfte van die 18e eeu kon luister hoe hulle met mekaar gepraat het, sou jy gehoor het hoe die Nederlandse taal stadigaan besig was om te verander in die helder klank van *Afrikaans.* Dit was die geboorte van 'n nuwe volk, met 'n eie taal in 'n nuwe land, *Suid-Afrika.*

7
Die stryd teen onreg duur voort

Nadat die koloniste in 1706 van Willem Adriaan van der Stel en sy amptenarekliek ontslae geraak het, was hulle ‘n rukkie tevrede met die verbeterings wat aangebring is. Maar met die latere uitbreiding van die Kolonie het die Kompanjie nie tred gehou met die behoeftes van die landbouers en veeboere nie Vir die Here 17 was die Kaap nog maar net ‘n verversingstasie vir die gerief van die Kompanjie wat met die Ooste handelgedryf het. Die belange van die koloniste het maar min getel. Die Kompanjie het deur die jare heen maar die alleenhandelaar aan die Kaap gebly. Hy het aan die boere veels te min vir hulle produkte betaal. Alhoewel die amptenare aan die Kaap belet is om self te boer en met die skepe handel te dryf, het dit maar steeds voortgegaan. Dit het gepaard gegaan met korrupsie en afpersing van die boere.

Gedurende die lang tyd wat die Kompanjie die Kaap besit het, het die koloniste nooit enige sê in die regering van die Kaap gehad nie. Die Kolonie is regeer deur ‘n Politieke Raad. Die goewerneur was die voorsitter van die Raad. Die Here 17 het soms ‘n kommissaris na die Kaap gestuur. Hy kon bevele uitreik aan die goewerneur.

Net die Kompanjie se amptenare aan die Kaap het sitting gehad op die Politieke Raad. Geen Vryburger was ooit lid van die Raad nie. Die amptenare op die Raad het maar voortgegaan om die handel te monopoliseer en die koloniste uit te sluit. Die Here 17 het daarvan geweet. Hulle wou die korrupsie en wanpraktyke beveg deur ‘n onafhanklike fiskaal aan te stel wat ‘n ogie oor die sake

van die Kaap moes hou. Die fiskaal was sy eie baas en hy kon doen net wat hy wou.

Die wanpraktyke van Willem Boers

Dit het ‘n rukkie goed gegaan totdat hulle vir Willem Cornelis Boers aangestel het. Die enigste mark wat die boere vir hulle produkte gehad het, was die Kompanjie self. Boers het hulle gedwing om kwitansies te onderteken vir bedrae wat baie hoër was as die pryse wat aan hulle vir hul produkte betaal is. ‘n Paar boere het geweier om dit te doen. Toe hulle weer hulle graan bring, wou die Kompanjie dit nie koop nie. Die gehalte daarvan was kastig te laag. Dis hoe Boers hulle gestraf het omdat hulle dit gewaag het om hom teë te gaan.

Boers het begin om heffings te vorder op alles wat die koloniste gedoen het. Hulle moes skielik een Kaapse gulden aan die Fiskaal betaal vir elke 45 kg meel, beskuit of vet of vir elke sak koring of gars wat hulle aan vreemde skepe verkoop het. Hy het ook nog die kassier opdrag gegee om ‘n ekstra half persent van alle gelde terug te hou wat aan boere betaal is vir prudukte wat hulle gelewer het. Dit was bo en behalwe ‘n 10% heffing wat reeds vir die Kompanjie afgetrek is.

Daarna stel Boers nog verdere heffings in van 6 riksdaalders per jaar op mense wat skuite aangehou het en ook op mense wat tente langs die strand opgeslaan het om eetware te verkoop Die koloniste het naderhand nie meer geweet watter heffings geldig is en watter maar net in die sakke van Boers en die amptenare verdwyn nie.

Die Fiskaal het ook reg gehad om vir klein oortredings boete op te lê. Dit moes nie 200 riksdaalders oorskry nie. Fiskaal Boers het toe begin om boetes op te lê van 1 200, 1 500 en selfs 5 000 riksdaalders. Hy het een keer in een

of ander regtelike beslissing ‘n burger, Jan Jurriaansz, met 5 000 riksdaalders beboet en hom’n bewys laat teken dat hy dit aan Boers self skuld.

Volgens hom was die Kompanjie se amptenare die eerste, vernaamste en noodsaaklikste persone in die samelewing. Die koloniste het geen bestaansreg nie, vergeet nog van enige reg om handel te dryf.

Boers se vergrype en buitensporighede het al hoe erger geword . Hy het een keer gebots met ‘n burger, Carel Buitendach, teen wie hy ‘n grief gekoester het . Hy het in Januarie 1779 vir Buitendach met geweld uit sy huis laat verwyder en sonder enige verhoor na Batavia verban.

Die burgers kom in opstand

Dit was die laaste strooi. Die burgers het vergaderings gehou en ‘n klagskrif opgestel en hierdie “burgerpetisie” self in Holland gaan aflewer. Die Here 17 het in 1782 nog nie uitspraak oor hulle klagtes en versoeke gegee nie. Daarna het hulle weer ‘n “nadere versoekskrif” ingedien om die oorspronklike petisie aan te vul. Die Here 17 het in 1785 eers so ver gekom om uitsluitsel te gee oor al die klagtes, versoeke en voorstelle in die burgers se twee petisies. Daar het nie veel van gekom nie. Maar toe Boers se ontslag weens die klagtes teen hom onderhewig gemaak is aan ‘n borgtog van 5 000 riksdaalders, het hy gou sy bedanking ingedien onder “partikuliere omstandig-heden.” Die Here 17 het later hierdie straf opgehef. ‘n Paar ander amptenare, soos majoor Van Prehn, hoof van die milisie aan die Kaap, en die ekwipasiemeester, Damien Hugo Staring, Boers se intieme vriend, wat deur die burgers “die bloedsuier”

genoem is, het ook onverwyld hulle bedankings ingedien en na Nederland teruggekeer.

Eerste botsing met die Kôsas

Die koloniste in die twee oostelike distrikte se probleme het toegeneem toe hulle in 1778 vir die eerste keer by die Visrivier teen die Bantoes te staan gekom het. Die groot Kôsa-stam het baie vee aangehou. Hulle het baie min geplant en gesaai. Hulle het ook soos die Boesmans wild gejag, net om die velle in die hande te kry. Hulle vee het hulle van vleis voorsien. Daarom het hulle met begerige oë na die boere se troppe vee aan die oorkant van die Visrivier gekyk. Hulle was gewoond om alles wat hulle wou hê, met geweld te vat. Die sterkste man moet baas wees en hy moet kan doen net wat hy wil. Die stam is deur kapteins regeer. Hulle het met werp- en steekassegaaie geveg.

Die veediefstalle het gedurende 1778 langs die Vis- en die Boesmansrivier so toegeneem, dat sommige van die boere hul plase moes verlaat. Nadat goewerneur Van Plettenberg met hulle kaptein, Kobe, gaan mooipraat het en hulle beloof het om nie weer oor die grens te kom nie, het die rooftogte, moorde en veediefstalle só toegeneem, dat die Kaapse Politieke Raad verplig was om die boere toestemming te gee om die Swartes te gaan straf. Hulle het ‘n kommando saamgestel onder Adriaan van Jaarsveld as kommandant.

Onderwyl hulle langs die Visrivier gereedmaak om op te trek, kom vra ‘n klomp gewapende Swartes asseblief pruimtabak. Van Jaarsveld het hulle nie vertrou nie. Hy het ‘n paar rolle tabak gekerf en dit rondgestrooi. Toe die Kôsas daarop toesak, het hy die burgers beveel om te

skiet. ‘n Klomp het gesneuwel en die res het ylings weggevlug.

Die filantroop Mauritz Woeke

Van Jaarsveld het met sy kommando van 1779 tot 1781 die Suurveld tussen die Vis- en die Boesmansrivier skoongevee van die Kôsas en baie van hulle geroofde vee teruggebuit. Die boere was besig om die stryd teen hulle nuwe vyand te wen. Maar toe stel goewerneur Van Plettenberg in 1785 vir Mauritz Woeke aan as landdros van Graaff-Reinet.

Woeke het opdrag gekry om al die Kôsa-kapteins te besoek en hulle vriendskap met allerhande presentjies te koop. Hy moes ook sorg dat die boere nie oor die Visrivier trek nie. Hulle het hulle nie daaraan gesteur nie en die Swartes nog minder. In Maart 1789 het ‘n groot aantal Kôsas die Suurveld binnegestroom. ‘n Aantal boere moes daar uitvlug. Baie van hul vee het in die slag gebly Van Jaarsveld was magteloos, want sonder Woeke se toestemming het hy geen reg gehad om weer ‘n kommando op te roep om die barbare te verdryf nie.

Die filantroop Maynier se wanbestuur

Om alles te kroon het Woeke in Graaff-Reinet ‘n sekretaris gekry met die naam Honoratius Maynier. Hy was ‘n filantroop wat geglo het dat die Swartes onskuldige natuurkinders en edele barbare was.

Toe die rooftogte te erg word, stel Van Jaarsveld weer ‘n kommando saam en keer die stropers teen die walle van die vol Visrivier vas. Maar toe ontvang hy ‘n dringende bevel om die kommando te ontbind, sonder dat daar ‘n enkele skoot op die indringers gevuur is.

Goewerneur Van de Graaff het daarna vir Woeke en Maynier na die grens gestuur om die Kôsas te paai met presentjies soos krale en stukkies geelkoperdraad. Die Kaapse regering en die amptenare het glad nie die aard en temperament van hierdie swart barbare geken nie. Hulle is toegelaat om wes van die Visrivier te bly woon, sodat daar na 1789 nie weer ‘n duidelike oosgrens soos in 1781 bestaan het nie.

Die Kaapse regering het hom na 1789 glad nie meer aan die toestand op die oosgrens gesteur of oor die behoeftes en veiligheid van die grensboere bekommer nie. Die VOC (die Kompanjie) was bankrot. Die handel met die Ooste het nie meer die groot winste van die 17e eeu gelewer nie. Aan die Kaap het die amptenare die bankrotskap aangehelp deur kwistig geld te mors en deur woekertransaksies hulle eie sakke te vul.

Holland is in die Napoleontiese oorloë deur die Franse en Engelse aanvalle so verswak dat hy nie die Kompanjie se Kaapse besitting meer kon beskerm nie. Daarom het die boere in die binneland se belange vir hulle geen saak meer gemaak nie. Hulle het geen mark vir hulle produkte gehad nie en het geen reg gehad om die Swartes te straf vir al die plundertogte en moordaanvalle nie. Maynier het vir Woeke in 1793 as landdros in Graaff-Reinet opgevolg. Hy het gesê: “Die Swartes is in hulle nauurlike en onbedorwe toestand die toonbeeld van onskuld en deug.”

Teen 1793 het daar alreeds ‘n groot aantal Kôsas wederregtelik aan die westekant van die grens tussen die boere ingedring. Maynier, die nuwe landdros, se ore was doof vir die boere se klagtes. Die Kôsas het die hele landstreek tussen die Swartkops- en die Visrivier beset. Hulle het baie vee gebuit, plaashuise afgebrand, ‘n aantal boere en bediendes vermoor en 120 plase verwoes.

Maynier het die boere belet om teen die Kôsas op te tree. Hy het tussen hulle gaan rondry en probeer om vrede te maak. Die Kôsas het nie weer oor die Visrivier teruggetrek nie en die veediefstalle het toegeneem. Al hulp wat die Kaapse regering aan die boere kon gee, was dat Maynier weer die Swartes se vriendskap met presentjies moes gaan koop.

Die Kôsa-inval van 1793 was die laaste strooi op die gemoedere van die inwoners van Graaff-Reinet en Swellendam. Toe steek korrupsie ook weer kop uit onder landdros Maynier. Hy het kwitansies vervals en homself ten koste van die arm burgers verryk. Hy het 'n baasspelerige houding teenoor hulle aangeslaan. Hy het vir hulle gesê hy is nie net die landdros nie, maar ook die weesmeester en die vendusiemeester. Hy is die koning van Graaff-Reinet. Hy sê, Woeke kon nie doen wat hy wou nie, maar hy, Maynier, sal doen net wat hy wil. Hy sal die vlerke van die Patriotte knip, al moet hy dit deur die heidene laat doen.

Graaff-Reinet en Swellendam skei af

Die Graaff-Reinetters het op 29 Januarie 1795 'n petisie teen Maynier opgetrek . Hulle het op 6 Februarie 'n stormagtige vergadering gehou. Hulle het Maynier aange-sê om die drosdy onmiddellik te verlaat en het twee heemraadslede en 'n burgeroffisier wat met Maynier bevriend was, saam met hom Kaap toe "gepos." Daarna het hulle onder leiding van Marthinus Prinsloo vir hulle 'n eie regering van sewe persone saamgestel. Hulle het ook hul eie landdros, sekretaris en bode aangestel en vir Adriaan van Jaarsveld as hulle president gekies.

Die inwoners van die ander distrik, Swellendam, het die voorbeeld van die Graaff-Reinetters gevolg. Sestig

gewapende manne het onder hulle "selfverkose nasionale kommandant," Petrus Delport, die drosdy van Swellendam beset en die landdros, Anthonie Faure, en drie heemraadslede verplig om hulle ampte neer te lê. Delport hulle het ander administratiewe beamptes aangestel. Daarna het hulle vir hulle 'n raad, genoem die "Nasionale Konvensie," onder voorsitterskap van Hermanus Steyn saamgestel.

Die burgers van albei distrikte het alle bande met die Kaapse regering en die Kompanjie verbreek. Hulle wou nie twee onafhanklike republieke stig nie, maar wou hulle graag onder die gesag stel van Holland se regering, die Stategeneraal.

Maar die vryheid van die burgers van hierdie twee distrikte was van korte duur. Die Engelse het in 1795 die Kaap verower. Daarmee het die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie oor die Kaap van Goeie Hoop geëindig.

8
Die Engelse roof die Kaap
Die VOC se swanesang

In 1785 het luitenant-kolonel Jacob van de Graaff vir Joachim van Plettenberg as goewerneur opgevolg. Gedurende sy bewind aan die Kaap het die uitgawes van die VOC so reusagtig toegeneem weens sy buitensporige verkwisting en dié van die ander amptenare, dat hulle hom in 1791 teruggeroep het na Holland . Die Kompanjie het onder 'n enorme skuldelas gebuk gegaan en het 'n gewisse bankrotskap en ondergang in die gesig gestaar. Die Here 17 het twee kommissarisse, Nederburgh en Frykenius, na die Kaap gestuur. Hulle het probeer om verbeteringe aan te bring, maar al hulle pogings was blote lapwerk. Hulle het in 1793 na Batavia vertrek en die bestuur van die Kaap oorgedra aan Abraham Sluysken, 'n hooggeplaaste amptenaar. Hy moes red wat daar nog te redde was, te midde van die beroeringe wat in die oostelike distrikte gewoed het.

Die Kaap word Engels

Die Britte het lank reeds met begerige oë na die Kaap gekyk. Gedurende die Amerikaanse Vryheidsoorlog het die vinnige optrede van 'n Franse vlooteskader verhoed dat die Kaap in Engelse hande val. Na die oorlog het Holland sy bondgenootskap met Engeland weer hernu. Daarna is hy stadigaan fyngemaal in die Frans-Britse tweestryd. Toe dit naderhand lyk of Holland óf 'n kolonie van Engeland óf van Frankryk gaan word, val die nuwe republikeinse Frankryk die Brits-Nederlandse bondgenootskap aan. 'n Reuse Franse leër het die grens oorgesteek op pad na Amsterdam en Den Haag. Holland het op 16 Mei 1795 oorgegee en 'n vasaalstaat van Frankryk geword, met die naam *Die Bataafse Republiek.* Prins Willem van Oranje het na Engeland gevlug en gaan vra dat hulle tog asseblief die Kaap moet gaan beskerm teen 'n moontlike Franse besetting daarvan.

Die Engelse het dit met groot plesier gedoen, want hulle het lankal die waarde van die Kaap besef. Met 'n brief van Willem van Oranje aan Abraham Sluysken om die Kaap aan die vriendelike Engelse te oorhandig, het admiraal Elphinstone in Junie 1795 met 6 000 troepe aan boord onder generaal Craig, in Simonsbaai anker gegooi. Kommissaris Sluysken het probeer om die Kaap te verdedig, maar sy twee senior militêre offisiere, kolonel Robert Gordon en die lafhartige luitenant-kolonel De Lille, het 'n fiasko van die verdediging gemaak. Die Kaap is deur die seëvierende Britte geannekseer.

Die Engelse en die Kaapse bevolking

Die groeiende aantal Kaapse Kleurlinge - kruisings tussen Hottentotte en slawe - was nie veel gepla deur die koms van die Engelse nie. In Kaapstad self was baie van die inwoners en ook die meeste amptenare van die Kompanjie ten gunste van die Prins van Oranje. Hulle was selfs pro-Brits, op grond van hul eie belange. Hulle het in Kaapstad en sy hinterland, die Boland, met hulle gesigte na die see geleef. Hulle bestaan was van die skeepsverkeer afhanklik. Daarmee het hulle kontak met die buitewêreld gehou. Hulle het Hollands gepraat, maar hulle het kosmopolities geword deur hulle gereelde kontak met Nederlandse, Franse en Britse besoekers. Hulle het nie vasgegroei aan hulle omgewing soos die

binnelanders nie. Daarom het hulle die koms van die Engelse feitlik verwelkom.

Die derde groep inwoners van die Kolonie was die veeboere in die binneland. Hulle het nie veel kontak met die buitewêreld gehad nie. Hulle was besig om die land vir hulself mak te maak in hulle voortdurende stryd teen die natuur, die Boesmans en die Kôsas. Hulle het die Engelse van die begin af as indringers beskou, wat hulle hul vryheid ontneem het.

Swellendam word onderwerp

Onderwyl hulle in Swellendam en Graaff-Reinet besig was om die knellende juk van die Hollandse Kompanjie finaal van hul skouers af te werp, het die Engelse met 'n veel meedoënloser een in Kaapstad aan wal gestap. Al die inwoners van die Kaap moes die eed van getrouheid aan die Engelse koning aflê. Die westelike distrikte se inwoners het dit gedoen, maar die burgers van Graaff-Reinet en Swellendam was glad nie geneë om die vryheid wat hulle pas verwerf het, aan die Engelse af te staan nie. Die burgers van Swellendam het egter na oorweging maar besluit om toe te gee, op enkele uitsonderings na. Een van hulle was hulle verkose nasionale kommandant, Petrus Delport. Die Engelse goewerneur Macartney het hom na Holland verban.

Graaff-Reinet in opstand

In Graaff-Reinet was die weerstand teen die Engelse besetting veel groter as in Swellendam. Generaal Craig het 'n sekere Bresler as hulle nuwe landdros na hulle gestuur. Toe hy die Engelse vlag hys, het die burgers hom neergehaal en weer die Nederlandse vlag gehys. Hulle het geweier om die eed van getrouheid af te lê.

Hulle het vir Bresler na Kaapstad teruggestuur. Toe Bresler in die Kaap aankom, het hy al die skuld vir die opstandigheid van die burgers op Graaff-Reinet se distriksgeneesheer, dokter Jan Woyer, gepak. Daarna is Woyer voëlvry verklaar. Hy het gevlug. Hy het in 'n Deense skip vanaf Algoabaai na Batavia ontsnap en die Hollandse goewerneur-generaal omgehaal om hulp vir die Graaff-Reinetters te stuur. Die goewerneur het 'n brik, *Het Haasje,* vol wapens en ammunisie en 8 kanonne laat laai en onder bevel van Jan de Freyn suidwaarts gestuur. 'n Kwaai storm het die skip in Delagoabaai laat skuiling soek. Daar het die Portugese hom verraai. Hulle het vir die bemanning van die Engelse skip, *Hope,* gehelp om sy bemanning gevange te neem.

Intussen was die Graaff-Reinetters nog opstandig genoeg om hulle "*eed voor de Stategeneraal*" te hernu. Hulle was glad nie van plan om onder die Britse juk te swig nie Hulle het gedink dat hulle in staat sou wees om vry van die Britse bestuur te bly. Toe het generaal Craig die vervoer van wapens, ammunisie en alle lewensmiddele na Graaff-Reinet afgesny. Daarsonder kon hulle op die oosgrens nie leef nie en het toe maar besluit om hulle aan die kroon van Engeland te onderwerp.

Die arrogante John Barrow

Die Engelse het vir Frans Bresler weer as landdros in die drosdy van Graaff-Reinet geplaas. Goewerneur Macartney het hom oosgrens toe gestuur om die toestand daar te gaan ondersoek. Hy het vir John Barrow saamgestuur om hom te help. John het oorgeloop van die grootste vooroordeel en minagting vir die grensboere. Hy het nie hulle taal verstaan nie. Volgens hom, kon hulle maklik met Chinese landbouers vervang word.

Nadat hy ‘n draai saam met Bresler tot aan die Keiskamma gemaak het, het hy genoeg slegmaak-materiaal versamel gehad vir sy boek *Travels into the Interior of Southern Africa.* Dit is vol halwe waarhede, verdigsel en leuens. Die gesagvoerders het hom egter geglo, nie net in die Kaap nie, maar ook in Engeland waar sy stories verkoop is. Hy het die goewerneurs se optrede teen die Kôsas en die grensboere oor ‘n lang tydperk bitter nadelig beïnvloed. Dit het geduur tot in die Bataafse tydperk, toe De Mist onder Barrow se invloed beveel het dat daar sagkens met die “onskuldige natuurkinders” te werk gegaan moes word.

Graaff-Reinet weer in opstand

Die gedwonge “vrede” het nie lank in Graaff-Reinet geduur nie. Dit het ekonomies baie moeilik met die burgers hier op die oosgrens gegaan. Hulle het nie ‘n mark of afsetgebied vir hulle produkte gehad nie en die plundertogte van die Swartes het hulle geruïneer. Om te oorleef, het hulle begin om belastings te ontduik, want hulle het geen geld gehad nie. Adriaan van Jaarsveld het agterstallig geraak met die betaling daarvan. Die owerheid het beweer dat hy ‘n kwitansie vervals het en hom voor die geregshof gedaag. Hy het nie gegaan nie. Op 17 Januarie 1799 het hy niksvermoedend op Graaff-Reinet aangery gekom, toe landdros Bresler hom in hegtenis neem. Hy is die volgende môre Kaap toe gestuur, vergesel van ‘n sekere Oertel, die distrik-sekretaris en drie soldate. Sy vriend, Mathinus Prinsloo, het daarvan gehoor en gou ‘n perdekommando van 40 man by Bruintjieshoogte bymekaar gemaak en vir Oertel agternagesit en hulle op 21 Januarie ingehaal. Hulle het Van Jaarsveld bevry en hom na Graaff-Reinet teruggeneem, terwyl Oertel en sy drie soldate hul reis na Kaapstad voortgesit het. Bresler het toe ‘n benoude tydjie in Graaff-Reinet deurgemaak.

Goewerneur Dundas het op 17 Februarie 1799 ‘n troepemag onder bevel van generaal Vandeleur van Kaapstad af na Graaff-Reinet laat opruk, om die opstandelinge te gaan straf. Hy het nog ‘n tweede mag by Algoabaai laat land, om daarvandaan na Graaff-Reinet te marsjeer Toe Prinsloo se kommando wat intussen tot 160 aangegroei het, van die oormag verneem wat teen hulle opruk, het hulle maar vergiffenis vir hulle opstand gevra en hulle onvoorwaardelik onderwerp en hulle wapens by Bruintjieshoogte neergelê.

Die meeste van die burgers is met klein boetes gestraf, maar Van Jaarsveld en Prinsloo en 16 van die manne is na Kaapstad geneem en in die kasteel opgesluit. Adriaan van Jaarsveld en Marthinus Prinsloo is tot die dood veroordeel. Van die ander manne is verban en twee het ‘n paar jaar tronkstraf gekry. Die regering het probleme ondervind om die twee doodvonnisse te bekragtig en het toe sommer maar vir Van Jaarsveld en Prinsloo in die donker gat in die kasteel opgesluit. Die bittere ontbering en foltering het vir Adriaan van Jaarsveld te veel geword. Hy het na ‘n noodlottige val daaronder beswyk en gesterf.

Die ewige Maynier

Maar die “Boors” moes nog verder gestraf word. Daarom is geen ander kreatuur as Honoratius Maynier weer oor hulle aangestel nie! Daarna is ‘n klomp Hottentotte bymekaargemaak en bewapen om Maynier by te staan. Om die burgers verder te terg, is hulle kerk as onderdak aan hierdie pandoers gegee.

Toe Vandeleur met sy troepemag na Bruintjieshoogte marsjeer het om die Graaff-Reinetters te gaan onderwerp, het daar ‘n klomp Hottentotte langs die pad by sy troepe aangesluit. Vandeleur het hulle ontwapen, want hulle het gewere gehad. Maar hy het hulle toegelaat om by sy troepe te bly. Hulle het die Engelse egter nou gewantrou. Hulle het almal na die Kôsas toe weggeloop om met hulle saam te span teen die Blankes.

Op Vandeleur se terugreis na Kaapstad, is hy deur ‘n Kôsa-hoof aangeval wat gedink het die Engelse gaan hom oor die Visrivier terugdryf. Die ontstoke Vandeleur wou hieroor die Kôsas ‘n deeglike les leer. Maar die gesagvoerders in Kaapstad was volkome onder invloed van Maynier en Barrow, wat vir hulle wysgemaak het dat al die onluste veroorsaak is deur onderdrukking, onreg en tergery deur die Blankes. Vandeleur het opdrag gekry om nie die Swartes aan te val nie, maar om die toestand te red deur ‘n versoenende houding, met geskenke en allerlei beloftes.

Daarna het die Kôsas in 1801 die hele suidelike Graaff-Reinet oorstroom en verskriklike verwoesting aangerig. Goewerneur Dundas het in Augustus noodgedwonge self op die oosgrens verskyn. Saam met hom was Honoratius Maynier. Hulle het die Kôsas oorreed om verdere plundering te staak deur presentjies uit te deel en met die belofte dat hulle maar in die Suurveld kon bly.

Maynier is toe aangestel as resident-kommissaris van albei distrikte. Hy is met ‘n paar dragonders en Hottentot-soldate in Graaff-Reinet agtergelaat . Hy moes sorg dat die boere die Hottentotte baie goed beandel en dat hulle nie die veerowers gewapend agtervolg nie.

In Oktober1801 was daar gerugte dat die regering die boere as soldate wil oproep. In die chaos wat gevolg het, het hulle die gehate Maynier in sy drosdy gaan beleër en sterkbewoorde petisies teen hom opgetrek. Majoor Sherlock is met ‘n troepe-afdeling na Graaff-Reinet gestuur en Maynier is na Kaapstad teruggeroep, waar hy vrygespreek is en weer in ‘n ander pos aangestel is.

Groot ellende aan die oosgrens

Maynier was nou weg, maar die probleme aan die oosgrens was nog daar. Die boere was erg gedemoraliseer. Hulle kon nie hulle gesinne verlaat om op kommando te gaan om die stropers te gaan straf nie. Die distrikte het soos ‘n verowerde land gelyk. Honderde huise en plase het afgebrand gelê en die Kôsas het uitgebreide dele van die blanke gebied in besit geneem. Baie boere is al verder weswaarts gedwing en het met hul huisgesinne en vee ‘n rondswerwende bestaan begin voer.

Nie een van die vier Engelse goewerneurs wat die Kaap gedurende die eerste Britse besetting vanaf 1795 tot 1803 regeer het, het iets gedoen om die boere se beproewings op die oosgrens te verlig nie. Generaal Craig, graaff Macartney, Francis Dundas en sir George Yonge het hulle laat lei deur persone soos Maynier en Bresler. Hulle het voortgegaan om die gruwelike onreg wat reeds meer as ‘n eeu al teenoor die wordende groepie Afrikaners gepleeg is, voort te sit, deur hulle nie te beskerm teen die invalle van die swart barbare op die grens nie. Die ergste van alles was dat hulle boonop ook nog belet is om hulle self te beskerm.

9
Die Kaap word weer Hollands

Die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie is in 1798 ontbind, drie jaar nadat die Engelse die Kompanjie se Kaapse besitting oorgeneem het. Intussen het daar 'n verposing gekom in die oorlog tussen Frankryk en Engeland deur die voorlopige ooreenkoms van Londen in 1801. Daarvolgens sou Holland al die kolonies wat Engeland van hom verower het, terugkry. Op 28 Maart 1802 is die Vrede van Amiens geteken , wat die Kaap die Goeie Hoop weer in Hollandse besit gestel het. Die regering van die Bataafse Republiek (Holland) het daarna vir kommissaris-generaal JA de Mist gestuur om die Kaap by die Engelse te kom oorneem en 'n behoorlike regering en administrasie in te stel. Daarna moes generaal JW Jansens oorneem as goewerneur.

De Mist het op 21 Februarie 1803 die Hollandse driekleur by die Kasteel gehys. Sy werk aan die Kaap, waartydens hy die regering op 'n gesonde grondslag geplaas het, het twee jaar geduur. Die Kaap was nou feitlik 'n provinsie van Holland en kon veel beter uit die moederland bestuur word, as uit Batavia, soos wat die Oos-Indiese Kompanjie gedoen het.

Daar het in 1803 ongeveer 22 000 Blankes, 25 000 slawe en 10 000 Hottentotte in die Kolonie gewoon. Die blanke bevolking was oor 'n uitgestrekte gebied versprei. In die Kaapse distrik was daar 6 261, in Stellenbosch se distrik 7 256, in Swellendam 3 967 en 4 262 in Graaff-Reinet.

Die Goewerneur en Politieke Raad

Vir hierdie bevolking wou De Mist 'n regering en administrasie instel wat by hulle behoeftes sou pas. Aan die hoof van die regering sou daar weer 'n *Goewerneur* wees, gesteun deur 'n *Politieke Raad.* Die goewerneur mag nie 'n outokraat wees wat sy mag misbruik nie. Hy word verbied om geskenke aan te neem. Hy moet altyd voorsitter wees van die Politieke Raad, wat hom nie mag oorstem nie. Die oewerneur moet die openbare godsdiens eerbiedig en beskerm. Hy moet die opvoeding bevorder deur kundige en geskikte skoolmeesters oor die hele Kolonie te versprei. Daar moet toegesien word dat die meesters hulle pligte nakom. Uit die buiteland moet nuttige skoolboeke, almanakke en koerante binne bereik van die koloniste gebring word.

Die Raad van Justisie

Vir die regering het De Mist weer 'n *Raad van Justisie* ingestel. Die Fiskaal is as openbare aanklaer vervang deur 'n *Prokureur-generaal.* Die misbruike is afgeskaf. Die Raad sou as regterlike gesag volkome onafhanklik optree.

Kaapstad sou 'n *Munisipale Raad* kry, gesteun deur 'n *Gemeenteraad,* wat vir die uitvoering van 'n groot aantal pligte verantwoordelik was.

Nuwe distrikte

Vir die vestiging van groter orde en rus en vir die beskerming van die buitedistrikte, het De Mist Graaff-Reinet in twee landdrosdye verdeel. Hy het met die suidelike deel, saam met 'n gedeelte van Swellendam, 'n nuwe distrik, Uitenhage gevorm. Die noordelike deel van Stellenbosch het hy afgesny in die distrik Tulbach.

Die landdroste en heemrade

Om te verseker dat wet en orde in die buitedistrikte gehandhaaf word, het hy die bestuur oor elke distrik opgedra aan ‘n *landdros,* bygestaan deur ‘n paar burgers as *heemrade.* Elke distrik is verdeel in ‘n aantal *veldkornetskappe.* Die landdros en heemrade sou hulle bevele van die goewerneur en die raad ontvang. Die landdros moet sorg vir die beskerming van alle persone, eiendomme en besittings. Hy moes ook die bloei en welvaart van vrede met die Bantoes en Hottentotte bevorder. Hy moes die boere bystaan met raad en leiding in die landbou en veeteelt. Hy moes misdadigers voor die Raad van Justisie laat aankla. Hy moes die slawe teen hul base beskerm en omgekeerd. Ten slotte moes hy sorg dat die openbare godsdiens in die kerke in sy distrik nie versteur word nie.

Die landdros en heemrade was ook saam verantwoordelik vir die reëling en oplossing en beslegting van huweliksake, die geldmiddele van die distrik, geskille oor landerye, die skut van vee en die hou van vendusies. Hulle kon ook uitspraak gee in gedinge oor sake wat nie bokant 300 riksdaalders gegaan het nie. Verder moes hulle sorg vir die aanlê en die onderhoud van paaie en strate, vir goeie mate en gewigte en kontrole uitoefen oor die bakkerye en slagterye op die dorpe.

Om die landdroste en heemrade by te staan, is die groot buitedistrikte in veldkornetskappe verdeel. Die veldkornette het in hul afgeleë wyke baie van die kleiner verpligtinge van die landdros oorgeneem. Die veldkornette was as militêre offisiere van baie groot betekenis.

Die godsdiens

De Mist was oortuig daarvan dat godsdiens *beschaving, verlichting* en *deugd* bevorder. Hy het in 1804 sy Kerkorde uitgevaardig waarvolgens die kerklike aangeleenthede aan die Kaap gereël sou word. Daar volgens sou alle kerkgenootskappe gelyke beskerming van die wet geniet. Die regering laat elke kerkgenootskap vry om sy eie besonderse leerstelsel te verkondig, mits dit nie skadelik vir die staat bevind word nie. Die goewerneur hou toesig oor die bestuur en oor kerkfondse. Vir die buitedistrikte, waar feitlik almal lidmate was van die Nederduits Gereformeerde Kerk, verskaf en besoldig die regering die predikante, wys hulle standplase aan en verplaas hulle van die een na die ander plek.

Die mag van die kerk is deur De Mist se Kerkorde ondergeskik aan dié van die staat gestel . Hy het ook die onderwys onder staatsbeheer geplaas en los van die kerk gemaak.

Die onderwys

De Mist sowel as Janssens het op hulle uitgebreide reise deur die Kolonie kennis gemaak met die onderwysbehoeftes van die koloniste in alle dele van die land. De Mist het besef dat ‘n algehele hervorming daarvan dringend noodsaaklik was. In die buitedistrikte het die onderwys bestaan uit wat die kerklike sentrums kon aanbied. Dit is hier en daar ook sporadies deur gehuurde skoolmeesters verskaf.

De Mist het ‘n memorie oor die onderwys opgestel, getitel: *De Schoolorder voor de Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop.”* In hierdie Skoolorde dra hy die bestuur van die onderwys op aan ‘n Kommissie van Skolarge van 7 lede. Hulle sou deur die regering en die

kerk gekies word. Hulle hooftaak sou wees om bekwame onderwysers uit Nederland te kry en iemand te vind wat aan die Kaap 'n kweekskool vir die opleiding van onderwysers kon kom oprig. Die opleiding sou 5 jaar duur. Die Orde het ook voorsiening gemaak vir die oprigting van aparte kos- en dagskole vir seuns en dogters in Kaapstad.

Vir die 19e eeu was die bepalings van De Mist se Skoolorde vir die Kaap rewolusionêr. Dit staan in die teken van staatsbemoeiing met die nasionale of volksonderwys. Dit onttrek die onderwys aan die gesag en regstreekse invloed van die kerk. Dit vervang die Calvinistiese beginsels met dié van die humanisme. Dit beteken die verwêreldliking van die onderwys.

Die enigste inrigting wat onder die Skoolorde tot stand gekom het voordat die Kaap weer in Engelse hande oorgegaan het, was die skool vir meisies in Kaapstad en 'n skool in die Paarl, wat egter ook nie lank bestaan het nie.

Ekonomiese aangeleenthede

Nadat De Mist die Kolonie deurreis het, het hy besef dat die grondslag van die ekonomiese lewe aan die Kaap net op die graan- en wynbou en veeteelt berus het. Hy het in Mei 1804 'n Kommissie van Veeteelt aangestel wat ter wille van wolproduksie die boere moes omhaal om met mofskape te boer in die plek van hulle vetstertskape van daardie tyd. Maar die wolboerdery wou nie op dreef kom nie, want die koloniste wou hulle nie laat dwing nie.

De Mist se grensreëlings

Nadat De Mist sy reis na die binneland onderneem het, was hy wat die Swartes betref, nog onder invloed van liberaliste soos John Barrow. Hy was oortuig daarvan dat

"die goede lieden" jarelank vervolging en mishandeling van die Kompanjie se dienare en die koloniste verduur het. Terwyl hulle vreedsaam in hulle "vaderlijke hoolen" gewoon het, het 'n vreemde nasie hom op hulle grond kom vestig en hom van hulle vee meester gemaak. Hierdie "stille vreesachtige Lieden" is dus deur die koloniste verstrooi, van hul vee beroof en tot "slaaven en lijfeigenen" gemaak.

Na sy reis het De Mist erken dat hy verkeerd was. Hy het gesê Barrow is vol nasionale nyd. Die helfte van sy stories is onwaar en nog 'n kwart daarvan is twyfelagtig. Die toestande kan verbeter word deur goeie inrigtings vir die Hottentotte te skep.

Die Sending

De Mist het 'n vaste stasie aangewys vir die Hernhutters van die Morawiese Sendinggenootskap. Hy het die Londense Sendinggenootskap, waar Van der Kemp en Read onder die Hottentotte gewerk het, aan die oosgrens by Bethelsdorp geplaas. Die Rotterdamse Sendinggenootskap het plek gekry aan die Sakrivier in die noorde van die Kolonie. De Mist het gemeen dat die sendelinge op die stasies die Hottentotte moes beskerm. Goeie behandeling vir dié wat by boere in diens was, moes deur 'n dienskontrak verseker word.

Goewerneur Janssens en die Kôsas

Generaal Janssens het op sy reis deur die grensdistrikte kenns gemaak met die toestande wat daar geheers het. Hy het bevind dat honderde huise en plase afgebrand en verwoes is, dat 'n groot hoeveelheid beeste en skape van die koloniste in besit van die Bantoes was en dat hulle

oral in die Kolonie se Suurveldgebied woon. Baie boere was swerwende met hulle huisgesinne en hulle vee.

Verskeie Kôsa-stamme was in opstand teen die opperhoof Gaika. Hulle het vir hom gevlug en hulle aan die westekant van die Visrivier tuisgemaak. Hierdie kapteins het die Goewerneur beloof om die koloniste met rus te laat en weer terug te trek. Gaika het ook beloof om sy opstandige onderdane sonder wraakneming terug te ontvang. Na hierdie vae beloftes het Janssens van sy reis teruggekeer en die verdere grensreëlings oorgelaat in die hande van 'n bekwame offisier van Fort Frederick, kaptein Alberti. Hy het die Swartes baie goed geken en hulle vertroue gewen, sowel as dié van die koloniste. Hy het later militêre landdros op Uitenhage geword. Gedurende sy landdrosskap was daar rus op die oosgrens.

Die koloniste wat moes vlug het langsamerhand weer na hulle woonplase teruggetrek, maar die Bantoes in die Suurveld is nie verwyder nie. Die oorlog wat weer opnuut in Europa uitgebreek het, het dit verhoed. De Mist was van plan om 'n streng beleid van absolute skeiding tussen Wit en Swart in te stel en te handhaaf. Alle Bantoes sou uit die Suurveld oor die koloniale grens gedryf word en alle kontak tussen koloniste en Bantoes en tussen Hottentotte en Bantoes sou beëindig word. De Mist het gesê die kern van die moeilikheid lê daarin dat die Swartes geen besef van "myne en joune" het nie en dit veroorsaak al die moeilikheid. Daarom sou niemand heen of terug oor die grens mog beweeg nie.

In hierdie tyd was dit seker 'n gesonde beleid, mits dit kragtig uitgevoer kon word deur 'n sterk krygsmag. Maar die kort bewind van die Bataafse bestuur het hulle nie die tyd gegun om hierdie beleid toe te pas nie.

Die einde van die Bataafse bewind

Op 25 September 1804 het De Mist as Kommissaris-generaal sy amp aan die Kaap neergelê. Hy het elke oomblik 'n vyandige aanval op die Kolonie verwag. Hy wou generaal Janssens as goewerneur geleentheid gee om vir die Kaap verdedigingsmaatreëls te tref. Die Europese oorlog is in Mei 1803 hervat. De Mist is op 25 Februarie 1805 oor Amerika na Nederland, waar hy op 8 Julie aangekom het.

By sy vertrek het die bevolking van die hele Kolonie bestaan uit 25 757 Blankes, 29 545 slawe en 20 006 Hottentotte. Hiervan het 6 273 Blankes, 9 129 slawe en 452 Hottentotte in Kaapstad gewoon. Kaapstad het toe reeds 1 258 huise gehad.

De Mist het op 29 Julie 1805 'n volledige verslag van al sy handelinge en besluite aan die Kaap, aan die Raadspensioenaris in Nederland oorhandig. Daarmee was sy groot taak as Kommissaris-generaal van die Kaap afgehandel.

10
Die Engelse roof weer die Kaap

Nadat De Mist vertrek het, het goewerneur Janssens nog nege maande kans gehad om van De Mist se reëlings op die Kaap toe te pas. Dit het al hoe moeiliker gegaan. Hy het die swak garnisoen aangevul met burgers, Hottentotte en Javane. Hy het naderhand darem 2 000 man op die been gehad teenoor die 4 500 waarmee die Engelse generaal David Baird voet aan wal gestap het. Die botsing tussen die twee magte het op 8 Januarie 1806 by Blaauwberg plaasgevind. Die uitslag daarvan was te voorsien. Twee dae daarna het Kaapstad oorgegee en op 18 Januarie het Janssens met die res van sy leer, wat na die Hottentots-Hollandberge teruggewyk het, die selfde gedoen.

So het die Kaap vir die tweede keer oorgegaan in die hande van Groot-Brittanje, om nooit weer onder die gesag van Nederland terug te keer nie . Alle private eiendom sou gerespekteer word. Die burgers en ingesetenes sou die regte en voorregte wat hulle geniet het, bly behou. Godsdienstige instellings sou onveranderd gehou word. Kort daarna het die Engelse hierdie artikel van oorgawe verkrag, toe hulle die gebruik van die Nederlandse taal opsygeskuif het.

Die bevolking van 1806

Hierdie keer sou hul koms nie weer 'n tydelike militêre besetting wees nie, maar die vestiging van 'n vreemde owerheid oor 'n Hollandssprekende koloniale bevolking. Dit was 'n volksgemeenskap wat in wese nie meer Nederlands was nie. Hulle het reeds die kenmerke

van 'n nuwe, afsonderlike nasie openbaar, met 'n eie nuwe spreektaal. Hulle lewensopvattinge het verskil van hul Nederlandse, Duitse en Franse tydgenote. Hierdie bevolking van nie-Britse herkoms het gedurende die vorige anderhalf eeu diep wortel geskiet. Hulle het reeds al die kenmerke van 'n volk met 'n eie identiteit gedra.

Die Kolonie se slawebevolking het die Blankes in getalsterkte oortref. Daar was ook duisende ontstamde Hottentotte. Hulle het onder die dunverspreide Blankes gewoon of rondgeswerf. Op die noordelike en oostelike grense het roofsugtige Boesmans en Bantoes onveilige toestande geskep.

Doel en aard van die besetting

So het die Engelse gesag die erfgenaam geword van allerlei netelige vraagstukke. Maar die welsyn van die inwoners het ongelukkig nie by hom so swaar geweeg as die strategiese waarde van die Kaap nie. Die doel van die Engelse besetting van die Kaap was nie verdere kolonisasie nie, maar om hom as militêre basis vir die beskerming van die groot Britse belange in die Ooste te gebruik. Daarom het Brittanje aan die koloniste beloof om hul bestaande wette, voorregte en godsdiens te waarborg.

Die besetting het 'n aanvang geneem met 'n outokratiese eenmansbewind. Gedurende die eerste jaar het generaal Baird 'n militêre bewind gevoer en in 1807 is die eerste burgerlike goewerneur benoem. Hy was graaf Caledon wat tot 1811 aan die Kaap gebly het.

Rondgaande howe

Caledon het in 1811 rondgaande howe vir die Kolonie ingestel. Die nuwe howe het in 'n groot behoefte voor-

sien. Hierdeur is hoëre regspraak na die afgeleë provinsies gebring. Dit het die koloniste die moeite en koste bespaar om die lang reis na die Kaap te onderneem. Die howe het ook ‘n nuttige kontrole oor die werk van die landdroste in die buitedistrikte uitgeoefen. So het Caledon begin om die sentrale regering se houvas op die binneland te versterk. Dit was die begin van ‘n beleid van sentralisasie wat later deur die Britte deurgaans in Suid-Afrika toegepas is.

Paswette vir die Hottentotte

Gedurende die Nederlandse bewind van die Kaap, is die Hottentotte beskou as ‘n onafhanklike volk, wat deur hul eie stamhoofde regeer is. Maar die groot pokke-epidemies van die 18e eeu en hulle kontak met die Blankes, het die stam-organisasie laat verdwyn. Die Hottentotte het swerwende loonarbeiders geword. Baie van hulle het ‘n niksdoen bestaan by die sendingstasies gaan voer.

Caledon het in 1809 ‘n proklamasie uitgevaardig wat die Hottentotte onder die koloniale wette gebring het. Hulle vryheid van beweging is beperk. Elkeen moes ‘n vaste verblyfplek hê, wat hy nie sonder ‘n pas van sy werkgewer of landdros of fiskaal mag verlaat nie. Caledon wou hiermee die tekort aan geskoolde arbeiders verlig, want die Britse parlement het in 1807 alle slawehandel dwarsdeur die ryk stopgesit.

Die filantrope

Caledon se wette oor die Hottentotte het heftige reaksie van die filantrope uitgelok. Hierdie mense beweer dat die natuurmens en natuurvolk gelykwaardig is aan die beskaafde en gekultureerde mens. Hulle loën alle

verskille, stel hulle gelyk en behandel hulle gelyk. Die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap by Bethelsdorp het gesê die wette is ‘n skending van menseregte en ‘n bedekte vorm van slawerny.

Hierdie sendelinge, dr Van der Kemp en Read, en later dr Philip, het die saak van die koloniste veel skade berokken met die verkondiging van ‘n klomp leuens wat in regeringskringe in Londen geglo is. Hulle het gesê die Hottentotte het vele goeie eienskappe, maar die mees uitstaande een is ‘n absolute getrouheid aan die waarheid. Die Hottentotte kan vrygespreek word van die algemene en onvergeeflike kwaad soos leuens en diefstal.

Die filantrope het die onsin wat hulle verkondig het, self geglo. Hulle het in Engeland in magsposisies gesit en die Engelse regering gedwing om aan hulle bewerings aandag te gee.

By Van der Kemp en Read se sendingstasie in Bethelsdorp het die Hottentotte kos en klere gekry sonder om ‘n steek werk te verrig. Die stasie het spoedig ‘n onheilsnes geword. Van der Kemp hulle het gesê die Hottentotte is ‘n lydende en onderdrukte volk. Hulle woord moet nooit in twyfel getrek word nie. Read het in ‘n brief aan sy genoodskap gekla dat die Hottentotte onmenslik behandel word deur die Blankes. Hy sê dit is een van die swartste en bloedigste bladsye in die geskiedenis. Die boere is ‘n horde plunderende barbare. Hy en Van der Kemp weet van meer as honderd gevalle van moord in die distrik Uitenhage alleen. Dit is ‘n veld van onskuldige bloed wat tot God om wraak roep. Die brief is in Engeland gepubliseer en die filantroop Wilberforce het dit onder die aandag van die Britse regering gebring.

Moeilikheid op die oosgrens

Lord Caledon het ook met die oosgrensprobleem te doen gekry. Die Kôsas in die Suurveld het na die distrikte Graaff-Reinet en Uitenhage deurgedring. Roof en moord was aan die orde van die dag. Die landdroste, Cuyler en Stockenström, het gevra dat kommando's die indringers moet kom verdryf. Maar Caledon het geweet die Britse regering glo die filantrope se stories. Hy gee toe maar aan die koloniste die nuttelose raad om hulle vee goed op te pas en hul wapens alleen in selfverdediging te gebruik.

Caledon se opvolger was sir John Cradock (1811-1814). Hy het luitenant-kolonel Graham in Oktober 1811 na die Suurveld gestuur met Britse soldate en 'n kommando koloniste. Hulle het die Kôsas oor die Visrivier verdryf. Dit was die *Vierde Grensoorlog*. Daarna het Cradock 'n nuwe dorp, Grahamstad, en 'n aantal forte langs die Visrivier opgerig en deur soldate laat beman.

Cradock se grondbeleid

Om meer bestendige toestande in die oosgrensdistrikte te skep, het Cradock die leningplaasstelsel afgeskaf en vervang deur 'n nuwe erfpagstelsel. Dit moes die boere vaster aan die grond bind en die trekkery verminder. Baie boere het aansoek gedoen om eiendomsreg op die leningsplase wat hulle bewoon het, veral in die noordoostelike dele van die kolonie. Daar was 'n tekort aan landmeters, sodat hulle soms baie lank moes wag voordat die grond op hulle name oorgedra is. Party het later dan maar weer begin trek wanneer droogtes en sprinkane hulle daartoe gedwing het.

Die Swarte Ommegang

In Augustus 1811 het Cradock van die Engelse regering opdrag gekry om die klagtes oor die mishandeling van Hottentotte deeglik te ondersoek en die skuldiges swaar te straf. Sendeling Read moes die nodige bewysstukke en getuies lewer, want sy kollega, Van der Kemp, is in Desember 1811 oorlede.

Die rondgaande hof het die distrikte Graaff-Reinet, Uitenhage en George besoek. Die sittings het byna vier maande lank geduur. Die tyd was vir die koloniste baie ongeleë. Meer as vyftig persone is gedagvaar en honderde moes as getuies verskyn, terwyl 'n groot aantal burgers die oosgrens moes bewaak.

Meer as 50 sake is teen Blankes verhoor. Vyftien mans en twee vroue is van moord aangekla en dertien mans en twee vroue van aanranding op Hottentotte of slawe. Die res van die klagtes het gegaan oor onbenullighede. Sommige daarvan was oor gebeurtenisse in die verre verlede. 'n Groot deel daarvan was uit die vrugbare verbeelding van lostongige Hottentotte en uit die kwaadwilligheid van negrofilistiese dwepers. Die uitspraak van die twee regters, Strubberg en Cloete, toon aan hoe ernstig die blanke koloniste deur al die beskuldigings beledig is. Slegs enkele persone is aan kleinere misdrywe skuldig bevind. Geen geval van moord is bewys nie en op al die ander aanklagte is die mense onskuldig bevind. Die regters se verslag aan die Goewerneur het gelui: *"As die here Van der Kemp en Read die moeite gedoen het om saaklik en onpartydig die verskillende stories te ondersoek wat aan hulle vertel is, sou baie van hierdie klagtes, wat binne sowel as buite die kolonie soveel lawaai veroorsaak het, ook deur hulself as louter denkbeeldig beskou gewees het, en sou bygevolg*

nog die regering, nog die geregshof daarmee lastig geval gewees het." Die regters het verder gesê dat die natuurlike toestand van barbarisme op Bethelsdorp skynbaar die plek van beskawing en maatskaplike orde ingeneem het en dat luiheid en ledigheid en vuilnis en smet daar tot volmaaktheid gegroei het.

Die Afrikaners het gekrenk en beledig gevoel deur die valse aanklagte van hulle nie-blanke bediendes wat so deeglik ondersoek is, terwyl daar aan hulle eie klagtes nooit enige aandag gegee is nie. Hulle goeie naam is beswadder. Dit het hul verhouding tot die Britse owerheid versleg. Baie mense het selfs 'n vooroordeel teen die sending ontwikkel.

Slagtersnek

Na beëindiging van die Napoleontiese oorloë in Europa, is Nederland gedwing om finaal van die Kaap afstand te doen. Sy eertydse besitting het permanent in die hande van Groot-Brittanje oorgegaan. In hierdie nuwe Engelse bedeling is sir John Cradock opgevolg deur lord Charles Somerset (1814-1826). As verteenwoordiger van die Konserwatiewe Tories, het hy sterk outokratiese neigings geopenbaar.

Een van sy eerste take aan die Kaap was om 'n gepoogde opstand van 'n aantal boere aan die oosgrens te gaan onderdruk. 'n Veeboer, Frederik Bezuidenhout, het in die vallei van die Baviaansrivier gewoon. Een van sy kleurlingbediendes het hom van mishandeling aangekla. Hy het geweier om voor die hof op Graaff-Reinet te verskyn. Na herhaalde waarskuwings is op 16 Oktober 1815 'n twaalftal Hottentot-soldate onder aanvoering van 'n blanke luitenant gestuur om hom in hegtenis te neem.

Frederik het hom verweer en op hulle losgebrand, maar hyself is dodelik getref.

Johannes Bezuidenhout het by die graf van sy broer wraak gesweer en 'n aantal mense in die omgewing oorreed om te rebelleer, maar slegs sestig man was bereid om die wapen op te neem. Hulle het probeer hulp kry van Gaika, maar hierdie ou sluwe Kôsa-hoof wou niks waag nie. Landdros Cuyler het op 18 November met 'n gemengde mag van dragonders by Slagtersnek aangekom waar die rebelle was. Kommandant Nel het hulle oorreed om die wapens neer te lê. Daar was geen bloedvergieting nie. Maar Johannes Bezuidenhout, sy swaer Faber en twee Botmas het met hulle gesinne na die Swartes se gebied gevlug. Hulle is deur 'n regeringsmag ingehaal. Bezuidenhout is doodgeskiet en die ander gevange geneem. Daar is 47 aangeklaagdes op Uitenhage verhoor, waarvan 39 skuldig bevind en gevonnis is. Hendrik Prinsloo, Cornelis Faber, Stephanus Botma, Abraham Botma, Theunis de Klerk en Willem Krugel is ter dood veroordeel. Die res is gestraf met verbanning na ander distrikte, boetes en tronkstraf. Willem Krugel is begenadig. Die ander vyf het op Slagtersnek die galgdood gesterf, onderwyl hulle familie en vriende verplig was om dit te aanskou. By die voltrekking van die vonnis het die galgtoue gebreek, maar die half-bedwelmde manne is daarna vir die tweede keer opgehang.

Slagtersnek gooi 'n lang skaduwee oor die geskiedenis van die Afrikanervolk. Die rebelle het 'n gees van verset in die jong volkie aangesteek wat nie weer geblus kon word nie. Toe die Voortrekkers 20 jaar later uit die kolonie vertrek, het hulle daardie galgbalk saamgeneem. In 1877, toe die vermetele Shepstone Transvaal annekseer het, was daar oproepe dat hy en sy vrybuiters aan die

selfde balk opgehang moes word. Die Voortrekkers in Natal het vir kommissaris Cloete gesê dat hulle Slagtersnek nooit sou vergeet nie. Slagtersnek het lank daarna nog soos ‘n muur tussen Afrikaner en Engelsman gestaan.

Somerset en die oosgrensprobleem

Die streng maatreëls wat goewerneur Cradock in 1812 getref het om die Kôsas aan die oostekant van die Visrivier te hou, was nie suksesvol ne. Die veediefstalle het toegeneem. Daarom het Somerset in 1817 na die grens gegaan en vir opperhoof Gaika en die ander kapteins sy nuwe reëlings afgekondig. Die boere kry die reg om hulle gesteelde vee weer te gaan terughaal, of ander vee van die Swartes as skadevergoeding te eis.

Die veediefstalle het nie verminder nie. Somerset het die fout begaan om vir Gaika as hoof van al die Kôsa-groepe te erken. Daar het ‘n jarelange vete geheers tussen hom en sy oom, Slambie (Ndlambe) oor die opper-hoofskap van die Kôsa-stam. Toe die Goewerneur vir Gaika tydens die onderhandelinge as opperhoof beguns-tig, het Slambie sy broerskind aangeval. Somerset het vir Gaika militêr ondersteun en van Slambie ‘n oorlogsbuit van 23 000 beeste geëis, waarvan Gaika 9 000 moes kry.

Slambie se volgelinge het daarop die kolonie verwoed binnegeval. Daar het 18 000 Kôsas, gelei deur Makana, die grens in 1819 oorskry en alles voor hulle geroof, verbrand en vermoor. Makana het Grahamstad helder oordag aangeval, maar die garnisoen in die fort het die aanval afgeslaan. Somerset het met 1 900 soldate en ‘n aantal burgers Slambie se mag finaal vernietig. Dit was die Vyfde Grensoorlog. Die Kôsas is uit die gebied tussen die Vis- en die Keiskammarivier verdryf. Dit sou

in die toekoms ‘n neutrale gebied wees en ‘n bufferstrook vorm tussen Wit en Swart.

11
Ons voorouers word verdruk

Verengelsing van die staatsdiens

Engeland het eers aan die einde van die Napoleontiese oorloë in 1815 volkome sekerheid verkry dat die Kaap 'n permanente Britse besitting sou bly. Daarna is daartoe oorgegaan om alles wat in die Kolonie 'n Hollandse stempel gedra het, sistematies uit te wis en met Engelse instellings te vervang.

In 1813 het Cradock afgekondig dat by nuwe aanstellings in die staatsdiens 'n kennis van Engels 'n "onvermydelike" voorwaarde sou wees. Die verbritsing van die staatsdiens, wat deur Somerset verder voltrek is, het die ordeliewende Afrikaners op die plase nie veel geaffekteer nie. Die stedelike Afrikaner, wat 'n lewensbestaan in die staatsdiens gesoek het, het egter die slagoffer van die verbritsingsbeleid geword.

Skotse predikante

Somerset en die Britse regering het besef dat die verengelsing van die staatsdiens in die Kaap alleen, nie genoeg sou wees om die koloniste self te verengels nie. Daarom is die Afrikaners se kerk en ook die onderwys gekies om die proses mee voort te sit. Daar was destyds nege Hollandse kerke. Dit was dringend nodig om nuwe gemeentes in veral die buitedistrikte te stig, maar weens die tekort aan predikante is dit nie gedoen nie. Toe voer die Britse owerheid predikante van die Skotse Presbiteriaanse Kerk in, om vir die Afrikaners in Engels te preek. Na Somerset se vertrek in 1826 is hierdie beleid verder voortgesit. In 1834 was daar reeds 13 Skotte uit

die totaal van 23 predikante. Hierdie maatreël om die Afrikaners te verengels, het maar in 'n geringe mate geslaag, want die Skotse predikante het mettertyd feitlik almal Nederlands-Afrikaans geleer en daarin gepreek.

Die onderwys

Om die proses van verengelsing te versnel, het Somerset 'n proses van vrye Engelse skole in die lewe geroep. Hier het Engelse en Skotse onderwysers aan die Afrikaanse kind onderwys gegee. Die doel van die invoering van Engelse en Skotse predikante en onderwysers was om die Engelse taal amptelik in te voer. Die koloniste was op die lange duur nie te vinde vir die Skotse predikante en ingevoerde onderwysers nie. Vir hulle was dit noodsaaklik dat hulle kinders Hollands op skool moes leer, om hulle vir lidmaatskap van die kerk voor te berei. Baie van die ou koloniste het hul kinders weggeneem uit die regeringskole, "omdat onze moedertaal, het Hollandsch, er niet in geleerd worde."

Somerset se taalproklamasie

Die onderminister van kolonies van Engeland het in 'n memorandum die vervanging van Hollands deur Engels bepleit. Daarop het Somerset in 1822 sy taalproklamasie uitgevaardig. Daarvolgens sou vanaf 1823 alle regeringstukke en briefwisseling in Engels opgestel en gevoer word. Vanaf 1825 sou Engels die voertaal word in alle regeringskantore en vanaf 1 Januarie 1827 het dit die enigste amptelike taal in die geregshowe geword.

Die regsoktrooi

Saam met Somerset se taalordonnansie het ook sy regsoktrooi in 1827 van krag geword. Die ou Hollandse

regstelsel is afgeskaf en vervang deur ‘n Engelse een. ‘n Nuwe, onafhanklike hooggeregshof (Supreme Court) met ‘n hoofregter en drie regters is ingestel. Sake sou voor ‘n regter en jurielede dien. Die regsprosedure sou in Engels wees. Die Hollandse stelsel van laer geregshowe wat uit die landdroste en heemrade bestaan het, is deur resident-magistrate en siviele kommissarisse vervang.

Die instelling van ‘n onafhanklike hooggeregshof met regters en ‘n juriestelsel, het die goedkeuring van die bevolking weggedra. Maar met die afskaffing van die howe van landdroste en heemrade, het die Hollandse koloniste hulle seggenskap in plaaslike aangeleenthede verloor.

Afskaffing van die burgersenaat

Nog ‘n slagoffer van die Britse sentralisasiebeleid was die afskaffing van die Burgersenaat. Dit was ‘n groot munisipaliteit vir Kaapstad. Die koloniste het ruim verteenwoordiging op hierdie liggaam gehad. Dit het nie in hulle smaak geval toe sy funksies deur die sentrale regering oorgeneem is nie. Alhoewel daar in 1825 ‘n Raad van Advies in die lewe geroep is om die goewerneur by te staan, was hy na al die konstitusionele veranderings wat gedurende die vorige tien jaar gemaak is, in 1828 ’n alleenheerser met outokratiese mag. Hy kon na willekeur wette uitvaardig, wat ordonnansies genoem is. Sy doen en late kon alleen deur die Imperiale regering aan bande gelê word.

Die Engelse setlaars van 1820

Die invoer van ‘n paar duisend Britse immigrante in die Kolonie, het ten doel gehad om die Kaap nog verder te verengels. Eers is ‘n paar honderd ingeboekte Skotse

leer-jongens in 1817 as werktuigkundiges na die Kaap gebring. Hulle het veral in Kaapstad self ‘n heenkome gevind.

Na die einde van die Napoleontiese oorloë, was daar in Engeland ‘n behoefte om werklose en minder gewenste bevolkingselemente na Britse kolonies te emigreer. Op versoek van Somerset het die Imperiale owerheid in 1820 3 124 Britse setlaars na die Kaap laat emigreer. Hierdie immigrante moes die Britse bevolking teenoor die oorwegende Hollandse bevolking aan die Kaap kom versterk. Daarom sou hulle tussen die Hollandse koloniste in die buitedistrikte geplaas word en help om die oosgrens-probleem op te los.

Die hele onderneming was vol gebreke. Somerset wou ervare landbouers vir die Suurveld gehad het. Maar daar het te veel verarmde stedelinge gekom wat niks van boerdery geweet het nie. Somerset het ongeveer 2 000 persone verwag. Toe daar meer as 3 000 land, het hy probleme ondervind om almal te plaas. Tydens hulle aankoms in die Kaap, was Somerset met verlof in Engeland. Die waarnemende goewerneur, sir Rufane Donkin, kon nie daarin slaag om Somerset se plan om al die immigrante in die Suurveld te vestig, uit te voer nie. Donkin het opdrag gekry om die Iere, Skotte en Engelse apart te vestig. ‘n Poging om die Iere in Clanwilliam te plaas, het misluk. Uiteindelik het al drie groepe in die Suurveld te lande gekom. Dit was op klein stukkies grond van 50 morge per huisgesin. In Suid-Afrika is ‘n lewe op sulke plasies onbestaanbaar.

Gedurende die eerste jaar het ‘n onbekende soort roes die setlaars se graan verwoes. Gedurende die volgende drie jaar het droogte, oorstroming en sprinkane hulle swaar getref. Baie van hulle het hul klein plasies verlaat

en handwerkers en handelaars geword. Donkin het aan dié wat as boere deurgebyt het, groter plase toegeken. Hulle het hulle ook op die veeboerdery en later op die wolboerdery toegelê. Die ander het as ambagslui en handelaars in die dorpe goed verdien. Grahamstad het vinnig gegroei. By Algoabaai het 'n nuwe hawestad verrys, waaraan sir Rufane Donkin die naam Port Elizabeth gegee het, ter ere van sy oorlede vrou.

Die Engelse setlaars was in Engeland aan 'n bietjie meer "demokrasie" gewoond, met die parlementêre regering, die vrye pers en die reg om openbare vergaderings te hou. Daarom het hulle spoedig met die outokratiese goewerneur Somerset gebots, na sy terugkeer uit Engeland. Hy het Donkin se reëlings omvergewerp en die setlaars gewaarsku dat hulle in hegtens geneem sou word indien hulle hul grond verlaat. Daarop het hy alle openbare vergaderings in die kolonie verbied. Twee manne, Thomas Pringle en John Fairbairn, het 'n maandblad, *South African Journal,* en 'n weekblad, *South African Commercial Advertiser,* uitgegee en die Goewerneur se gramskap op die hals gehaal met 'n artikel wat daarin verskyn het. Somerset het die publikasie van die blaaie verbied. Dit het twee keer gebeur, maar uiteindelik het Fairbairn met behulp van die Engelse regering die stryd om die vryheid van die pers gewen.

Somerset het as goewerneur aan die Kaap meer vyande as vriende gemaak. Op ekonomiese gebied is die Hollandse koloniste swaar getref deur die waardevermindering van die Kaapse geld. Vanaf 1806 tot 1825 het die riksdaalder se waarde van 41c tot 15c gedaal. Die tirannieke en korrupte goewerneur Somerset se roekelose en onoordeelkundige vermeerdering van ongedekte

papiergeld, het tot inflasie en depresiasie van die riksdaalder gelei veroorsaak.

Die koms van die Engelse werklose 1820 setlaars het die verhouding tussen die Hollandse en Engelse bevolking van die Kaap nie dramaties verander nie. Na die koms van die setlaars was daar 7 000 Engelse en 43 000 Hollandse koloniste aan die Kaap. Die bevolkng het nog jare daarna ongeveer 80% Hollands gebly.

Ordonnansies 49 en 50

Die filantrope het nie van lord Charles Somerset gehou nie. Hy het met sy reëlings na die Vyfde Grensoorlog in 1819 na hulle sin heeltemal te streng teenoor die Swartes opgetree. Toe die filantropiesgesinde generaal Richard Bourke (1826-1828) vir Somerset opvolg as goewerneur, het dr John Philip 'n geleentheid gesien om sy wil deur te voer. Die Kaapkolonie is daarna deur 'n vloedgolf van negrofilisme oorweldig.

Vanaf 1823 het 'n groeiende aantal Swartes die Kaapse grens oorgesteek en hulle in die Kolonie kom plak. Dit was groepe vlugtelinge wat wou wegkom voor die moordtogte en vernietigingsgolwe wat die land in die noorde oorspoel het toe Tsjaka en Silkaats se hordes duisende Swartes uitgewis het. Van die oorlewendes het begin om die Kaap binne te stroom. Teen 1836 was daar al 17 000 binne die grense van die Kolonie. Hulle was Fingo's wat kom kos en werk soek het. Net buite die grense was daar reeds 35 000 vlugtelinge, bestaande uit Mantatese, Betsjoeanas, Barolongs en Korannas. Hulle het die Swartgevaar op die noord- en oosgrens skrikwekkend laat toeneem. In plaas van om hulle weer terug te dryf, het goewerneur Bourke hulle in die Kaapkolonie verwelkom met die uitvaardiging van

Ordonnansie 49. Hy het 'n paar van die groepe genoem: *"Any Kafirs, Gonaguas, Tambookies, Griquas, Bosjesmen, Betchuanas, Mantatees, Namaquas, or other natives of the interior of Africa."*

Afrika het vrye toegang tot die Kaapkolonie gekry. Dit het 'n toevlugsoord geword vir vlugtelinge en misdadigers uit alle oorde. Met Ordonnansie 49 het Bourke alle wette herroep wat Bantoes belet het om oor die grens te kom. Niemand mag meer vee in die Swart gebied gaan terughaal nie en alle militêre ekspedisies teen die Swartes moet gestaak word.

Drie dae nadat Ordonnansie 49 in werking getree het, vaardig Bourke Ordonnansie 50 uit. Daarmee het hy die Hottentotte-wetgewing van Caledon, Cradock en Somerset vernietig. Voortaan mog geen vrye bewoner van die Kaapkolonie op grond van kleur in sy bewegingsvryheid, woonreg, lewenswyse of werk, beperk of tot arbeid gedwing word nie. Alle Hottentotte, Boesmans en vrye gekleurdes kry net soos gewone burgers van die land, die volle reg om grond te besit. Die uitwerking van Ordonnansie 50 was dat baie Hottentotte hulle werk verlaat het en in groepe deur die land geswerf het, om van roof en diefstal te lewe.

Verlies van duurgekoopte slawe

Met die verowering van die Kaap in 1806 het die Britte slawerny as instelling hier aangetref. Een van die ander Britse kolonies waar ook van slawe-arbeid gebruik gemaak is, is Wes-Indië. Daar het hulle in die tropiese plantasies onder toesig van drywers met swepe geswoeg. Die winsmotief was oorsaak dat slawe-arbeid daar wreed uitgebuit is. Aan die Kaap het die toestand radikaal verskil. Dit was in die slawe-eienaar se eie belang om sy

slawe goed en menslik te behandel. Maar in Londen is slawewetgewing wat vir Wes-Indië gemaak is, ook op die Kaapkolonie toegepas. Die reeks slawewette het 'n irriterende uitwerking op die koloniste gehad. Dit het in 1816 begin toe Somerset 'n proklamasie uitgevaardig het dat alle slawe geregistreer moes word. In 1823 is hulle werkdae en werkure vasgestel. Die aantal houe is beperk wanneer hulle lyfstraf moes kry en hulle het reg gekry om in die howe te getuig. In 1826 is "Slaveprotectors" aangestel by wie die slawe kon gaan kla. In die regeringstyd van sir Lowry Cole (1828-1833) moes elke slawe-eienaar 'n strafboek aanhou en dit tweemaal per jaar vir die slawebeskermer gaan wys. In 1831 is die slawe se werktyd vasgestel tot 9 ure per dag. Die slawebeskermhere is aangesê om op alle tye en plekke die slawe te besoek en ondersoek in te stel na hulle welstand en woonplek.

Die slawe-eienaars se gemoedere het hoog geloop oor al die onregverdige maatreëls. Hulle het 'n protesvergadering op 17 September 1832 in Kaapstad gehou, wat deur 2 000 eienaars bygewoon is. Die Britse regering was nie haastig om hulle tegemoet te kom nie. Toe word dit bekend dat die Britse parlement in 1833 'n wet gemaak het dat daar na 1 Desember 1836 geen slawerny meer in die Britse kolonies mog bestaan nie. Die skadevergoeding sou £20 000 000 bedra. Goewerneur Benjamin D'Urban (1834-1838) moes die vrystellingswet deurvoer. Dit is vasgestel dat daar toe 39 021 slawe was met 'n berekende waarde van £3 040 290. Dit was ver onder die werklike waarde van die slawe. Die skok het heelwat groter geword toe die eienaars in 1835 verneem dat daar net £1 447 400 vir die Kaapse slawe betaal sou word. Die ontnugtering het nog baie meer gestyg toe bekend gemaak

is dat alle uitbetalings in Londen sou plaasvind in Britse 3½%-staatspapiere en nie in kontant nie.

Daar was groot verbystering aan die Kaap. Oorsese agente en spekulante het die koloniste uitgebuit deur hul eise vir 'n appel en 'n ei op te koop. Baie eienaars het skaars een-vyfde van die waarde van hulle slawe gekry. Hierdie verliese het baie families so verarm dat hulle nie weer die mas kon opkom nie. Dit was hoofsaaklik die Afrikaanse koloniste wat die las moes dra, want die Engelse nedersetters van 1820 is nie toegelaat om slawe aan te hou nie. Die Afrikaanssprekende koloniste het ook die meeste gely onder die leeglopery van die groot getal vrygestelde gekleurde bevolking. So lank as wat Ordonnansie 50 as landswet gegeld het en dr Philip die vertroue van die Imperiale regering geniet het, kon goewerneurs Cole en D'Urban nie 'n wet teen leeglopery maak nie, alhoewel hulle die noodsaaklikheid daarvan besef het.

Die Sesde Grensoorlog

Drie weke na die vrystelling van die slawe was die Sesde Grensoorlog in volle gang. Die weifelende grens- en Bantoe-beleid van die Engelse goewerneurs het baie bygedra tot die uitbreek daarvan. Bourke het Somerset se reëlings afgebreek en Cole het weer Bourke se maatreëls omvergewerp. Die Swartes het hierdie aarseling en onsekerheid van die owerheid as swakheid van die Witman vertolk en al hoe meer in die neutrale gebied gaan plak. Veediefstalle het onrusbarend toegeneem . Goewerneur D'Urban was verplig om 'n strafekspedisie uit te stuur. Dit het die oorlog laat uitbreek.

Op 21 Desember 1834 het 15 000 Kôsas die Kolonie binnegeval en die grensbewoners totaal onvoorbereid oorval. Hulle het 22 blanke mans vermoor, 456 huise

afgebrand en 5 700 perde, 115 000 beeste en 161 000 skape weggevoer. Dit was die grootste slag wat die grensboere nog getref het. Hulle moes oorhaastig hulle plase verlaat en beskerming in Grahamstad en in laers soek. Die gestroopte distrikte was 'n verlate wildernis.

Goewerneur D'Urban het vir luitenant-kolonel Harry Smith inderhaas na Grahamstad gestuur en hom onmiddellik gevolg. Hulle het met 'n mag van 3 000 soldate en burgers die Kolonie van die Kôsas gesuiwer en hulle toe in hulle eie gebied aangeval. Eers is met die westelike Kôsas, die Rarabes, afgereken en daarna het D'Urban oor die Keirivier getrek om die oostelikes, onder Hintsa, te pak. Hintsa het om vrede gesmeek en moes 'n boete van 25 000 beeste betaal. Hy is as gyselaar aangehou. Toe hy probeer ontsnap, is hy deur 'n soldaat, ene Southey doodgeskiet.

Die dood van Hintsa en D'Urban se nuwe grensreëlings het groot opgewondenheid in filantropiese kringe veroorsaak. Hy het die gebied tussen die Keiskamma en die Kei geannekseer en dit die *"Province of Queen Adelaide"* genoem. Hy het Bantoes toegelaat om hier te woon as Britse onderdane en onder toesig van 'n Britse resident, gesetel in King William's Town.

Die koloniste het D'Urban se grensreëlings geesdriftig goedgekeur, maar in filantropiese kringe is dit skerp veroordeel. Dr Philip en kaptein Andries Stockenström het in Engeland voor 'n "Aborigenes Committee" teen D'Urban gaan getuig en die minister van kolonies, lord Glenelg, het D'Urban se hele grensreëling omvergewerp. Die Provinsie van Koningin Adelaide is aan die Swartes teruggegee. Andries Stockenström is as luitenant-goewerneur van die Oostelike Provinsie aangestel om te sorg dat die grens van 1819 weer herstel word.

Die Groot Trek en daarna

Die ingryping van Glenelg in die grensreëlings van D'Urban was die laaste strooi by al die oorsake wat tot die Groot Trek gelei het. Dit was die doeltreffendste vorm van protes teen die owerheid se voortdurende veronregting en ook die enigste uitweg wat na 'n hoopvoller toekoms kon lei.

Die uitvoering van Glenelg se beleid van vriendskap en bondgenootskap met die opperhoofde, het nie vrede op die oosgrens gebring nie. Die Swartes het dit as tekens van swakheid gesien . Hulle het mettertyd maar weer hulle veediefstalle en grensoorskrydings hervat. Goewerneur George Napier (1838-1844) het tevergeefs by Glenelg gepleit dat 'n deel van die £300 000 wat die grensboere skade gely het, aan hulle vergoed moes word. Tydens die bewind van die volgende goewerneur, sir Peregrine Maitland (1844-1847) het die uitdagende opperhoof, Sandile, 'n nuwe oorlog veroorsaak wat die "Oorlog van die Byl" genoem is. Daar is weer groot skade aangerig, voordat Maitland se opvolger, sir Harry Smith (1847-1852) die Rarabe-stamme onderwerp het. Hy het die vroeëre *Province of Queen Adelaide* 'n Bantoe-reservaat gemaak met die naam *British Kaffraria.* Smith se grensreëlings het ook nie blywende vrede gebring nie. Op Kersdag 1850 het die Agste Grensoorlog uitgebreek. Toe Smith nie in staat was om dit spoedig tot 'n einde te voer nie, is sir George Cathcart (1852-1854) aangestel. Hy het die oorlog met krag voortgesit, die Swartes uit Brits-Kaffrarië verdryf en die dorp *Queenstown* daar aangelê.

In 1849 is die Kolonie van 'n ramp gered toe al die inwoners saamgestaan en nie toegelaat het dat die skip,

die *Neptune,* met 282 Engelse bandiete aan boord, in Tafelbaai land nie. Die Imperiale regering het beveel dat hulle in die Kaap afgelaai moes word, nadat die Australiese kolonies onwillig geword het om nog meer misdadigers te ontvang. Met hierdie Anti-bandietebeweging het Afrikaners en Engelse, plattelanders en stedelinge saamgestaan om 'n gemeenskaplike gevaar af te weer.

12
Die Groot Trek begin

Die Groot Trek is een van die grootste gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika. ‘n Klein blanke bevolking het binne bestek van een geslag, groot nuwe gebiede in die kring van die Westerse beskawing gebring. Nuwe state het ontstaan. Deur die Trek is ‘n rassuiwere blanke gemeenskap in Suid-Afrika gehandhaaf en ‘n Hollands-Afrikaanse kultuur ontwikkel. Dit het uit eie bodem gegroei tot ‘n staatkundig vrye en selfstandige Afrikanernasie.

Die Groot Trek het niks te make met die 18e eeuse trek van die veeboere na die binneland nie. Hierdie proses het maar net uit suiwer ekonomiese oorwegings plaasgevind, terwyl die Groot Trek hoofsaaklik ‘n staatkundige beweging was.

Reeds van 1819 af het boere met hul vee af en toe oor die Oranjerivier getrek om tydelik weiveld te soek in tye van droogte. Later het hulle heen en weer oor die rivier getrek. Na 1830 het meer en meer boere hulle in die suidelike deel van Transoranje gevestig. Toe die Groot Trek plaasvind, het sommige van hierdie boere, soos die Krugers, by die georganiseerde trekke aangesluit. Maar die meerderheid het hulle afsydig gehou en verkies om getrou aan die Kaapse regering te bly.

Aan die ander kant was die Groot Trek ‘n georganiseerde beweging in groepe, wat onder erkende leiers plaasgevind het. Hulle het nie in die trekboere se gebied belang gestel nie. Hulle het maar net daar deurgetrek na gebiede, ver anderkant die koloniale grense.

Waarom hulle getrek het

Piet Retief, veldkornet en veldkommandant, het in sy manifes die oorsake van hul ontevredenheid met die Britse beleid aangetoon: Hulle wanhoop daaraan om die kolonie te red van die euwels wat dit bedreig deur die oproerige en oneerlike gedrag van vabonde wat toegelaat word om die land in alle dele te verontrus; en hulle sien geen vooruitsig op vrede vir hulle kinders in ‘n land wat op dié manier deur inwendige beroeringe gekwel word nie.

Hulle kla oor die gevoelige verliese wat hulle ly deur die vryverklaring van hulle slawe en die ergerlike wette wat oor hulle gemaak is.

Hulle kla oor die stelselmatige en aanhoudende plundering wat hulle moet verduur van die Swartes en ander kleurlinge, en veral oor die laaste inval in die Kolonie, wat die grensdistrikte verwoes en die meeste inwoners geruïneer het.

Hulle kla oor die onregverdige blaam wat daar op hulle gelê is deur belanghebbende en oneerlike persone, onder die dekmantel van godsdiens, persone wie se getuienis in Engeland geglo word, tot uitsluiting van alle bewysmiddele in hulle voordeel; en hulle voorsien as gevolg van hierdie vooroordeel niks anders as die totale ondergang van die land nie.

Voorbereidings vir die trek kon eers in 1836, na die vorige jaar se verwoestende grensoorlog, getref word. Plase moes verkoop word, meesal ver onder die waarde, of vir waens verruil word. Kosvoorrade moes aangevul word, genoeg kledingstowwe aangekoop word, tente aangeskaf word en agterstallige belastings betaal word.

Pogings om die Trek te verongeluk

Toe die Kaapse regering bewus word van die feit dat sy Afrikaneronderdane besig was om in georganiseerde trekgeselskappe die Kolonie te verlaat, het hierdie burgers van die oostelike distrikte, vir wie se welsyn maar min omgegee is, skielik vir die Kolonie baie waardevol geword. Goewerneur Benjamin D'Urban, het vir lord Glenelg, koloniale sekretaris in Londen, geskryf dat hulle die oudste en fatsoenlikste inwoners van die oostelike distrikte is. Hulle is onverskrokke, geduldig, arbeidsaam, ordeliewend en godsdienstig. Hulle is die bebouers van die grond en die verdedigers en die belastingbetalers van die land. Sulke waardevolle burgers moet belet word om die land te verlaat. Maar die prokureur-generaal het die regering meegedeel dat hy geen reg of mag besit om sy onderdane te verbied om te verhuis nie.

Die regering het dit egter vir die Trekkers so moeilik as moontlik gemaak om weg te kom. In 1834 het 'n ordonnansie bepaal dat niemand meer as 4½ kg kruit mag besit of vervoer nie. Die voornemende Trekkers het egter voorsorgmaatreëls getref en met genoeg kruit en lood die Kolonie verlaat. Met hulle uittog is hulle waens daagliks deur spesiale kommissarisse deursoek. Daarom het hulle elke aand hulle voorraad kruit en lood op perde gepak en dit in die nag ver vooruit gestuur en dit gaan versteek onder 'n beesvelbeskutting teen reën.

Om hulle nog verder te ontmoedig om te trek, het die regering in 1836 'n wet gemaak, *The Cape of Good Hope Punishment Act,* wat sogenaamd die Britse gesag oor sy onderdane proklameer het tot aan die 25e graad suiderbreedte. Dit was om vir die Trekkers te sê dat hulle trekkery 'n nodelose onderneming is, want waarheen hulle ook al trek, bly hulle nog steeds Britse "onderdane" Op

die Trekkers se navraag waar hierdie 25e graad loop, sodat hulle kon weet wanneer hulle tot noord van hom getrek het, was die antwoord: "Wanneer julle saans uitspan en die jukke en die trekkettings neerlê vir die volgende dag, dan lê die 25e graad net so'n paar tree verder as die voorste juk."

Tsjaka bevoordeel die Trekkers

Die Groot Trek het op 'n uiters geskikte tydstip in ons geskiedenis plaasgevind. Op hul pad na die noorde het die Trekkers feitlik geen vyandiggesinde Swart stamme aangetref wat hul vordering enigsins kon belemmer of stuit nie. Hierdie gunstige toestand wat die Trekkers beleef het, was te danke aan die opkoms van die krygsman-tiran, Tsjaka. As hoof van die Amazoeloe, oorkant die Tugelarivier, het hy vanaf 1817 al die kleiner stamme na die noorde en die suide uitgeroei. Die Amahlubi is in 1821 uit hulle stamlande aan die Tugela gestoot. Hulle het oor die berge gevlug en op hulle beurt weer die Batlôkwa by Harrismith aangeval en heeltemal verdryf. Hulle leidster, Mantatisi, het dood en verwoesting gesaai onder talryke vreedsame Bakwena-stamme oorkant die Vaalrivier. Nadat ongeveer agt-en-twintig sulke stammetjies vernietig is, het die Bangwaketse-stam hulle gestuit en gedwing om suidwaarts te swenk. Op hulle pad het hulle nog die Barolong en die Batlapin verdryf. Maar toe het 'n bende Griekwas hulle in Junie 1823 naby Kuruman verslaan. Daarna is die oorblyfsel van die Batlôkwa onder Mantatisi en haar seun, Sekonyela, terug na die Bo-Caledon. Daar het hulle die stammetjies wat nog aan die westelike helling oorgebly het, begin verwoes. Duisende is met knopkieries en assegaaie afgemaak. Dié wat in skuilplekke ontkom het, het

kannibale geword. Die hele noordelike Transoranje is ontvolk, met uitsondering van die Batlôkwa in die noordooste, en 'n armoedige oorblyfsel van die Bataung onder Makwana aan die Vetrivier en die Barolong onder Moroka by Thaba Nchu. Verder was dit 'n woeste wildernis.

Die Matebeles van Silkaats

Daar is nog groter verwoesting aangerig deur Silkaats, toe hy van Tsjaka af weggevlug het en die Matebele-stam gestig het. Hy het in Oos-Transvaal die Bapedi aangeval. Doodsbeendere het oor die vlaktes verspreid gelê. Hy het vanaf sy krale, Mosega en Kapain in die distrik Marico, alles in die omringende land verwoes. Van die Bapedi- en Bakwena-stamme was daar net klein verhongerde oorblyfseltjies in die klowe, bosse en grotte, waar hulle geskuil het.

Daar was dus in die binneland groot onbewoonde gebiede. Die Voortrekkers het nie te doen gekry met honderde klein stamme nie, maar net met 'n paar magtige militêre heersers, soos die Matebeles en die Zoeloes. Vir die onderdrukte stamme was die Trekkers se koms 'n seën, want hulle het kos en werk en 'n nuwe lewensbestaan gekry.

Waarheen hulle getrek het

Louis Trichardt is al in 1833 vanaf die oosgrens met 'n klompie volgelinge oor die Swart Kei en in 1835 oor die Grootrivier. Langhans van Rensburg het omtrent dieselfde tyd die Kolonie verlaat met 8 huisgesinne en by Trichardt aangesluit. Hulle is by Suikerbosrant verby, deur Trichardtspoort, Olifantsrivier en Strydpoort, op pad na die noorde, met die plan om kontak met die Portugese

hawens te maak. By die Soutpansberg het Trichardt halt geroep. Van Rensburg is verder oor die Limpopo, waar sy trekgeselskappie deur die Knopneuse aangeval en almal vermoor is.

Trichardt het 'n jaar lank by die Soutpansberg tevergeefs op die Potgietertrek gewag en toe na Delagoabaai getrek, waar hulle op 13 April 1838 aangekom het. Hy en die meeste van sy mense is daar aan Malaria dood. Later is die oorblywendes per skip na Port Natal, na die Natalse Voortrekkers geneem.

Die tweede trek het plaasgevind onder leierskap van Andries Hendrik Potgieter. Hy was 'n man van aansien in die Tarka, godsdienstig, konserwatief en sekuur in sy handelinge. Hy het hoë agting en trou by sy volgelinge afgedwing, maar is soms deur sy teenstanders van koppigheid beskuldig. Hy wou so ver as moontlik van die Engelse af wegtrek in 'n noordwaartse rigting en kontak met die buitewêreld oor die Portugese hawens soek. Hy wou nie Natal toe gaan nie, want "waar die see is, is die Engelse."

Hy het vanaf die Tarka die Kolonie aan die einde van 1835 met 35 weerbare manne verlaat. Sarel Celliers het by Smithfield by hom aangesluit en in die omgewing van Colesberg ook die Krugers, met die tienjarige Paul daarby. Hulle is by Thaba Nchu verby tot by Winburg. Die trekgeselskap het toe al 200 siele getel. Potgieter het van Makwana, die Batuang-kaptein, die stuk grond tussen die Vet- en die Vaalrivier vir 49 beeste geruil, met die plan om die Republiek Winburg daar te stig.

Op 30 April 1836 het hy met 'n kommissie van elf man en vergesel van Sarel Celliers, by Louis Trichardt aan die Soutpansberg aangekom en vir hom gevra om daar te wag totdat sy trek wat aan die Vaalrivier gestaan

het by Trichardt hulle sou aansluit, sodat hulle saam na die Portugese hawens kon trek.

Vegkop

By sy terugkeer het Potgieter gevind dat Silkaats die voorhoede van sy trek wat reeds die Vaalrivier oorgesteek het, aangeval het. Hy het in Augustus 1836 'n impi van nie minder nie as 1 000 Matebeles op die voorste Voortrekkers afgestuur. Hulle het 'n jaggeselskap van 'n Erasmus platgeloop en op die Trekkers aan die Vaalrivier afgestorm. Die Liebenbergs is by Liebenbergkoppie, naby Parys, oorval en byna almal uitgemoor. Daarna het hulle die hooflaer langs die rivier bestorm. Hier het Johannes Botha en Hermanus Steyn die bevel gevoer. Die aanslag is na 'n verbete geveg afgeslaan, waarna die Matebeles teruggetrek het.

Twee dae daarna het Potgieter en sy geselskap uit die noorde aangekom . Hy het onmiddellik boodskappers uitgestuur na al die verspreide waens en hulle laat laertrek by Vegkop. Twee maande daarna het Silkaats se indoena, Kalipi, op 16 Oktober met 6 000 goed toegeruste krygers die laer aangeval. Hy is met bloedige verliese teruggeslaan, maar het al die vee met hom saamgeneem. Dit was 100 perde, 5 000 beeste en 50 000 skape. Van die Trekkers is twee man gedood en veertien gewond.

Na 'n aantal dae het die toestand van die Trekkers in die laer kritiek begin word sonder trekosse om die waens weg te sleep uit die stank van ontbindende lyke rondom die laer. Maritz, wat intussen daar aangekom het, het hulle te hulp gesnel, saam met Moroka en die sendeling Archbell. Hulle is na Thaba Nchu geneem, waar die Trekkers saamgekom het.

Gerrit Maritz, die leier van hierdie derde trek, was op Graaff-Reinet bekend as leier op kerklike gebied. Hy was 'n wamaker en sakeman en het persoonlik met 'n paar baie mooi waens van eie fabrikaat getrek. Dit was duidelik dat die Trekkers by Thaba Nchu reeds verlang het na 'n meer bestendige burgerlike regering, saam met die kommandostelsel waarvolgens hulle getrek het. Hulle het twaalf dae na die aankoms van die nuwe Trekkers, 'n Burgerraad van sewe lede gekies, met Maritz as president en regter en Potgieter as "leger-kommandant."

Straftog teen Silkaats

Vroeg in Januarie 1837 het Potgieter en Maritz met 'n kommando teen Silkaats uitgetrek. Hulle het hom op die 17e in sy militêre vesting, Mosega, verras. Silkaats het op die vlug geslaan na sy volgende hoofkraal Kapain, naby Enselsberg in die noorde. Die kommando het baie van die vee wat by Vegkop geroof is, weer teruggeneem.

Koms van Piet Retief

Die derde groot groep Trekkers onder aanvoering van Piet Retief, was teen die einde van Maart 1837 in aantog na Thaba Nchu. Maritz het hom tegemoet gegaan en gevra dat hy hom as leier van die algemene trek moes laat kies. Retief was in die Winterberg die voorspraak van die hele boeregemeenskap by die regering. Hy het algemene hoogagting en vertroue geniet. Hy was sagaardig en taktvol, met 'n sterk persoonlikheid en groot deursettingsvermoë.

Na Retief se koms was daar vanaf Thaba Nchu tot by die Vetrivier ongeveer 5 000 siele, waarvan 1 500 van hulle weerbare manne was. Die Trekkers het te staan gekom voor 'n paar probleme wat opgelos moes word.

Daar moes besluit word watter trekkoers verder gevolg sou word en wat die eindbestemming van die Trek sou wees. Hulle moes ook ‘n voorlopige bestuur saamstel en ‘n oplossing vind vir kerklike bediening.

Op 17 April is toe kort na Retief se aankoms by ‘n volksvergadering ‘n nuwe verkiesing van ampsdraers gehou. Retief is gekies tot goewerneur. Hy moes ook die militêre leiding behartig. Die Burgerraad is behou as wetgewende en regsprekende liggaam. Maritz was voorsitter en landdros. Potgieter is nie herkies nie. Hy was alleen kommandant van sy eie trek.

Die Trek se eindbestemming

Al die Trekgroepe het nou, met Potgietger vooraan, stadig in die rigtng van die Vetrivier beweeg Na ‘n reeks vergaderings het hulle tot ‘n beslissing oor die eindbestemming van die Trek gekom . Piet Retief het sy oog gehad op die ontvolkte wêreld tussen die Tugela en die Umzimvubu in Natal. Dan kon hulle Port Natal as hawe gebruik en kontak met die Kolonie behou. Potgieter wou nie sy aansprake op die geruilde en verowerde gebied laat vaar nie, want hy het van die begin af sy oë op die binnelandse hoëveld en noorde as bestemmingsoord gehad, met die moontlikheid om met die buitewêreld in aanraking te kom deur die Portugese van Lourenço Marques. Celliers en Maritz het verkies om Natal toe te gaan, en ook Piet Uys wat intussen aangekom het. Potgieter het ingestem om voorlopig saam te trek. Teen die begin van Augustus was die hele Trek in ooswaartse rigting in beweging langs die Sandrivier op.

Die kerkprobleem

Daar was by die Trekkers ‘n behoefte aan geestelike bearbeiding, want met hulle uittog uit die Kaapkolonie kon hulle nie daarin slaag om ‘n predikant te beweeg om aan die groot volksonderneming deel te neem nie. Hulle moes toe tussen twee persone kies wat georden kon word: Erasmus Smit, Hollander, sendeling, onderwyser, swaer van Gerrit Maritz, óf eerwaarde Archbell, Wesleyaanse sendeling by Moroka, wat hulle baie vriendelik behandel het. Retief het toe op 21 Mei 1837 vir eerwaarde Smit in die amp laat bevestig.

Onenigheid

Op 6 Junie het Piet Retief se laer by die Vetrivier gestaan. Die ampsdraers wat op 17 April gekies is, is ingesweer. Almal moes onder eed verklaar dat hulle die Voortrekkerregering sou eerbiedig en gehoorsaam. Maar op 14 Augustus het Piet Uys saam met 170 ondersteuners ‘n verklaring uitgereik dat hulle hul nie aan wette onderwerp wat deur ‘n paar persone gemaak is nie. Ook Maritz was ontevrede. Hy het op 1 Februarie 1838 aan die Trekkers geskryf dat Retief hom as goewerneur heeltemal te veel mag toegeëien het. Retief het nie daarin geslaag om die geskille uit die weg te ruim nie. Die Trek het voortgegaan na Natal.

Tweede veldtog teen Silkaats

Intussen het Potgieter daarin geslaag om ‘n kommando van 360 man byeen te roep om saam met Maritz en Uys ‘n tweede keer teen die Matebele-tiran Mzilikazi (Silkaats) op te trek. Hulle het hom in ‘n negedaagse slag uit sy vestings by Enselsberg verdryf tot anderkant sy hoofkraal, Kapain. Andries Pretorius het as

besoeker uit die Kolonie hierdie veldtog meegemaak. Silkaats het oor die Limpopo gevlug en hom in die noorde op 'n plek gaan vestig wat hy Bulawayo genoem het. Dit was een van die skitterendste en mees beslissende veldslae uit die tyd van die Groot Trek. Die noordelike deel van die Vrystaat en die grootste deel van Transvaal het nou vir die Voortrekkers oop gelê.

13
Die Voortrekkers in Natal

Intussen het Retief sy laer verlaat en op 6 Oktober 1837 met 'n kommissie na Natal vertrek om met Dingaan en die Engelse by Port Natal te gaan onderhandel. Daar was ongeveer dertig Engelse handelaars op 'n stuk grond by die baai wat deur Tsjaka, en later deur Dingaan, aan hulle afgestaan is. Hulle was Retief goedgesind en het hom selfs 'n verwelkomingsadres aangebied. Dit het later geblyk dat hulle daar 'n eie regering wou stig en die Trekkers as vriende en goeie bure wou ontvang. Een van hulle, John Cane, het Dingaan aangeraai om die gebied by die hawe vir die Engelse uit te hou en die res aan die Boere af te staan.

Gardiner se bedenklike rol

Maar daar was 'n sekere Alan Gardiner by hulle wat vir Dingaan afgeraai het om grond aan die Boere af te staan. Hierdie gewese skeepskaptein het in 1835 uit Engeland hier in Natal aangekom en vir Dingaan gesê hy kom sendingwerk doen. Nadat hy Dingaan se vertroue gewen het, was dit sy taak om weglopers en vlugtelinge aan te keer en aan Dingaan uit te lewer om gestraf te word, wat maar altyd die doodstraf was. Later het hy in Engeland die sendeling, Francis Owen, gaan haal en hom by die Zoeloe-hoofkraal, Oemkoenghoenglovo, geplaas om sogenaamd sendingwerk te doen. Nadat Gardiner Port Natal besoek het, het hy 'n tevergeefse poging aangewend om Engeland te beweeg om die hawe te annekseer. Daarna slaag hy daarin om as magistraat aangestel te word oor die handelaars in die hawe, op gesag van die

Cape of Good Hope Punishment Act. Hulle het egter sy gesag glad nie erken nie . Maar hy het nog steeds invloed op die Zoeloe-koning uitgeoefen. Hy het vir Dingaan gesê Retief hulle is weglopers van hulle eie koning af. Hy moenie grond aan hulle afstaan nie. Hy moet hulle straf soos wat hy altyd die weglopers straf wat Gardiner aan hom uitlewer.

Sekonyela en die geroofde vee

Retief het in die begin van November by Dingaan se hoofstat aangekom. Hy het 'n mate van argwaan by die ou tiran bespeur, want Dingaan wou alles weet oor Silkaats se neerlae en waarom die Trekkers nie in sy ontruimde gebied gaan woon nie. Hy is gewillig om grond aan die Trekkers af te staan, indien Retief hulle die vee wat hulle van hom sou geroof het, terugbesorg. Retief het bewys dat dit nie die Trekkers was wat dit gedoen het nie, deur die vee by Sekonyela, wat die skuldige was, te gaan terughaal. Hy was op 11 Januarie 1838 al weer met die beeste terug in die laers aan die Natalse voet van die berg en gereed vir sy tweede besoek aan Dingaan. Maritz en Celliers het hom afgeraai om weer persoonlik te gaan, maar hy wou nie die verantwoordelikheid op iemand anders afskuif nie.

Die moord op Retief

Hy het op 25 Januarie met 67 man, vier jong seuns en 'n stuk of dertig agterryers vertrek en op 3 Februarie voor die hoofkraal afgesaal. Die traktaat van grondafstand wat Owen opgestel het, is drie dae later eers onderteken, na afhandeling van 'n program van speelvertonings en krygsdanse. Toe Retief en sy manne op 6 Februarie wou vertrek, is hulle weer genooi om ongewapend die kraal

binne te gaan, om sogenaamd te gaan groet. Hulle is oorrompel, na Hlomo Amaboeta, die moordkoppie, gesleep en wreed vermoor.

Die moorde by Bloukrans

Dingaan se vernaamste motief vir die moorde was vrees vir die Boere. Hulle het Silkaats oorwin en nou dring hulle Natal binne om ook vir hom en sy Zoeloes hier uit te dryf. Hulle moet met lis en geweld afgeweer word. Om die Trek in Natal verder in sy kiem in bloed te smoor, het hy sy impi's in die nag van 16 Februarie na die voorposte gestuur van die al te geruste laers langs die hele linie van die Bloukransrivier tot aan die Rensburgspruit. Hulle het die Trekkers bekruip en verras. Dit was 'n ontsettende toneel van dood en vernietiging. Maar die volgende oggend is die Zoeloes gestuit en tot oor die Tugela teruggedryf. Hulle het 25 000 beeste en 'n klomp skape weggevoer. Die prys wat betaal is, was ontsettend. By die gevoelige verlies van hulle vee, was die verlies aan menselewens vir die klein gemeenskap byna verpletterend. By Hlomo Amaboeta het die lyke gelê van goewerneur Piet Retief en meer as 60 manne en 30 bediendes. By Bloukrans en Boesmansrivier is 40 mans, 56 vroue, 185 kinders en 250 bediendes vermoor.

Die mislukte straftog

Teen die einde van Februarie het die Trekkers in 'n benarde toestand verkeer. In hulle nabyheid was daar 'n Zoeloemag van tussen agt- en tienduisend ervare krygers. Hierdie gevaar moes verwyder word, of hulle moes vlug. Die hoop was gevestig op Potgieter en Uys. Hulle het 'n ligte perdekommando saamgestel en met die Engelse in Port Natal gereël om met hulle Bantoe-gevolg van die kus

af die Zoeloes aan te val. Die Boerekommando het op 6 April in twee afdelings onder Potgieter en Uys die Tugela oorgesteek in die rigting van Oemkoenghoenglovo. Hulle is oorkant die Buffelsrivier by Italeni in 'n lokval gelei. Uys se kommando het omsingel geraak en Potgieter se afdeling moes vir hulle 'n pad oopskiet om te kon uitvlug. Piet Uys en sy seun Dirk en 10 manne het gesneuwel. Ses dae daarna het die Engelse met die Zoeloes aan die Tugela slaags geraak en 'n groot verlies gely. Eenduisend van hulle Zoeloe-volgelinge is deur Dingaan se Zoeloes doodgesteek en dertien van die Engelse het gesneuwel.

'n Donker tyd

Na hierdie rampspoedige mislukking van die eerste veldtog teen Dingaan, het skrik en ontsteltenis die Trekkers beetgepak. Potgieter is in die laers van Retief en Maritz van lafhartigheid beskuldig en selfs van verraad. In sy eer gekrenk, het hierdie leier toe besluit om terug te trek na die wye land wat hy geruil en gehelp verower het. 'n Paar dae na Italeni is hy met oor die honderd en sestig man, hulle families en vee terug oor die Drakensberg.

Koms van Andries Pretorius

In hierdie donker tyd het die mense uitgesien na versterking en 'n leier. Hulle het op 28 Maart 1838 vir Maritz weer in sy amp as President-regter bevestig en 'n Volksraad gekies. Andries Pretorius se kuier van die vorige jaar was nog vars in die geheue. Hulle het op 18 April 'n boodskapper na hom te Graaff-Reinet gestuur, om sy hulp in te roep. Hy was 'n welgestelde man van aansien, met militêre ondervinding teen die Swartes in 1835 en ook in die volgende jaar as kommandant op die

grens. Hy was gewillig om te kom, want hy was buitendien van plan om by die Trekkers in Natal aan te sluit.

Onderwyl die Trekkers vir Pretorius gewag het, het hulle veel ongerief in die laers verduur, weens aanhoudende vrees vir 'n nuwe aanval, oorvloedige reëns en epidemiese siektes wat hulle uithoudingsvermoë tot die uiterste beproef het. Die Zoeloes het op die 15e Augustus weer toegesak op die voorste laer aan die Boesmansrivier, maar die aanval is onder aanvoering van kommandant Hans de Lange na 'n driedaagse geveg afgeslaan.

Voorbereiding vir die geveg

Pretorius het op 22 November die laer aan die Klein Tugela binnegery. Saam met sy vrou en sewe van sy agt kinders en 23 ander gesinne, het sy trek uit 138 bestaan. Hy het 68 waens gebruik om hul besittings te vervoer.

Na hulle aankoms het die Trekkers vir Pretorius as hulle kommandant-generaal benoem. Hy het onmiddellik begin organiseer om 'n kommando saam te stel wat teen die Zoeloes moes uittrek om Dingaan se mag te breek. Hulle het besluit om met waens, waarop al hulle benodigdhede gelaai sou word, die Zoeloes tegemoet te trek. Hulle sou elke aand laertrek om hulle teen nagaanvalle te beveilig. Hulle het stewige houthekke gemaak om saam met doringtakke die spasies tussen die waens toe te maak wanneer hulle laertrek.

Met hierdie toerusting, ammunisie en proviand op 57 waens gelaai, waaronder ook twee kanonnetjies was wat Pretorius uit die Kolonie saamgebring het, het die laerkommando in die nag van 3 Desember 1838 met 464 manskappe vertrek. Elke middag is laer getrek en die osse en perde binne die beskutte ruimte van die laer gehou.

Hulle het oor die Tugela en sy oostelike takriviere getrek en ‘n noordelike rigting ingeslaan. Na ‘n week het hulle op Sondag, 9 Desember die Sondagsrivier onder die Biggarsberge, by Danskraal of Wasbankspruit bereik. Hans Dons (Hans de Lange) het toe reeds vasgestel dat Dingaan se impi’s in die nabyheid was.

Na hulle godsdiensoefening wat deur Sarel Cilliers waargeneem is, het hulle die plegtige gelofte afgelê. Hulle het dit op skrif gestel en dit elke aand in die laer voorgelees.

Bloedrivier

Die volgende Saterdag het hulle by die plek aangekom wat later Bloedrivier genoem is. Hulle het vasgestel dat daar ‘n groot vyandelike mag in die nabyheid was. Hulle het laer getrek en dit met groot sorg beveilig. Daar het ‘n vogtige mistigheid met die rivier langs oor die laer getrek. Dit kon die kruit in die Trekkers se gewere só klam maak, dat dit sou weier om te ontplof. Maar toe die son op die Sondagmôre, 16 Desember 1838 opkom, was die misnewels rondom die laer besig om op te klaar. Die Trekkers kon die vyand in hul duisendtalle gehurk sien sit, gereed om op bevel die laer aan te val.

Die voorste massas het meteens op hulle voete gerys en met bloedstollende krygsgeskreeu die waens bestorm. Die gebulder van die Sannas en die twee kanonne het met die oorverdowende lawaai van die aanstormende hordes gemeng. Hulle het doodsveragtend vlaag op vlaag al skreeuend nader gestorm, net om keer op keer deur die geweervuur afgemaai te word. Toe Pretorius merk dat hul aanvalle halfhartig word, het hy met die perderuiters die laer uitgestorm en hulle verder afgemaai en die hele swart massa op die vlug gedryf.

Van die 10 tot 15 duisend Zoeloes wat die laer aangeval het, het meer as 3 000 op die slagveld bly lê. In die laer het twee manne en die Kommandant-generaal ligte wonde opgedoen.

By Dingaanstat en Moordkoppie

Die volgende dag was die seëvierende laerkommando reeds op pad na Dingaan se hoofstat, om die Tiran in sy nes te gaan aanpak. Toe hulle na vyf dae die plek nader, was al wat hulle daar aangetref het, net nog enkele rooksuile wat uit die verlate en verwoeste stat opstyg. Dingaan het sy stat aan die brand laat steek en gevlug.

‘n Rukkie later was hulle by die Moordkoppie, Hlomo Amaboeta. Daar het ‘n groot aantal geraamtes rondgelê. Hulle kon dié van Retief en sy makkers uitken aan stukkies klere wat nog daaraan gekleef het. Retief s’n het nog die leerbladsak om gehad waarin die opgevoude traktaat nog ongeskonde en leesbaar was.

Daarna het 300 man van die kommando onder leiding van Hans de Lange op 27 Desember die vlugtende Zoeloes verder agtervolg. Dingaan het hom met sy hele gevolg tot oor die Wit Umfolozi teruggetrek. Dit is ‘n woeste streek wat selfs vir ‘n perdekommando moeilik bereikbaar was. Pretorius het by die waens gebly, want hy het baie las van sy beseerde hand gehad. Landman het met sy manne in ‘n hinderlaag beland en moes die hele dag lank in ‘n verbete geveg verhoed dat 5 000 Zoeloes hulle nie geheel en al omsingel nie. Vyf van die manskappe het gesneuwel, maar daar het meer as 1 000 Zoeloes op die slagveld bly lê.

Britse bemoeienis

Op 4 Desember het 'n Britse troepemag onder majoor Charters in Port Natal geland. Hy is sonder Engeland se goedkeuring, deur goewerneur Napier van die Kaap daarheen gestuur "om die inboorlinge te beskerm en bloedvergieting te voorkom." Hy het beslag gelê op die Trekkers se ammunisie wat hulle in die baai geberg het. Hy was gewillig om dit terug te gee indien die Trekkers beloof om dit net vir verdedigingsdoeleindes te gebruik. Hulle het dit geweier.

Charters het in Januarie 1839 na Kaapstad teruggekeer en kaptein Henry Jervis, wat in beheer van die troepe gelaat is, het met Dingaan onderhandelings aangeknoop wat op vrede met die Trekkers moes uitloop. Pretorius het die "vredeskonferensie" wat op 25 Maart op die plek gehou is waar Durban vandag is, bygewoon. Daar is wedersyds ooreengekom dat die Tugela die grens sou wees tussen die Natalse Republiek en die Zoeloes. Dingaan se gesante het beloof dat hulle die vee en goed wat hulle van die Boere geroof het, sou teruggee.

Dingaan het hom maar min aan die ooreenkoms gesteur. Die vergoeding wat beloof is, het maar drupsgewys ingekom. Daar het voortdurend gesante van laer rang by die Boere verskyn en die indruk gewek dat hulle spioene was en dat Dingaan hom klaarmaak om hulle ter geleënertyd weer aan te val.

In die najaar van 1839 het die toestand verbeter. Panda, Dingaan se halfbroer, het met 17 000 volgelinge van Dingaan weggebreek. Jervis het die Boere se ammunisie teruggegee en die Engelse troepemag het Port Natal ontruim.

Laaste veldtog teen Dingaan

Panda het die Trekkers van sy goeie bedoelings oortuig. Andries Pretorius het met hom ooreengekom om Dingaan weer aan te val. Teen 15 Januarie 1840 het hy 'n burgermag van 350 man in die veld gehad. Panda se Zoeloemag van 5 000 het Dingaan se impi's in 'n slag by die Makonko-koppe beslissend verslaan, onderwyl Pretorius en die burgermag feitlik net as toeskouers daaraan deelgeneem het. Hulle het 42 000 beeste as skadevergoeding geneem. Pretorius het op 10 Februarie 1840 vir Panda aan die Swart Umfolosi tot koning van die Zoeloes uitgeroep.

Die Republiek Natal

Die Trekkers het hul vlag in Port Natal geplant en één groot republiek geproklameer. Hendrik Potgieter was kommandant-generaal vir die gebied Winburg-Potchefstroom en Andries Pretorius vir Natal. Pietermaritzburg, die hoofstad, waar die Volksraad gereeld vergader het, is al in 1838 gestig. Die raad het 'n versoek aan goewerneur Napier van die Kaap gerig, om as verteenwoordiger van die Britse regering, die onafhanklikheid van die Voortrekkerrepubliek te erken. Napier wat gedurende sy bewind geen goeie woord ooit vir die Trekkers gehad het nie en hulle wou laat verstaan dat hulle nooit iets anders as minderwaardige Britse onderdane sou wees nie, was moedswillig glad nie haastig om te reageer nie. Hy het naderhand in 1841 nader besonderhede gevra voordat hy sou besluit. Daarop het die Volksraad sy versoek om erkenning van sy onafhanklikheid dringend herhaal. Napier het toe skielik geweier om te onderhandel, tensy die Trekkers eers erken dat hulle Britse onderdane is en bereid is om die gesag van die Britse regering te

gehoorsaam. Eers ‘n jaar daarna het hy aan hulle laat weet dat die Engelse regering weier om hul onafhanklikheid te erken. Die Volksraad wou egter nie berus nie en het in Desember 1841 weer aangedring om erkenning van sy politieke vryheid, waarna Napier dit weer ontken het. Hy het gedreig om Port Natal weer met ‘n militêre mag te laat beset.

Nkapaai en Fakoe

Aan die suidgrens van die Republiek het die Bakas langs die boloop van die Umzimvubu, onder hulle hoofman, Nkapaai, gewoon. Hy was bekend vir baie moord- en rooftogte, ook op sy buurman, Fakoe en die Pondo’s. Die Boere van Suid-Natal het veel las van hierdie veediewe gehad. Hulle het besluit om die stryd teen Nkapaai aan te knoop, al sou hulle gevaar loop om met die Kaapse Goewerneur in botsing te kom. Nkapaai is verslaan deur ‘n kommando van 260 burgers. Sewentien Baka-kinders wat in verlate krale aangestref is, is saamgeneem om by die burgers ingeboek te word. Toe Fakoe sien wat met Nkapaai gebeur, wend hy hom tot sir George Napier en vra beskerming teen ‘n moontlike inval van die Voortrekkers. Napier het nie op hom laat wag nie. Hy het dadelik ‘n troepemag van 200 man onder kaptein TC Smith na Pondoland gestuur om Fakoe en Nkapaai te beskerm.

Die slag van Congella en die anneksasie van Natal

Toe land daar in Augustus 1841 ‘n Amerikaanse handelskip, die *Levant,* in Port Natal om met die Voortrekkers handel te dryf. Dit het die Engelse laat besef dat hulle die binnelandse handel deur Port Natal kon verloor. Daarom het Napier uit Engeland opdrag ontvang

om Port Natal weer te beset. Kaptein Smith is van Pondoland af met sy troepe na Port Natal gestuur, waar hy op 4 Mei 1842 aangekom het. Sy mag het bestaan uit 250 man, 60 waens, ‘n aantal Hottentotte, 10 perde en 3 kanonne. Hy het sy kamp by Congella opgeslaan. Vyf dae later was Pretorius ook daar met ‘n kommando en slaan sy kamp omtrent 5 km van Smith s’n af op.

Smith het op 23 Mei ‘n nagaanval op die Boerekamp gemaak, met 123 soldate en twee kanonne, maar hy is teruggeslaan met ‘n verlies van 17 dooies, 31 gewondes en 3 vermistes. Hulle kanonne het ook op die strand agtergebly. Twee dae later het die Boeremag die bemanning van die skoener, die *Mazeppa,* gedwing om oor te gee. Hulle het 56 wavragte goedere, geld en ‘n kanon gebuit.

Pretorius het voortgegaan om Smith te beleër. Een van sy manne, Dick King, het in die nag ontsnap en te perd seshonderd myl in ses dae na Grahamstad afgelê om hulp te gaan soek. Op 26 Junie het ‘n groot vloottaakmag van 800 soldate onder kolonel AJ Cloete uit die Kaap in die hawe geland en met hul skeepskanonne se gebulder vir Smith ontset. Pretorius moes toe maar met sy handjievol Boere en verouderde voorlaaiergewere die wyk neem voor die getalsterke vyand met hul moderne wapentuig.

Die Engelse Natal

Lord Stanley, Britse minister van kolonies, het Natal in Desember 1842 vir Engeland geannekseer en die Kaapse goewerneur Napier het op 12 Mei 1843 die gebied tot ‘n nuwe Britse kolonie geproklameer.

Die verengelste Cloete het onmiddellik begin om ‘n soort militêre regering oor die Trekkers toe te pas. Hy het

die Swartes gebruik om die lewens van die Trekkers te vergal. Panda, wat vroeër deur die Trekkers as koning van die Zoeloes aangestel is, het nou skielik pro-Brits geword. Sy bendes het begin om die hele Natal te oorstroom. Cloete het hulle opdrag gegee om die Boere se vee te gaan roof en na die Engelse kamp te bring. Hulle sou daarvoor vergoed word.

Pretorius moes die stryd opgee en sy manne huis toe stuur om hul gesinne te gaan beskerm teen die Swart plaag wat hulle skielik weer bedreig het. Drie ou mans is koelbloedig vermoor deur Cloete se "vreedsame" rowers en vroue en kinders is mishandel. Die toestand het in 'n orgie van amptelike moord, roof en verkragting ontaard.

Cloete is terug Kaap toe. In sy plek is sy broer, Henry Cloete, na Natal gestuur as gevolmagtigde van die Britse regering om die nuwe gebied te administreer. 'n Aantal vroue, onder leiding van die vrou van Erasmus Smit, het vir Cloete 'n benoude tydjie besorg. Hulle het hom as 't ware in sy kantoor gaan omsingel en vir hom gesê dat hulle hul nooit aan Britse gesag sou onderwerp nie en as hulle verset daarteen tevergeefs is, sal hulle liewers kaalvoet oor die Drakensberg terugstap na vryheid, as om onder Britse bestuur in Natal te bly. Hulle wagwoord is: "Die Vryheid of die Dood." Maar Natal was vir die Trekkers verlore.

Die Trekkers verlaat Natal

Na die anneksasie van Natal in 1843 deur die Engelse, het daar 'n uittog van die Trekkers na die Vrystaat en Transvaal begin. Teen die einde van 1843 was daar skaars nog 500 gesinne in Natal oor. Andries Pretorius het op sy plaas Welverdiend by Pietermaritzburg bly woon en probeer om in die bres te tree vir sy mense by die nuwe

Engelse outoriteite. Hy het niks bereik nie. Hy het selfs Kaap toe gegaan om te gaan kla, maar die goewerneur het geweier om hom te woord te staan.

Toe dit naderhand onhoudbaar word weens die toestroming van al die swart roof- en moordbendes, het Pretorius die Trekkers wat nog daar was, ongeveer 400 in getal, bymekaar gemaak en in 'n trek na die Vrystaat beweeg. Hulle laers het aan die begin van 1848 aan die Tugela gestaan. Die nuwe Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, het hulle daar besoek en probeer oorreed om in Natal te bly. Die Trekkers het skielik waardevolle inwoners van Natal geword.

Nie een is terug nie. Pretorius self het 'n plaas bekom in Transvaal aan die Magaliesberg by Hartebeespoort. Baie van die Natalse Trekkers het hulle ook in Transvaal by Potchefstroom en Rustenburg gevestig en die ander is na die noordelike deel van die Vrystaat, waar Potgieter Winburg aangelê het, tussen die Vet- en die Vaalrivier.

14
Die Voortrekkers in Transvaal
Potgieter, pionier van die noorde

Die bewering dat Andries Hendrik Potgieter steeds na die noorde gehunker het omdat hy in Natal nooit enige heil gesien het nie, aangesien hy dié as nog te na aan die Engelse beskou het, is seer seker oordrewe, maar dit is bo alle twyfel waar dat Potgieter dié pionier is wat die republikeinse gebied ten weste van die Drakensberge vir die Voortrekkers gewen het. Hy het die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier van Makwana vir die Trekkers geruil, die Oorvaalse streek van die Swartgevaar gesuiwer en bewoonbaar gemaak. Na die tweede straftog teen Mzilikasi (Silkaats), het hy die gronde wat die Matebeles bewoon het, as Voortrekkerbesit geproklameer en die Kaapse owerheid sowel as Silkaats daarvan kennis gegee. Op hierdie gebied, noord van die Vetrivier en wes van die Drakensberge, wou hy die Trekkers se vrye republiek laat verrys. Maar hy wou, vry van Britse invloed, vir die republiek verbinding met die see bewerkstellig.

Verspreiding van die Voortrekker-groepe

Die Voortrekkers wes van die Drakensberge, wat aan Potgieter se trek behoort het, het hulle in die hele streek noord van die Vetrivier en in Wes- en Suidwes-Transvaal gevestig. Daar het ‘n gereëlde regering tot stand gekom, net soos in Natal. Die twee Voortrekkermaatskappye is op 16 Oktober 1840 met mekaar verenig onder een sentrale volksraad, met Pietermaritzburg as setel. Andries Pretorius is benoem as kommandant-generaal vir die

distrik Natalia en Hendrik Potgieter vir die distrik Potchefstroom, met ‘n adjunkraad om hom by te staan.

Na die anneksasie van Natal deur die Engelse, het Potgieter op 3 Oktober 1843 aan die Engelse gesaghebbendes in Natal kennis gegee dat hy nie die anneksasie van krag ag op die gebied wes van die Drakensberge nie. Die adjunkraad is vervang met ‘n burgerraad of volksraad, wat op 9 April 1844 die *Drie en dertig Artikels* opgestel het, wat die grondslag sou vorm van al die bestuursinstellings van die Republiek wes van die Drakensberge.

Die Natalse Trekkers wat saam met Pretorius en daarna hierdie nuwe Engelse kolonie verlaat het, het hulle in die omgewing van Winburg en Potchefstroom-Magaliesberg gaan vestig. ‘n Seksie uit hierdie groep, onder nie-amptelike leiding van JJ Burger, voormalige sekretaris van die gewese Natalse volksraad, was nie gediend met die bestuursgesag wat aan Potgieter toegeken is nie en was nie bestem om die eenheid in die Republiek wes van die Drakensberge te bevorder nie. Aanvanklik was daar nie probleme nie en kon Potgieter onbelemmerd sy aandag wy aan pogings om vir die Republiek ‘n weg na die see te vind oor Portugese gebied.

Smellekamp se raad

Potgieter het toe in 1843 ‘n kommissie georganiseer na Delagoabaai om met die Portugese te gaan reëlings tref. Met hulle aankoms in die hawe, het hulle daar ‘n predikant, ds Ham, ontmoet, wat bestem was om die Trekkers geestelik te kom versorg. Hy is daar afgelaai deur ‘n sekere Smellekamp, wat met die skip, die *Brazilië,* deur die Trekkers se vriende in Holland gestuur is om met hulle te kom handeldryf. Smellekamp het eers Port Natal aangedoen, want hy het nie geweet dat die hawe nie meer

in die Trekkers se besit was nie. Die Engelse wou hom nie daar toelaat nie en daarom het hy na Delagoabaai geseil en ds Ham daar afgelaai. Daar was ook ‘n onderwyser vir die Trekkers op die skip, ene Martineau, wat intussen op see oorlede is. Ds en mevrou Ham het in Delagoabaai agtergebly en gehoop dat hulle die Trekkers in die binneland op een of ander manier sou bereik., maar tydens haar bevalling is mevrou Ham en haar baba albei in Lourenço Marques oorlede, terwyl ds Ham malaria opgedoen het. Onder hierdie omstandighede het hy nie meer kans gesien om saam met die Trekkers te gaan nie en wou hy maar liewer na sy vaderland terugkeer.

Smellekamp se koms na Delagoabaai het Potgieter laat besluit om weer ‘n kommissie daarheen te organiseer om met die Portugese te gaan onderhandel oor handelsmoontlikhede. Hy het die tog in die somer van 1843 van agter die Magaliesberg met 80 Winburgers en Potchefstromers onderneem, maar weens vol riviere en die tsetsevlieggevaar, moes hulle omdraai en tot die winter van 1844 wag voordat hulle weer op die lang, ongebaande pad na Delagoabaai was met ‘n aantal ossewaens en gedeeltelik te perd.

Toe hulle uiteindelik die berg oor is en na die seevlakte begin afdaal, het hulle die waens weens die moeilike terrein onder die sorg van die helfte van die geselskap gelaat en met die res die tog te perd voortgesit tot in die baai, waar hulle gelukkig nog vir Smellekamp aangetref het na sy terugvaart vanaf Batavia en hy op die punt gestaan het om na Holland te vertrek. Die Hollander het hulle verseker van sy opregte voornemens om spoedig ‘n gereelde handel tussen Holland en die Trekkers tot stand te bring en het hulle die raad gegee om met die oog daarop en op die *Cape of Good Hope Punishment Act,* van

die Portugese toestemming te kry om hulle noord van die 26e graad suiderbreedte te vestig, waar hulle buite die Britse invloedsfeer sou wees. Hy was oortuig daarvan dat die Engelse hulle ten suide van hierdie breedtegraad steeds sou bly agtervolg. Ook moes hulle, met die oog op die handel, hulle nader aan die baai vestig en nie vir die tsetsevlieë en malaria terugdeins nie.

Die plan het vir Potgieter en sy metgeselle aanloklik voorgekom. Met Smellekamp as tolk het hulle op 22 Julie 1844 toe met die Portugese goewerneur ooreengekom *om zich binnelands achter de portiegiesche havens te vestigen,* vanaf die 26e graad suiderbreedte tot die 10e graad noorderbreedte, mits hulle nedersetting nie nader as vier dagreise van die Portugese hawens af geleë is nie.

Die kommissie het die terugtog Transvaal toe met nuwe geesdrif aangepak. Toe hulle die stroom bereik waar hulle die walaer twee maande tevore agtergelaat het, was dié egter weg. Die persone in die laer het naamlik toe Potgieter en sy geselskap ‘n maand nadat hy beloof het om terug te wees en nog steeds wegbly, besluit dat hulle almal omgekom het. Hulle het toe die rivier waar hulle gelaer was, die naam Treurrivier gegee en in ‘n treurige stemming die terugreis aangevang. Hulle was egter nouliks by die volgende rivier, toe die perdekommando op pad van die baai af terug hulle inhaal, met die gevolg dat hulle hierdie rivier toe die naam Blyderivier gegee het.

Teen die einde van Augustus 1844 was die ekspedisie te Magaliesberg terug. Die Burgerraad het die besluit om nader aan die Portugese hawens te trek, goedgekeur en aan Potgieter opdrag gegee om die verhuising te organiseer en te lei. Potgieter het byeenkomste gehou en die mense aangemoedig om te verhuis, maar te kenne gegee dat die gebied wat hulle gaan verlaat, nie prysgegee

sou word nie en dat die plase wat hulle gaan verlaat, hulle eiendom sou bly. Die verhuising sou nie die stigting van ‘n nuwe Voortrekkerstaat beteken nie, maar alleen die verplasing van die Volksraad na ‘n nuwe setel.

Die verhuising na Ohrigstad

Daar was mense, veral van die nuwe intrekkers uit Natal, wat Potgieter net wou gebruik as “trekleier” en hom daarna wou uitskakel. Dit het Potgieter te hore gekom. Hy het op 6 Mei 1845 ‘n vergadering te Potchefstroom gehou, waar 114 persone ‘n dokument onderteken het waarin hulle hom as hoofkommandant bemagtig om hulle sake te reël.

Die verhuising het in die middel van 1845 in klein groepies begin. Die Kruger-broers, Gert en Casper en laasgenoemde se seun Paul wat Potgieter se staatmakers was, het die trek meegemaak, maar het spoedig daarna weer na die weste teruggekeer, alhoewel hulle verderaan steeds deur dik en dun by Potgieter gestaan het.

Die meeste van die Trekkers het in Julie 1845 by die nuwe nedersetting aangekom. Teen Augustus 1845 was daar reeds meer as 1 000 persone, of ruim 300 huisgesinne in die nuwe gebied gesetel. Rondom die terrein waar die dorp sou verrys, geleë binne twee weke se reis na die baai en naby die kant van die Drakensbergpasse waarlangs Trichardt gegaan het, kon reeds ‘n groot aantal beeste, skape, perde en waens bespeur word, sodat die gesig sterk aan die vroeëre Voortrekkerlaers herinner het.

Die naam van die dorp sou Andries Ohrigstad wees, ter ere van Andries Hendrik Potgieter en die Amsterdamse koopman, George Gerhardus Ohrig, wat sy skip, die Brasilië, met sy kantoorbediende, JA Smellekamp, na die Trekkers gestuur het. Potgieter het vir homself ‘n plaas

aan die noordelike grens van die dorp op 2 Augustus 1845 aangeteken en die naam Strydfontein daaraan gegee. Feitlik grensende aan sy plaas, het Jacobus Burger sy plaas, Nooitgedacht, aangelê.

Die begin van onenigheid

Op 30 Julie 1845 is op die nuwe dorp ‘n byeenkoms gehou om die regering weer te organiseer en ‘n nuwe Volksraad op te rig. Die publiek het nege lede gekies, met Casper Kruger as voorsitter en Jacobus Burger as sekretaris. Potgieter self was ook een van die lede. By die eerste sitting van die Raad het Potgieter sy aanstelling van 6 Mei as kommandant en algemene “bestierder” deur die publiek van Potchefstroom, aan die Raad voorgelê om bekragtig te word. Hierteen het “eeniege leden” beswaar aangeteken. Hulle houding was dat die aanstelling slegs bedoel was om van krag te wees gedurende die verhuising self. Daarop het Potgieter se ondersteuners ‘n geskrif opgestel wat deur 122 persone onderteken is. Hulle het geëis dat hy steeds verder “zal uitmaken de hoogste gezag en bestier dezer volksplanting,” maar by sy afwesigheid, sou die raad die hoogste gesag wees. Die versoek is deur die raad met lang tande aanvaar.

Daarna is verder aandag gegee aan die administrasie van die nuwe gebied, met bekragtiging van die aanstellings van sy klein “amptenary” : Die hoofkommandant, volksraadsekretaris, ‘n paar veldkornette, huweliks-kommissarisse en ‘n landdros. Daar is onmiddellik ‘n begin gemaak met die uitgee van erwe in die nuwe dorp en van plase in die omgewing.

Teëspoed op pad na die baai

Die Trekkers het nie uit die oog verloor dat een van die vernaamste oogmerke van die trek was om deur die Portugese hawens verbinding met die buiteland te bewerkstellig nie. Hulle het op 27 Oktober 1845 'n ekspedisie deur 'n geselskap van 26 man onder leiding van Carel Trichardt na die baai gestuur om die geskikste pad daarheen te vind en sake met die Portugese owerheid te bespreek. Hulle het die tog te perd en met waens met velle en ivoor belaai, onderneem. Hulle het die baai bereik, maar het al hulle trekdiere en perde as gevolg van die tsetsevlieg en perdesiekte verloor. Die Portugese was beleefd en hulpvaardig, maar op die kommissie se terugtog na Ohrigstad, het hulle op 'n afstand van enkele dagreise van die baai af, 'n baken ingeplant om volgens hulle opvatting die grens van die Portugese grondgebied aan te dui. Die Portugese goewerneur het daarvan te hore gekom en vir Potgieter laat weet dat die baken net so goed op die middel van sy lyf ingeplant kon gewees het. Indien dit in opdrag van Potgieter sou geskied het, wou hy niks met die Trekkers te doen hê nie en alle handelsbetrekkinge met hulle staak.

Die handel met die buiteland misluk

Daarna het die owerheid te Ohrigstad meer as 'n jaar lank nie weer ernstige aandag aan 'n handelstog na die hawe geskenk nie. Die beoogde handel met die buitewêreld deur die Portugese hawe kon nie op dreef kom nie. Hulle hoop was gevestig op pogings wat die Hollander Smellekamp sou aanwend om per skip vanaf Holland vir hulle noodsaaklike lewensmiddele te voorsien, in ruil vir velle, horings en ivoor. Smellekamp het in 1848 daarin geslaag om met 'n skip. die *Animo,* weer die Portugese

hawe te bereik met 'n vrag handelsware wat vir die Trekkers bestem was. Die Portugese wou hom egter nie laat land nie, omdat hy nie onder Portugese vlag geseil het nie.

In Julie 1848 het daar weer 'n kommissie vanaf Ohrigstad vertrek om 'n veilige pad na die baai te soek. Hulle was so gelukkig om op die selfde tydstip daar aan te kom toe die *Animo* daar anker gewerp het. Die Portugese owerheid het geweier om Smellekamp toe te laat om onder Hollandse vlag met die Trekkers handel te dryf en die *Animo* kon nie aan wal gebring word nie. Maar Smellekamp het vir hulle 'n "onderwyser" aan wal gesit, 'n sekere HT Bührmann, wat later 'n bedenklike rol in Transvaal sou speel. Smellekamp het die kommissie belowe om binne 15 maande terug te wees onder Portugese vlag met 'n nuwe handelsvrag. Daarna het hy na die Kaap geseil waar hy 'n klein deeltjie van sy vrag verhandel het en toe met die res na Holland teruggevaar.

Vroeg in 1850 het daar weer 'n kommissie na die baai vertrek om met die Portugese goewerneur, JC de Andrade, te gaan onderhandel. Hy was vriendelik en vol beloftes, maar sy base in Lissabon was nie van plan om aan sy beloftes gevolg te gee nie.

Intussen het die Boere probeer om uitvoering te gee aan Smellekamp se versoek om *goed gezouten huiden, ivoor en schapenwol* en ander handelsartikels bymekaar te maak. Hulle het nie daarin geslaag nie, want die olifantjag het misluk. Nietemin het 'n kommissie van 29 man met 11 waens op 15 Mei 1851 na die baai afgereis. Toe hulle in die baai kom, het hulle 100 osse verloor aan 'n *onverwachten en heevigen ziekten.* Hulle het op 25 Julie maar huiswaarts gekeer en gekla dat die water in die baai vir die osse ongesond was om te drink en dat die pad

vanaf die Lebombo na die see met volop tsetsevlieë besmet was.

Vyf dae nadat die kommissie die baai verlaat het, het Smellekamp op 30 Julie 1851 met die Portugese skip, die *Vasco da Gama,* daar geland. 'n Kommissie wat op 27 September 1851 in die baai aangekom het nadat Smellekamp na Mosambiek vertrek het, het gevind dat die Trekkers se artikels swak op prys was en dié wat Smellekamp daar afgelaai het, peperduur was.

Weens die feit dat die Trekkers se besoeke aan die baai nooit ooreengestem het met Smellekamp se aankoms aldaar nie en dat die pad na die baai vanaf Ohrigstad met malaria-muskiete en tsetevlieë besmet was, kon die handel nie op dreef kom nie. 'n Tog na die baai met perde en ossewaens was 'n baie gevaarlike onderneming. Dit kon alleen gedurende die wintermaande enigsins met 'n mate van veiligheid en sukses onderneem word. Daarbenewens het die Portugese 'n afsydige en onsimpatieke houding teenoor die Trekkers ingeneem.

Die skeuring in die gemeenskap

Spoedig na die vestiging van die Ohrigstadse nedersetting, het daar al tekens van onenigheid en wrywing ontstaan. Die groep gewese Natallers, onder aanvoering van JJ Burger, was nie gediend met die gesag wat Potgieter as hoofkommandant en "bestierder" van die maatskappy uitgeoefen het, naas die funksie van die verkose Volksraad nie. Hulle het hom van allerhande vermeende wanpraktyke beskuldig, in 'n poging om sy gesag te ondermyn. Dit het die gemeenskap spoedig in twee kampe verdeel, as ondersteuners van die "Volksraadparty" en van die "Potgieterparty".

Die kleinsielige en nodelose getwis het só erg geword dat Potgieter en sy ondersteuners besluit het om 'n einde te maak aan die regering van die Volksraadparty, deur die staatsdokumente in die hande te probeer kry. Hulle het gedink dat die besit van die staatspapiere jou met staatsgesag beklee. Die teëparty het gedink dat Potgieter hulle die papiere wou verbrand en wou toe weet of hulle dan nie gedoop is nie!

Omdat die Volksraadgroep aanhoudend probeer het om vir Potgieter in onguns by die publiek te bring, wou hy hulle 'n slag goed verneder en het vir Jacobus Burger laat vang en opsluit. Dit het byna tot 'n burgeroorlog ontwikkel. Uiteindelik het elke kant ses verteenwoordigers benoem wat na beraadslaging by 'n soort wapenstilstandooreenkoms uitgekom het. Daar is besluit dat die wapens neergelê sou word en *ieder party rustig en stil naar huis sal terugkeeren* en dat die Hollander Smellekamp, in wie albei partye 'n grondelose vertroue gestel het, as arbiter in die saak sou optree.

Dit was vir Potgieter duidelik dat so lank as wat daar twee regerings wat mekaar vyandiggesind was op die selfde bodem bly voortbestaan, daar geen hoop op vrede en vooruitgang kon wees nie. Hy het ook besef dat Ohrigstad nie aan sy oorspronklike doel kon beantwoord nie. Die nedersetting was ook nie vir suksesvolle veeboerdery geskik nie en die malaria het reeds 'n aansienlike getal slagoffers geëis. Daarom het Potgieter besluit om Ohrigstad te verlaat. Hy het op 12 Junie 1847 aan die hoof van 230 manskappe na die noorde vertrek.

Potgieter verhuis na Soutpansberg

Na 'n skermutseling met Silkaats ver noord van die Limpopo, het hy aan die hang van die Soutpansberg 'n

geskikte terrein vir die uitlê van 'n nuwe dorp uitgesoek. Na drie maande was Potgieter weer in Ohrigstad terug om voorbereidings vir die verhuising te tref. Die trek het Ohrigstad vroeg in 1848 verlaat, op pad na Soutpansberg, waar hy'n nuwe nedersetting, Schoemansdal, aangelê het.

Ohrigstad het na Potgieter se verhuising na Soutpansberg al hoe meer 'n sukkelbestaan begin voer. Jacobus Burger en sy Volksraadgroep was magteloos aan hulself oorgelaat. Hulle was klein in getal, omring deur talryke vyandige naturellestamme en bedroë in die hoop op 'n florerende handel met die buiteland. Hulle het verarming en agteruitgang in die gesig gestaar. Hulle het reikhalsend na Smellekamp se koms uitgesien en blykbaar geglo dat sy teenwoordigheid sommer alle probleme sou wegtower.

In die somer van 1848-1849 het 'n hewige malaria-epidemie sy verskyning gemaak . By Ohrigstad lê daar 47 grafte, by Nooitgedacht 12 en by die samevloei van die Steelpoort- en Spekboomrivier 46 Op elke plaas toon ongeveer 'n halfdosyn grafte die laaste rusplaas aan van die slagoffers van die epidemie.

Onderwyl die sterfgevalle toegeneem het, het die oorblywendes begin om al hul besittings op te pak en suidwaarts na 'n hoërliggende streek te trek. Die volksraad het op drie plase 'n nuwe dorp gaan aanlê en op 20 September 1849 besluit om hom *Leidenburg* te noem *wat den naam verkreeg van het lyden aan de geele koorts onze landgenooten te Ohrigstad doorgestaan.*

15

Transvaal en die Vrystaat word vry

Toestande in Transoranje

Toe die Natalse Trekkers in 1844 in die Vrystaat aankom, het daar alreeds verskeie groepe mense gewoon. In die suidelike deel het die Griekwas onder hulle hoofman, Adam Kok, gewoon Die oostelike Transoranje was beset deur die Barolong, Moroka en op 'n deel daarvan het Mosjes aanspraak gemaak. Die Trekkers wat nie na Transvaal verhuis het nie, het in die Republiek Winburg gewoon. Dit is die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier, wat Potgieter van die Batuang-kaptein vir 49 beeste gekoop het. Die Boere se vernaamste leiers daar was Jan Mocke en Jan Kock. In die suidelike deel tot aan die Oranje, was daar hier en daar nog Afrikaner-Trekkers wat nie Winburg toe is nie. Tussen hulle het 'n klompie gewone trekboere gewoon en ook 'n groep Engelse wat oor die Oranje getrek het en hulle daar gevestig het. Hulle leier was die verengelste Michiel Oberholzer.

Hierdie Engelse en die trekboere het hul owerheid gesmeek om die hele Vrystaatse gebied vir Engeland te annekseer. Die Britse owerheid was egter nog nie bereid om dit te doen nie, maar hulle het al die inwoners van Transoranje duidelik laat verstaan dat hulle almal Britse onderdane is, alhoewel hulle nie op Britse grondgebied woon nie, want waar hulle ook al gaan, bly hulle onder die jurisdiksie van die *Cape of Good Hope Punishment Act.*

Verdrae met die inboorlinge

Om die Britse gesag in Transoranje te demonstreer, het die Kaapse goewerneur Napier verdrae gesluit met Adam Kok, die Griekwa-hoof en met Mosjes van die Basoeto's. In hoofsaak het die verdrae bepaal dat hulle die orde in hul onderskeie gebiede moes handhaaf en misdadigers moes uitlewer. Kok kry daarvoor wapens en ammunisie en R200 per jaar. Mosjes kry R150 óf wapens en ammunisie. (R200 of £100 was in daardie tyd baie geld).

Die verdrag met Kok het feitlik die onafhanklikheid van die Griekwas erken. Hy kon nou namens die Engelse oor die Afrikaners baasspeel, want hulle het nou sy onderdane geword. Hy het sy pasverkreë gesag ook probeer handhaaf deur hulle te hiet en gebied en selfs te laat arresteer en vir vermeende misdrywe hof toe te sleep. Dit kon die Winburgers nie sluk nie. Jan Mocke het 'n klein kommando op die been gekry en noord van Philippolis laer getrek. Na enkele skermutselinge is die Boere deur 'n Engelse afdeling verdryf. Mocke het toe oor die Vaalriver getrek en Kock het na Winburg gegaan. Kort daarna is 'n Britse resident in Griekwa-gebied geplaas. Majoor Warden het hom in 1846 met 'n militêre mag in Bloemfontein gevestig.

Die Oranjerivier-Soewereiniteit

Dit was duidelik dat die Engelse van plan was om die hele Vrystaatse gebied te annekseer . Die Kaapse goewerneur, sir Harry Smith, het vir Andries Pretorius gesê die meeste inwoners van die Vrystaat is ten gunste van Britse anneksasie van die gebied. Pretorius het vir hom gesê die Afrikaners gaan vir hulle vryheid veg, of nog verder noordwaarts trek as die Engelse grypsug die Vrystaat ook

gaan inpalm. Smith het ingestem om met sy anneksasie te wag tot Pretorius bewys lewer dat die Vrystaters teen die anneksasie gekant is. Pretorius het vyftien vergaderings in Transoranje en die Winburggebied gehou, waar almal voor die voet daarteen gestem het. Goewerneur Harry Smith het egter nie op die uitslag gewag nie., maar op 3 Augustus 1848 sy voornemens uitgevoer en die hele Vrystaatse gebied, vanaf die Oranje tot aan die Vaal, vir Engeland geannekseer onder die naam *Orangeriver Sovereignty.*

Die Slag van Boomplaas

Na die anneksasie het die onrus in hierdie gebied toegeneem. In Winburg is die Afrikaner-landdros Jacobs deur 'n Engelse magistraat Biddulph vervang. Die Winburgers het hom 'n maand lank verdra en toe aangesê om die dorp te verlaat. Biddulph het na Bloemfontein die wyk geneem.

Die Winburgers het herhaaldelik boodskappe aan Pretorius gestuur om hulle te kom help om die Engelse juk af te gooi. Pretorius het aan hulle versoek gehoor gegee. Hy het sy plaas by die Magaliesberg verlaat en so ver as wat hy gegaan het, manskappe versamel om teen Smith op te tree. Sir Harry het van sy koms verneem en 'n prys van £1 000 op sy kop gesit as beloning vir die persoon wat hom gevange neem. Smith het dadelik met 'n sterk mag van 850 man na Winburg opgeruk. Sy geledere is langs die pad versterk met nog 250 berede Griekwas wat by hom aangesluit het. Pretorius het hulle by Boomplaas ingewag met ongeveer 750 man. Die botsing het op 29 Augustus 1848 plaasgevind. Na 'n kort maar warm geveg het Pretorius sy kommando opgebreek

en die slagveld ontruim. Sy voorlaaiers kon nie teen Smith se kanonne standhou nie.

Vir sir Harry Smith was hierdie manne nie Afrikaners wat vasberade vir hul vryheid geveg het nie, maar slegs ‘n klompie rebelle wat teen die “wettige” Engelse gesag wat oor hulle gestel is, in opstand gekom het. Hy het die prys op Pretorius se kop verdubbel na £2 000 en ‘n jong seun, Thomas Dreyer, wat tydens die slag krygsgevange geneem is, voor ‘n vuurpeleton tereggestel.

Na die Slag van Boomplaas het Andries Pretorius ontmoedig na sy plaas by Magaliesberg teruggekeer. Die Afrikaner-Trekkers noord van die Vaalrivier het nou in ylverspreide groepe vanaf Potchefstroom, Magaliesberg-Rustenburg, Ohrigstad-Lydenburg en Soutpansberg-Schoemansdal gewoon. Daarby kom nog die Winburgers in die Noord-Vrystaat en die Afrikaners in die suidelike deel van die Oranjerivier-Soewereiniteit.

Toe Hendrik Potgieter hoor dat Andries Pretorius die Engelse by Boomplaas gepak het, het hy hom dit kwalik geneem, want hy was bang Pretorius maak slapende honde wakker en aktiveer die Engelse om ook die gebied noord van die Vaal te kom annekseer. Daarom het Potgieter homself met sy volgelinge by die Soutpansberg geïsoleer. In die ooste het die Volksraadparty hulself afgeskei van die res en Lydenburg beskou as die hoofstad van die Voortrekkerrepubliek wat tot stand moes kom.

Bührmann die tweedragsaaier

Smellekamp het in 1848, tydens sy besoek aan die Portugese hawe in Delagoabaai met die skip, die *Animo,* vir HT Bührmann daar afgelaai. Smellekamp het hierdie Bührmann, ‘n kantoorkneg van Amsterdam, aanbeveel as skoolmeester vir die Trekkers te Ohrigstad, maar Bührmann het voorgegee dat hy namens Smellekamp kom om arbiter te speel tussen die strydende groepe. Hy was die wortel van baie kwaad. Hy het weens sy versoeningspogings naderhand oorhoops gelê met al die leiers. Hy het die Volksraad van Lydenburg se teenkanting verder aangeblaas, vir Potgieter beskinder en vir Pretorius sleggemaak, totdat Potgieter naderhand in Desember 1849 vir Pretorius geskryf het: *“Waarom moeten wy ons nog langer van een dolsinnige Hollander by de neus laten leiden en (zo) veel insolentien van hem verdragen?”*

Troebel toestande in die Vrystaat

Maar intussen was Pretorius nog nie klaar met die Engelse nie. Hulle verdragstaat-vennoot, Mosjes, het dit vir die Britse resident in Bloemfontein onmoontlik gemaak om die vrede onder die stamme te handhaaf. Ook die Blankes het die slagoffers van Basoeto-rooftogte geword. Warden was verplig om in die middel van 1851 met ‘n gewapende mag teen die rusverstoorders op te tree. Die Boere wou hom nie help nie en sy troepemag was nie teen die taak opgewasse nie, met die gevolg dat hy met ‘n aansienlike verlies by Viervoet deur die Basoeto’s verslaan is en in aller yl na Bloemfontein moes vlug.

Die land was in ‘n verwarring. Almal het in ‘n toestand van vrees en onsekerheid geleef. Warden was bang dat die Boere Mosjes sou help en dat hulle weer Andries Pretorius se hulp sou inroep. Ook Mosjes het vir Pretorius hulp gevra. Dit was natuurlik ondenkbaar dat ‘n Boereleier daartoe sou oorgaan om inboorlinge in ‘n oorlog teen witmense te gebruik.

Die Sandrivierse Konvensie

Maar die tyd vir onderhandeling was ryp. In die Soewereiniteit was Wit en Swart teen Britse gesag gekant. Die Kaapkolonie was sedert 1850 in die bloedige Agste Grensoorlog vasgevang. Die Britse belastingbetalers het ernstig begin protesteer teen nuttelose gebiedsuitbreiding en die koste aan inboorling-oorloë in Suid-Afrika. Graaf Grey, minister van kolonies, het sy wantroue in sir Harry Smith se goewerneurskap laat deurskemer, toe hy twee assistent-kommissarisse, majoor WS Hogge en Charles Mostyn Owen, benoem het om die nodige skikkinge aan die oos- en noordoosgrens van die Kaapkolonie te tref.

Pretorius het op 8 September 1851 op ‘n vergadering van die publiek en die krygsraad opdrag ontvang om met die Britse owerheid tot ‘n goeie verstandhouding te kom. Hy het met ‘n afvaardiging na die Vrystaat afgereis en op 16 en 17 Januarie 1852 met die Britse verteenwoordigers onderhandel. Dit het uitgeloop op die ondertekening van die Sandrivier-konvensie. Die ooreenkoms bestaan uit nege artikels.

In die eerste artikel van die traktaat word die onafhanklikheid van die Trekkers noord van die Vaalrivier erken. Die Vaalrivier sou die grens tussen die Soewereiniteit en Transvaal wees. In die derde artikel onderneem die Britse regering om geen traktate met die inboorlinge noord van die Vaalrivier te sluit nie. Die volgende artikel verbied slawerny. Voorsiening is gemaak vir wedersydse handelsgeriewe. Die handel in vuurwapens en ammunisie sou slegs aan Blankes in die Britse gebiede wees. Misdadigers sou wedersyds uitgelewer word. Wettige huweliksertifikate sou wedersyds erken word. Dit staan elkeen op Britse grondgebied vry om hom in Transvaal te vestig.

Pretorius se groot werk is eers nie deur almal in Transvaal goed begryp nie, maar op 16 Maart 1852 het die afgevaardigdes na Sandrivier by ‘n volksvergadering op Rustenburg verslag gelewer. Potgieter is deur kommandant GJ Kruger per brief uitgenooi om die vergadering te kom bywoon sodat hy self kon sien *de vreyheid die wey alle bekomen heeft aan deze zeyde van de Vaalrivier.* Potgieter het reeds op 11 Maart op Rustenburg aangekom. Pretorius het op 15 Maart opgedaag en dagbreek die volgende dag het die aandoenlike algehele versoening tussen die twee leiers plaasgevind, waarvan Stuart sê: *Dit is een der heerlyke toneelen, die ik in dit land mogen bywonen.*

Maar die Trekkers tussen die Oranje- en die Vaalrivier het nog onder Britse gesag gestaan. Pretorius wou die gebied by Transvaal insluit, maar die kommissarisse het nie kans gesien om dit te laat ontruim nie. Daar het nog groot verwarring geheers na Warden se neerlaag teen Mosjes, wat eers gewreek moes word om die Britse prestige te herstel.

Die Bloemfonteinse Konvensie

Graaf Grey het in Januarie 1852 vir Harry Smith teruggeroep. Sy opvolger, sir George Cathcart, het al die Bantoes aan die Kaapkolonie se grens onderwerp en daarna met ‘n leër van 2 500 man na die Soewereiniteit gehaas om die vrede te herstel en om skadevergoeding van 10 000 beeste van Mosjes te eis, maar Mosjes het toe net 3 500 gelewer . Cathcart was ontevrede en het tot die aanval oorgegaan, dog Mosjes se Basoeto’s het die Britse mag weer ‘n tweede keer by Berea verslaan. Die geslepe Mosjes het egter voorgegee dat hy die neerlaag gely het en om vrede gesmeek. Cathcart het dit aangeneem en

haastig na die Kaapkolonie teruggekeer. Daarna het die minister van kolonies beveel dat die gebied van die Soewereiniteit ontruim moes word. Sir George Clerk is as kommissaris benoem om die proses deur te voer. Die Engelse inwoners van die Soewereiniteit het kwaai geprotesteer., maar op 23 Februarie 1854 was die onderhandelinge afgeloop en is die Bloemfonteinse Konvensie onderteken. Daarin is die staatkundige onafhanklikheid van die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier deur Brittanje erken . Die Republiek van die Oranje-Vrystaat het tot stand gekom. Die bepalings van die Konvensie stem in hoofsaak ooreen met dié van die Sandrivierse traktaat . Daarin is egter 'n meer ingrypende beginsel opgesluit . Brittanje het grondgebied waaroor sy vlag gewapper het, ontruim en sy onderdane van hulle trou aan die Britse troon onthef, terwyl hy met die Sandrivierse Konvensie die onafhanklikheid erken van 'n gebied wat hy nie besit het nie.

Wordingsjare van die Suid-Afrikaanse Republiek

In die eerste jare na die verkreë onafhanklikheid van Transvaal, is die Republiek geteister deur onderlinge onenigheid. Daar was nog nie eenwording van die verskillende klein nedersettings noord van die Vaal nie en die nuwe staat het nog geen behoorlike grondwet gehad nie en die klein blanke gemeenskap is gedurig bedreig deur woeste Bantoestamme. In Soutpansberg, of Schoemansdal, het die mense onder persoonlike leiding van Andries Hendrik Potgieter gestaan, tot sy dood in Desember 1852 en daarna onder bevel van sy seun Piet, wat in 1854 in die stryd teen Makapaan gesneuwel het.

In Oos-Transvaal by Lydenburg, het die mense die bevele van die Volksraadparty gehoorsaam en ook in die

skadu geleef van magtige en onbeskaafde Bantoestamme. Hulle is geteister deur periodieke malaria-epidemies. Verder suid het daar 'n klein aantal Blankes aan die Buffelsrivier gewoon, waar later die dorp Utrecht ontstaan het. Hulle het hulle lot by Lydenburg ingewerp.

In die weste was die land bewoon van Potchefstroom tot by Rustenburg en Marico. Hulle het die gesag van Andries Pretorius erken tot sy dood in 1853 en daarna dié van sy seun, Marthinus Wessel.

In die hele gebied tussen die Vaal en die Limpopo, was daar vyf dorpe: Schoemansdal (aangelê in 1848), Lydenburg (1850), Potchefstroom (1839), Rustenburg (1851) en Pretoria (1855).

In 1854 het die opperhoof Makapaan 'n aantal Blankes op gruwelike wyse om die lewe gebring. 'n Strafkommando onder MW Pretorius en Piet Potgieter het Makapaan in sy grotte 'n gedugte les geleer, maar Potgieter self het die lewe daarby ingeskiet. Stephanus Schoeman het hom opgevolg as Kommandant-generaal vir Soutpansberg.

Kerklike probleme

Die jong Republiek het kerklike probleme ondervind. Omdat die Kaapse kerk 'n onsimpatieke houding jeens die Trekkers ingeneem het en geen predikant sy gemeentelede op die trek vergesel het nie, het die Trekkers uit Nederland deur bemiddeling van professor Lauts 'n predikant bekom, ds Dirk van der Hoff. In Augustus 1853 het die Algemene Kerkvergadering in Rustenburg onder voorsitterskap van ds Van der Hoff besluit om net die Nederduits Hervormde Kerk in die Republiek te erken en inlywing by die Kaape sinode te verwerp.

Smellekamp se rol

Bührmann en Lydenbug wou nie vir ds Van der Hoff as predikant aanvaar nie en was ten gunste van inlywing van die kerk by die Kaapse sinode. Hulle kry toe die steun van Smellekamp, wat aan die begin van 1854 uit Holland in Lydenburg aankom en vir ds Van der Hoff daar ontmoet. Daar was onmiddellik onenigheid tussen die twee, want Smellekamp wou sonder bemiddeling van professor Lauts 'n predikant vir Lydenburg alleen kry. Smellekamp het na Rustenburg gegaan en daar rondvertel dat ds Van der Hoff geen geordende leraar was nie en dat hy en die hele kerkraad *Godverloogchenaars* was. Die kerkraad het Smellekamp voor die Volksraad wat op Rustenburg in sitting was, aangekla, maar laasgenoemde was huiwerig om 'n beslissing te vel en wou die saak liewer deur die hof beslis hê. Hulle het Smellekamp egter voor die raad gebring, waar hy ontken het dat hy sou beweer het dat ds Van der Hoff nie georden was nie.

Daarop het die Kerkraad by die Krygsraad om hulp gaan aanklop, waarop laasgenoemde vir veldkornet Paul Kruger na die Volksraad gestuur het om te gaan verneem waarom die Kerkraad *niet na behooren zyn beschermd geworden.* Die Volksraad het die verskoning aangebied dat hulle nie oor genoegsame getuienis in die saak beskik het nie. Die Krygsraad lewer toe twee persone om getuienis af te lê en eis dat 'n besluit wat die vorige jaar geneem is, uitgevoer moes word, naamlik om persone wat die kerk belaster, met 500 Rds te beboet en by 'n tweede oortreding te verban.

Daarop het die Volksraad Smellekamp met 500 Rds beboet en hom gevra om hom stil en rustig te gedra en hom nie met kerklike of politieke sake te bemoei nie of anders sou hy verban word . 'n Rukkie daarna het Smellekamp op Potchefstroom aangekom. Sy gramskap het nou ook teen MW Pretorius, as voorsitter van die Krygsraad, ontvlam. Nadat hy 'n beledigende brief aan Pretorius gerig het, het die landdros van Potchefstroom hom gelas om die Republiek te verlaat. Hy is dus verban en het 'n dag of wat later na Bloemfontein vertrek.

Lydenburg skei af

Die Lydenburgers was oor hierdie gebeurtenisse baie ontevrede. Hulle het net soveel wrewel as Smellekamp teenoor ds Van der Hoff en MW Pretorius gekoester. Die verskille en twis het so groot geword dat Lydenburg op 16 Desember 1856 in 'n aparte republiek afgeskei het. Maar MW Pretorius het weer die vriendskapshand aan hulle gereik. Die verskille is uit die weg geruim en hulle is in 1860 weer met die Suid-Afrikaanse Republiek verenig.

Twis en tweedrag

Maar daarna was die onderlinge geskarrel van onenigheid en twis nog glad nie hokgeslaan nie. Die grondwet wat in 1855 vir die Republiek opgetrek is, is nie net deur Lydenburg verwerp nie, maar is ook nie deur Soutpansberg aanvaar nie. Nietemin is MW Pretorius as president benoem en Stephanus Schoeman van Soutpansberg as kommandant-generaal.

Pretorius wou graag die twee republieke verenig en wend in 1857 met wapengeweld 'n poging aan om dit te doen. Pretorius se kommando het by Renosterrivier teen kommandant Senekal van die Vrystaat te staan gekom. Kommandant Paul Kruger het haastiglik daarheen afgesit en 'n dreigende botsing voorkom. Toe president Boshof van die Vrystaat in 1859 uit diens tree, neem Pretorius by sy volksraad sewe maande verlof en laat hom as president

van die Vrystaat kies. Die Transvaalse Volksraad kon dit nie toelaat nie en dwing hom toe om as president van Transvaal te bedank en kies toe vir W Grobbelaar as waarnemende president. Stephanus Schoeman was daaroor bitter ontevrede en kom toe met 'n kommando vanaf Soutpansberg om vir Grobbelaar te kom verdryf. Kruger het met 'n kommando vanaf Rustenburg teen hom opgeruk . MW Pretorius het as vredemaker uit die Vrystaat gekom en die struweling ontlont.

In 1862 is 'n nuwe volksraad gekies, wat toe vir Willem van Rensburg as waarnemde staatspresident gekies het. Schoeman was weer erg ontevrede. Hy het weer sy burgers opgeroep en Pretoria binnegedring . Maar Kruger het hom verdryf en tot by Potchefstroom agtervolg. Hy is die Vaalrivier oor en kom toe met 'n versterkte leër uit die Vrystaat terug. MW Pretorius het weer daarin geslaag om die twee partye om te haal om die vyandelikhede te staak en op 'n nuwe verkiesing te wag. Maar die volksraad het weer vir Van Rensburg gekies en vir Kruger as kommandant-generaal aangestel. Hierdie keer was kommandant Viljoen van Marico so ontstoke dat ook hy met 'n sterk leërmag na Pretoria opgeruk het. Kruger se kommando was nie sterk genoeg om hom huis toe te dryf nie. Na 'n kort skermutseling 'n endjie noord van Silkaatsnek, het hulle weer vir MW Pretorius as bemiddelaar laat kom en besluit om tot 'n volgende verkiesing te wag. In 1864 is Pretorius weer tot staatspresident gekies en is die broedertwiste beëindig.

Die Republiek het na twaalf jaar van onafhanklikheid sy kinderskoene ontgroei en begin om as één sterk verenigde staat te gedy tot 'n toonaangewende mag in die rei van Suid-Afrikaanse state en kolonies.

16
Die Kaap ná die Groot Trek

Die oosgrens

Die skade wat die oosgrensboere in 1834-35 tydens die Sesde Grensoorlog gely het, is op meer as R600 000 bereken. Goewerneur George Napier wat vir D'Urban opgevolg het, het tevergeefs vir lord Glenelg gevra om hulle vir hul verliese gedeeltelik te vergoed. Napier was verplig om meermale na rooftogte strafekspedisies uit te stuur. Tydens die bewind van sy opvolger, sir Peregrine Maitland (1844-1847) het die oorlog van die Byl uitgebreek. Dit was die sewende grensoorlog. Opperhoof Sandile het geweier om 'n Bantoe wat 'n byl gesteel het en die moordenaars wat hom uit die hande van die polisie bevry het, uit te lewer. Die inboorlinge het weer in groot getalle die Kolonie binnegeval. Maitland het met 'n skoonmaakproses begin, maar toe hy deur sir Harry Smith (1847-1853) opgevolg is, was die Rarabe-stamme nog nie onderwerp nie.

Smith het 'n nuwe oosgrens langs die Keiskamma geproklameer en die vroeëre *Province of Queen Adelaide* tot Britse grondgebied verklaar. Dit het die naam *British Kaffraria* gekry. 'n Aantal militêre poste is opgerig en 'n militêre mag moes die orde onder die nuwe Bantoe-onderdane handhaaf. Smith het die hoofde laat belowe dat hulle sou help om die geloof aan toordokters en die lobola-stelsel uit te roei . Die hoofde was nie van plan om hulle beloftes na te kom nie. Die toordokters het hulle aangevuur, totdat hulle vir 'n nuwe oorlog klaargemaak het.

Die Goewerneur het self die vonk wat die vyandelikhede laat ontvlam het, verskaf. Hy het in 1850 in die geannekseerde gebied vertoef en 'n bevel aan die hoofde gestuur om hom te kom ontmoet. Niemand het opgedaag nie. Daarna gee sir Harry kennis dat hy vir Sandile afsit as hoof van die Rarabe en vir Charles Brownlee in sy plek aanstel. Dit het die oorlog laat uitbreek 'n Klein Engelse mag wat gestuur is om Sandile te gaan arresteer, is oorrompel. Die Bantoes het op Kersdag 1850 'n aantal militêre dorpies uitgemoor en verbrand. Sir Harry self het met moeite ontsnap . Daarna is die Kolonie binnegeval en die grensdistrikte was weer die prooi van roof, dood en verwoesting. Al die Swartes van Brits-Kaffraria, die Transkeise inboorlinge en die Katrivier-Hottentotte het in gemeenskaplike gevegte teen die Witman verenig. Toe die oorlog te lank sloer en dit die Imperiale regering te veel kos, het hulle Smith teruggeroep en met sir George Cathcart (1852-1854) vervang. Hy het daarin geslaag om die oorlog in Februarie 1853 te beëindig . 'n Deel van Brits-Kaffraria is vir blanke bewoning oopgestel en die dorp Queenstown is daar aangelê.

Die Anti-bandietebeweging

Gedurende die jare veertig het die Imperiale regering dit 'n paar keer oorweeg om 'n aantal van sy ongewenste onderdane in sy oorvol tronke, in Suid-Afrika te kom ontlas, omdat Australië onwillig geraak het om so baie van hulle te ontvang. Lord Grey het daarop sonder meer sy Suid-Afrikaanse kroonkolonie as aflaaiplek vir bandiete geproklameer. Toe sir Harry Smith op 8 November 1848 hierdie proklamasie in die Kaapse Wetgewende Raad bekend maak, was die ontsteltenis en verontwaardiging groot . Die inwoners het protesvergaderings gehou en versoekskrifte na Engeland gestuur. Toe hulle verneem dat die eerste skip, die *Neptune,* met 282 bandiete aan boord, tog aan die kom was, het hulle 'n groot vergadering gehou en die Anti-Bandietebeweging gestig. Hulle het besluit om geen werk aan bandiete te gee nie en om almal wat iets vir die bandiete wou doen, te boikot.

Die *Neptune* het op 19 September 1849 Simonsbaai binnegeseil. Goewerneur sir Harry Smith kon nie die bevele van die Imperiale regering verontagsaam nie, maar hy het die inwoners darem beloof dat geen bandiet van die *Neptune* toegelaat sou word om te land nie. Die waaksame inwoners het probeer verhoed dat die skip van voedselvoorrade voorsien word. Nadat die skip maande-lank in Simonsbaai voor anker gelê het, het dit uiteindelik op 21 Februarie 1850 op bevel van die Imperiale regering en tot groot vreugde van die koloniste die Kaapse waters verlaat en na Van Diemensland gevaar.

Die Kaapse koloniste, Engels en Afrikaans, het aan die Imperiale regering bewys dat hulle meer verdien om net as 'n kroonkolonie regeer te word. Met 'n nuwe grondwet wat in 1853 opgestel is, is verteenwoordigende regering ingestel, waardeur aan die koloniste volle wetgewende gesag verleen is, maar die uitvoerende gesag het nog in die hande van die goewerneur en sy amptenare berus. Eers in 1872 is volle verantwoordelike regering ingestel en het die uitvoerende amptenare gewone lede van die wetgewende liggaam geword. Die uitvoerende gesag was voortaan verantwoordelik aan die parlement.

Die Kôsa-selfmoord

Op die oosgrens het goewerneur George Grey, in opvolging van Harry Smith se beleid, blanke koloniste tussen die Bantoes van Brits-Kaffraria geplaas. Na die Krimoorlog het hy ongeveer 4 000 Duitsers beweeg om na Suid-Afrika te kom. Hulle is saam met Britse immigrante in die betrokke gebied geplaas. Die Kôsas aan weerskante van die Kei was in groeiende opstand teen die Blankes se insypeling in hulle gebied. Hulle het hul "voorvadergeeste" geraadpleeg. Dié sou dan aan 'n meisie, Nonquase, en haar toordokter-oom, Umhlakaza, gesê het dat as die ontevrede Kôsavolk alle beeste en lewensmddele vernietig, sou daar op 'n gegewe dag (18 Februarie 1857) gestorwe helde, beeste en graanvoorrade uit die aarde verrys en alle blanke indringers sou in die see gejaag word. Die belhamels wou met hierdie storie 'n massa Kôsa-opstand laat ontbrand. Nadat die vee en voorrade vernietig is en die voorvaders op die D-dag geen oorvloed gebring het nie, het daar hongersnood en ellende gevolg. Tienduisende het gesterf, maar nagenoeg 30 000 het oor die grens gestroom om kos en werk te soek.

Die gevolglike ontvolking van Brits-Kaffraria en die verbrokkeling van die Kôsa-volk, het aan goewerneur Grey die geleentheid gebied om dit deur Blankes te laat herbevolk. Daarmee is in 'n groot mate die eeu-oue oosgrensprobleem van die Kaapkolonie opgelos.

17
Die Vrystaat word beroof

Na die erkenning van die Vrystaat se onafhanklikheid in 1854 deur Groot-Brittanje, het sir George Clerk die teuels van die bewind oorhandig aan Josias Hoffman en 'n komitee van ses lede. Die bevolking van sowat 15 000 Blankes het 'n gevestigde bestaan gevoer. In die oostelike dele was die Basoeto-grens nie skerp afgebaken nie. Daar is heelwat koring verbou en origens was veeboerdery die inwoners se vernaamste bedryf. Die suide van die land, met sy beduidende Engelse element, het nader aan die Kaapkolonie gestaan, terwyl in die noorde die ou Winburgse tradisie van republikeinse onafhanklikheid lewendig was.

Die eerste taak wat op Hoffman en sy komitee se skouers gerus het was om deur die burgers vir die nuwe staat 'n volksraad te laat kies. Daarna het die volksraad die opstel van 'n grondwet suksesvol afgehandel en vir Josias Philip Hoffman as hulle eerste president gekies. Hoffman het met sy filantropiese neigings sterk na die pype van die Engelse element gedans. Die volksraad het hom ten spyte daarvan as president gekies weens sy besonder vriendskaplike betrekkinge met die Basoeto-opperhoof. Hulle het gehoop dat hy met 'n versoenende houding met Mosjes, die gevaar van roof- en plundertogte op die staat kon afweer.

Hoffman en Mosjes

Hoffman was op 'n tydstip vantevore transportryer in Natal, die Vrystaat en Basoetoland en hy het vir Mosjes goed geken en het selfs vir hom in die berge 'n paleis

gebou, waaroor Mosjes so bly was dat hy vir Hoffman ‘n pragtige plaas aan die Caledon gegee het en vir hom ook ‘n huis op die berg laat oprig het, waarin hy kon tuisgaan wanneer hy die Basoeto-koning in sy vesting, Thaba Bosigo, besoek.

Mosjes was baie in sy skik toe sy vriend president van die Boere word. Hoffman het hom in Augustus 1854 in Thaba Bosigo besoek en is met vreugdeskote verwelkom. Toe Hoffman na beraadslagings weer wou ry, kom sê ‘n boodskapper dat Mosjes asseblief ‘n geskenk van buskruit vra, want hy het daardie môre al sy kruit met die verwelkomingseremonie weggeskiet. Hoffman het toegestem en Mosjes het later ‘n vaatjie kruit in Bloemfontein laat haal. Toe die volksraad hiervan verneem, was daar groot ontevredenheid en dit het tot Hoffman se bedanking in Februarie 1855 gelei.

Daarna het die volksraad vir Johannes Nicolaas Boshof in 1855 tot president gekies. Gedurende die vier jaar wat hy bevoorreg was om die jong republiek te lei, het hy die Vrystaat se staatsdiens en landsadministrasie op ‘n baie gesonde grondslag geplaas en broodnodige wetgewing laat aanneem, sodat die klein Republiek toe alreeds op pad was om ‘n modelstaat te word, want die bekwame Boshof het reeds oor ondervinding van hierdie aangeleenthede beskik as vroeëre lid van die Wetgewende Raad van Natal.

Boshof se stryd teen die Basoeto’s

Op die Republiek se oosgrens het die Basoeto’s ‘n dreigende houding ingeneem. Hulle het die Blankes met 12 teen een in getalle oortref. Hulle het oor vuurwapens beskik en was besonder mobiel, omdat almal berede was. Hulle het met begerige oë na die vrugbare grond tussen

die Caledon- en die Grootrivier gestaar en deur geleidelike insypeling dele daarvan beset. Diefstal van beeste en perde het voortgegaan en selfs is plase in Harrismith, Winburg en Smithfield in besit geneem.

Boshof het ‘n kommando op die grens saamgetrek en skadevergoeding van Mosjes geëis. Hy het nie reageer nie en die Vrystaat het op 19 Maart 1858 die Basoeto’s die oorlog aangesê. Hulle is by Vegkop en Korannaberg verslaan en die kommando’s het gaan kamp opslaan voor die gedugte bergvesting, Thaba Bosigo. Hier het hulle die skrikwekkende tyding ontvang dat Basoeto-afdelings besig was om agter hul rug die land te plunder en te verwoes. Die kommando’s is haastiglik teruggeroep om huis en haard te gaan beskerm.

Moeilike tye

Te midde van al die probleme het daar op die Republiek se wesgrens in Mei 1858 nog meer ellende kop uitgesteek. Die Koranna-kapteins, Skeel Koos en Goliat Ysterbek en die Batlapin-hoofde, Gasebone en Motlhabane, het begin roof en moor en op Boeregesinne in die Wes-Vrystaat toegeslaan. Mans en weerlose vroue en kinders is wreed vermoor en duisende van hulle skape en beeste weggevoer. ‘n Gesamentlike Vrystaats-Transvaalse kommando het die rowers op hulle plek gesit en die verskrikkers eens en vir altyd uit hulle skanse by die Vaalrivier verdryf.

Intussen het president Boshof ‘n beroep gedoen op die Kaapse goewerneur, sir George Grey, om as bemiddelaar op te tree tussen die Vrystaat en die Basoeto’s. Op 29 September 1858 is die Traktaat van Aliwal-Noord uiteindelik gesluit, waardeur die Warden-grenslyn in die noorde en die ooste bevestig is. Die Basoeto’s het in die suide ‘n

groot gebied tussen die Caledon en die Oranje bygekry, waardeur die Vrystaat ongeveer 30 plase verloor het. Gedurende hierdie tyd het daar nog ander ongunstige toestande in die Vrystaat geheers. ‘n Swaar droogte het die land geteister en geld was baie skaars.

MW Pretorius bemoei hom met die Vrystaat

Te midde van al hierdie probleme het president MW Pretorius van Transvaal kort-kort in die Vrystaat se sake ingemeng met die eis dat die twee Republieke moes verenig. Aanvanklik was die Vrystaat gewillig daartoe, want die verenigde republiek sou beter in staat wees om veral die Basoeto-probleem die hoof te bied. Goewerneur George Grey het egter daarna gestreef om die Vrystaat in ‘n federasie met die Kaapkolonie te betrek. Hy het verklaar dat vereniging van die twee Republieke as ‘n inbreuk op die bepalings van die twee Konvensies beskou sou word. Vrees vir Britse inmenging het die Vrystaat laat afsien van die verenigingsplan van die Republieke.

Maar toe Boshof in 1859 as president van die Vrystaat bedank, laat Pretorius hom die volgende jaar die presidentskap van die Vrystaat welgeval. Die Transvalers was nie daarmee gediend dat hy president van albei Republieke sou wees nie, uit vrees dat die Sandrivierse Konvensie daardeur geskaad kon word. Hulle het hom gedwing om te bedank as president van Transvaal. Gedurende die drie jaar wat hy president van die Vrystaat was (1860-1863), kon hy ook nie sy volle aandag aan die Vrystaatse belange bestee nie, want aanhoudende moeilikhede in Transvaal het hom gedwing om lang tye uit die Vrystaat weg te wees en daarom het hy in 1863 sy bedanking as president van die Vrystaat ingedien. Drie

jaar daarna is hy ‘n tweede keer as president van Transvaal (die Zuid-Afrikaansche Republiek) gekies.

President Brand en die Basoeto-probleem

In 1864 was die parlementslid vir Clanwilliam in die Kaap, advokaat Jan Hendrik Brand, ‘n man met ‘n doktorsgraad in die regte. Hy het vir Pretorius opgevolg as president van die Vrystaat en hierdie verhewe amp met groot onderskeiding beklee tot met sy dood in 1888. Een van president Brand se grootste take was om met die onoorwonne geslepe Mosjes af te reken. Die Basoeto’s se stelery moes stopgesit word. Hulle het al omtrent 30 kilometer rond en bont aan dieVrystaatse kant van die grenslyn gewoon wat deur majoor Warden in 1849 vasgestel is. Hulle het dan nou kwansuis nie meer geweet waar die lyn geloop het nie.

Brand het aan Mosjes laat weet dat sy onderdane die Vrystaatse gebied moes verlaat. Hy antwoord toe dat hulle die Kaapse goewerneur moes vra om weer Warden se grenslyn te kom aanwys. Mosjes het beplan om dan aanspraak te maak op die grond waar sy onderdane toe al jarelank oortree, hutte gebou en saailande aangelê het.

Goewerneur Wodehouse het in 1864 die betwiste grenslyn besoek en uitspraak ten gunste van die Vrystaat gegee en weer die ou lyn van 1849 geproklameer, wat beteken het dat die Basoeto’s toe‘n gebied wat 60 plase van 3 000 morg elk beslaan het, moes prysgee. Dit was vir Mosjes en sy volk ‘n bitter pil om te sluk en toe Brand hulle aansê om hierdie gronde te ontruim, het hulle dit verontagsaam. Mosjes het glo ‘n groot volksvergadering laat hou, waar sy indoenas hom tot oorlog teen die Vrystaat wou aanvuur, maar die geslepe Mosjes het gesê dit sou lyk asof hulle die Goewerneur se beslissing in

twyfel trek en daarom moet ‘n ander oplossing gevind word.

Hierdie oplossing het bestaan uit diefstal op groot skaal. Die Basoeto’s het só astrant geword dat hulle van die boere op die plase selfs gearresteer en aangehou het. Brand het weer aan Mosjes geskryf en gesê dat hulle hom die les gaan leer hoe om verdrae te respekteer.

Die Basoeto’s was ‘n gedugte vyand om aan te pak. Hulle het met vuurwapens geveg en het selfs drie ingevoerde kanonne gehad en self buskruit vervaardig. Hulle het in hul byna onneembare bergvestings verskans gelê. Daar was duisende beeste op die berg en hul koring is in spelonke weggebêre, sodat daar genoeg voedsel was om ‘n beleg suksesvol te trotseer.

Brand het aan die spits van ‘n kommando teen hulle uitgetrek en spoedig al wat ‘n Basoeto was wat voor hulle uitgevlug het, in die beskutting van Thaba Bosigo ingedryf en hulle klaargemaak om die plek te beleër. ‘n Storm-aanval het misluk weens die ondeurdringbaarheid van die vesting Die dapper Louw Wepener, wat ‘n deel van die aanval geloods het, het teen die hoogtes van Donkerberg gesneuwel.

Die kommando het die beleg opgegee en op sy terugtog ‘n Basoeto-mag onder aanvoering van een van Mosjes se seuns op die vlug gedryf. Mosjes het skielik naarstiglik na vrede verlang. Dit was egter net om tyd te wen en kans te kry om die graansorghum wat in hierdie tyd ryp was, te gaan afoes en wegbêre, voordat hy weer met sy streke sou begin.

Brand het hom egter gedwing om ‘n groot stuk van Basoetoland aan die Vrystaat af te staan, wat noordwes van die Caledonrivier lê en wat vandag nog “die verowerde gebied” genoem word.

Toe Mosjes klaar sy oes laat insamel het, het al sy kruiperige onderdanigheid skielik verdwyn en is die Vrystaat opnuut weer blootgestel aan ‘n vlaag diefstalle en moorde oor die grenslyn. Brand het besluit om hom nou vir altyd die les van sy lewe te leer en het met ‘n sterk kommando na Basoetoland opgeruk.

Mosjes het goed geweet dat die Boere vasberade was om hom hierdie keer uit sy nes te gaan uithaal. Hy het weke vantevore reeds ‘n dringende oproep om hulp aan die Kaapse goewerneur gerig. Hy het letterlik moord en brand geskree: “Brand wil my vermoor! O, kom help ons tog en red ons tuine en ons lewens! Môre sal dit te laat wees. Dis nie ons skuld dat daar oorlog uitgebreek het nie. Die President het my ingehardloop. Hy het ‘n stuk van my mantel afgeskeur. Nou wil hy hê ek moet die ongedierte wat daarop is, in toom hou. Ek stuur saam met die boodskapper ook ‘n jakkalskaros vir koningin Victoria. Sê vir haar ek is die karos en die ongedierte is my volk. Sê sy moet haar vlerke oopmaak sodat ek en my volk daaronder kan inkruip. Ek beskou my reeds as haar kind.” Met die stuk van sy mantel wat dan sou afgeskeur is, het hy die stuk grond bedoel wat hy aan die Vrystaat moes afgee.

Basoetoland geannekseer

Wodehouse het op Mosjes se noodkrete gereageer deur eiemagtig daartoe oor te gaan om Basoetoland te annekseer as Britse kroonkolonie, nadat hy vooraf die ammunisievoorraad na die Vrystaat stopgesit het, in stryd met die bepalings van die Konvensies. Brand was genoodsaak om toe te stem in ‘n vergelyk, toe die Vrystaatse wapens op die punt was om te seëvier. Die tweede Verdrag van Aliwal-Noord is in 1869 gesluit,

waarvolgens die Vrystaat toegelaat is om 'n aansienlike stuk grond wes van die Caledon te behou, sowel as 'n strook tussen die Caledon- en Oranjerivier. Maar die groot res van Basoetoland was vir die Vrystaat vir altyd verlore, alhoewel die Basoeto-probleem daarmee in 'n groot mate opgelos is, veral na die dood van Mosjes op Thaba Bosigo kort daarna.

Ontdekking van diamante

Intussen het daar egter in 1867 nog 'n probleem van groot omvang vir die Vrystaat aangebreek toe daar in die westelike deel van die Republiek diamante ontdek is.

'n Sekere Van Niekerk, wat by ene Jacobs gaan kuier het op sy plaas langs die Oranjerivier in die omgewing van Hopetown, het gesien dat een van die klippies waarmee die kinders gespeel het, nie 'n gewone een was nie. Dit was toe 'n diamant. Later het Van Niekerk by 'n toordokter nog 'n groot diamant van 83 karaat vir beeste geruil. Dit is "Die Ster van Suid-Afrika."

Dit het geblyk dat die gebied tussen die Vaal- en die Hartsrivier, wat Transvaalse grond was, ryk was aan spoeldiamante. Maar die rykste vondste is in die weste van die Oranje-Vrystaat ontdek, naby die samevloeiing van die Oranje- en die Vaalrivier.

Toe dit rugbaar word, het die fortuinsoekers soos aasvoëls uit alle oorde daarheen geswerm. Die Transvaalse regering het reëlings getref om wet en orde op die delwerye wat ontstaan het te handhaaf en president Brand het dit in die Vrystaatse gebied ook gedoen.

Die aanspraakmakers

Kort voor lank was daar 'n hele swetterjoel aanspraakmakers op besitreg van die ryk diamantgronde. Afgesien

van die twee Republieke, wie se grond dit onteenseglik was volgens die bepalings van die twee Konvensies waarvolgens Brittanje hul onafhanklikheid erken het, was daar veral ook Griekwa-groepe, onder aanvoering van Andries Waterboer, Niklaas Waterboer, Adam Kok en Kerneels Kok. Die meerderheid van hul onderdane het glad nie meer in die Vrystaat gewoon nie, maar vér wes daarvandaan by Griekwastad en omgewing. Ene David Arnot, 'n Colesbergse prokureur, het met duistere bymotiewe al die Transvaalse en Vrystaatse diamantgronde vir sy kliënt, Niklaas Waterboer opgeëis en in die beroeringe wat ontstaan het, het die Kaapse goewerneur, Barkly, besluit om namens Engeland in te gryp.

Hy het beswaar gemaak dat die Republieke beheer uitoefen oor hulle regmatige eiendom en daar wet en orde handhaaf. President Brand het spesiaal Kaap toe gegaan om met hom die saak te bespreek, maar hy het geweier om hom te woord te staan.

Intussen het president MW Pretorius in goedertrou toegestem dat Transvaal se aanspraak op die diamantvelde in sy eie gebied aan die beslissing van 'n arbitrasiehof onderwerp sou word. Dit het in 1871 in Bloemhof gebeur, waar goewerneur Keate van Natal uitspraak gegee het in die guns van Waterboer. Daar is gesê dat president Pretorius Transvaal se saak by hierdie geleentheid baie onbeholpe voorgedra het en daarom dit verloor het, alhoewel dit vooraf feitlik seker was wat die beslissing van die hof sou wees.

Daarna wou Barly hê dat president Brand die Vrystaat se eise ook aan die beslissing van 'n arbitrasiehof moes onderwerp. Hy wou nie daarvan hoor nie. Hy wou van die gebied oos van die Oranje- en die Vaalrivier se samevloeiing nie eers praat nie, maar hy was gewillig om die

Vrystaat se regte oor die Campbellgronde, wat wes daarvan gelê het deur 'n onpartydige arbitrasie te laat beslis. Hy het die koning van Holland of die president van die VSA of die keiser van Duitsland as arbiters voorgestel. Dit het Barkly botweg geweier om te aanvaar.

President Brand het die Vrystaatse burgermag, wat die gesag op die delwerye moes handhaaf, versterk, maar toe stuur Barkly ook 'n sterk troepemag na Hopetown. Die toestand het toe baie plofbaar geword.

Die Vrystaat word van sy regmatige eiendom beroof

Intussen het Barkly uit Engeland toestemming gekry om die diamantvelde te annekseer, wat hy toe gedoen het ten spyte van die teenkanting van die Kaapse parlement. Dit het ook hewige protes van die Vrystaatse volksraad uitgelok. Die burgers wou na die wapens gryp. Die Engelse regering het besef dat die Vrystaat nie so maklik die onreg wat hom aangedoen word, sou sluk nie en het toegestem dat daar in 1876 'n hof ingestel word wat alles weer moes ondersoek en wat toe Waterboer se aanspraak op die betwiste gebied as heeltemal vals verklaar het.

Met hierdie gegewens is president Brand na Engeland om weer die Vrystaat se regte op die diamantvelde te gaan opeis. Maar lord Carnarvon het aan hom gesê dat dit noodsaaklik was dat die sterkste moondheid in Suid-Afrika in besit van die diamantvelde moes wees! Hiermee en met 'n sommetjie van £90 000 as vergoeding vir die onreg wat hom aangedoen word, moes die Vrystaat maar tevrede wees . Die ryk diamantgebied wat die Britse ryk van hom geroof het, is later as Griekwaland-Wes by die Kaapkolonie ingelyf.

Gedurende die laaste jare van Brand as president van die Vrystaat, het hy die jong Republiek se staatkundige

grondslae op 'n gesonde voet geplaas. Die staat se geldsake, die onderwys en die regspleging is opgeknap. Hy het 'n hooggeregshof gestig en advokaat FW Reitz tot hoofregter benoem en twee ander regters om hom by te staan. Hy het ook die onderwys op 'n gesonde grondslag gestel, deur onder andere vir dr Brebner as Superintendent van Onderwys aan te stel. Hy het die Vrystaat in 'n modelstaat ontwikkel . Hy staan tereg bekend as die "Vader des Volks" van die Vrystaat. Na sy dood in 1888 het FW Reitz hom as vyfde president van die Vrystaat opgevolg.

18
Die Engelse wil Transvaal terugvat

Carnarvon se federasieskema

Gedurende die regeringstyd van die Liberale Party het Engeland 'n dekade lank nie die aggressiewe imperialisme openbaar as wat in 1870 weer kop uitgesteek het nie. Die Gladsone-bewind is in 1874 beëindig toe Disraeli en die Konserwatiewe Party weer met 'n groot meerderheid aan bewind gekom het. Daarna is weer 'n beleid gevolg van handhawing en uitbreiding van Britse koloniale gebiede. Die kolonies moes met hulle bodemrykdomme die moederland steun en grootliks bydra tot die roem en wêreldmag van die Britse ryk.

Die nuwe minister van kolonies, lord Carnarvon, wou die grootheid en eer van Engeland nog groter uitbou deur 'n federasie van al vier Suid-Afrikaanse state te bewerkstellig. Om hierdie ideaal te bereik, sou die twee onafhanklike Boere-state, Transvaal en die Vrystaat, weer onder die Britse vlag gebring moes word.

Aan die twee Republieke is vertel dat so 'n verbintenis met die twee Engelse kolonies al hulle binnelandse probleme sou oplos en aan hulle ontsaglike voordele besorg. Daarom moes hulle eers sag gemaak word om so 'n federasie gewillig te aanvaar. Daar sou eers op Transvaal gekonsentreer word en as dié naderhand tot federasie instem, sal die Vrystaat so geïsoleerd wees dat hy verplig sou wees om by die federasie aan te sluit.

Om hulle doel te bereik, is aan die wêreld die leuenpropaganda verkondig dat Transvaal te swak is om homself te regeer, dat die Swartes wreed en onregverdig

behandel word en dat die inwoners van die land die anneksasie openlik en vuriglik bepleit.

Transvaal se diamantvelde

Toe president MW Pretorius sonder goedkeuring van Transvaal se Volksraad toegestem het dat die geskil oor Transvaal se diamantgebied langs die Hartsrivier aan arbitrasie onderwerp word, het hy ook 'n dokument onderteken dat hy die uitspraak van die hof sou aanvaar. Die Volksraad was bitter ontevrede oor die Keate-uitspraak en het hulle nie daaraan onderwerp nie. Hoëkommissaris Barkly se proteste het geen uitwerking gehad nie en die betrokke gebied het in besit van die Republiek gebly.

President TF Burgers se bewind

Ds Thomas François Burgers, 'n predikant te Hanover, Kaap, het vir MW Pretorius as president opgevolg. Hy het nie net teenkanting uit Engelse kringe verduur nie, maar weens die mislukking van 'n paar van die skemas wat hy aangepak het, het hy ook die steun van 'n groot deel van die burgers verloor. Hulle het ook nie baie gehou van sekere vrysinnige godsdiens-idees wat hy gehuldig het nie. Dit het gebots met die burgers se behoudende konserwatiewe Calvinistiese lewensbeskouing. Maar hy het probeer om sy verpligtinge en verantwoordelikhede as president van die Republiek eerlik en nougeset na te kom, ten spyte van die struikelblokke wat sy pad gekruis het. Die vernaamste hiervan was Engeland se pogings om Transvaal in 'n federasie in te sluk.

Een van Burgers se ideale was om 'n spoorweg te bou wat die Republiek met Delagoabaai sou verbind. Die

Volksraad het hom daarin ondersteun en dit goedgekeur dat hy ‘n lening van £300 000 in die buiteland daarvoor aangaan. Burgers het op 16 Februarie 1875 vir hierdie doel na Europa vertrek. Hy kon egter net £90 000 in Holland te lene kry. Hy het vir £63 000 spoorweg-materiaal in België gekoop. ‘n Gedeelte daarvan is na Delagoabaai vervoer, waar dit verroes het en die res, wat in Vlissingen nutteloos gelê het, is later teen ‘n groot verlies verkoop.

Toe Burgers weer in April 1876 in Transvaal aankom, was hy verplig om vir Sekoekoenie, die opstandige Bapedi-hoof in Oos-Transvaal, die oorlog aan te sê. Piet Joubert en Paul Kruger wou hom nie help nie en MW Pretorius en Niklaas Smit kon nie met die klein klompie vrywilligers vir Sekoekoenie behoorlik straf nie. Toe dit bekend word, het goewerneur sir Henry Barkly die volgende dubbel-leuen na Engeland getelegrafeer: “Burgers is deur Sekoekoenie verslaan en ‘n vergadering wat in Lydenburg gehou is, rig ‘n versoek aan Brittanje om Transvaal in besit te neem.” Die stryd teen Sekoekoenie is deur ‘n aantal vrywilligers suksesvol beëindig . Hy het teen die einde van 1876 noodgedwonge om vrede kom vra.

Transvaal word geannekseer

Lord Carnarvon het die bekende Engelse geskied-skrywer, JA Froude, na Suid-Afrika gestuur om vir sy federasieplan te kom propaganda maak. Nadat Froude homself op die hoogte gestel het van die omstandighede en gesindhede wat nie net in die twee Boererepublieke geheers het nie, maar ook in die twee Britse kolonies, het hy die Britse regering as volg geantwoord:

“Julle het die twee kolonies aan hulle lot oorgelaat, maar die oomblik toe daar diamante ontdek is, toe soek julle ‘n verskoning om weer mag uit te oefen oor gebiede wat julle vroeër verwerp het. Waar van grense sprake was, het julle steeds probeer om die Dutch te verneuk deur die grense te vervals. Toe hulle hul vyand, die Basoeto’s, beveg en onderwerp het, het julle op die kantlyn gestaan totdat die saak besleg was en toe stap julle in om te keer dat die Afrikaners die voordeel van hul sukses geniet. Al julle optrede teen die Afrikaners was een lang streep van selfsug, verraad en bedrog van die begin tot die end en nou dat hulle deur verstandige regering en voordelige omstandighede minerale in hulle gebied ontdek het en die stand van hul vooruitstrewende Republiek opgehef het, en al julle redes vir die gryp van die grond uitgeput is, nou nooi julle hulle uit om hulle weer eens onder die Britse vlag te plaas, wat hulle deur tradisie van hulle voorvaders, en nou deur hul eie ervaring, geleer het om te verag.”

Carnarvon het hom nie aan Froude se sieninge gesteur nie. Die man wat hy uitgekies het om sy planne uit te voer, was die ywerige Bantoekommissaris vir Natal, Theophilus Shepstone. Carnarvon het in 1876 ‘n konferensie in Londen gehou, waar al sy medepligtiges teenwoordig was. Shepstone is hier tot ridder geslaan en teruggestuur na Suid-Afrika met die opdrag om die Suid-Afrikaanse Republiek vir Brittanje te kom annekseer. Hy is goed vir sy taak afgerig. Hy moes sorg dra dat hy nie die vryheidsliewende Boere in die harnas jaag nie. Hy moes as “redder” kom en nie as veroweraar nie. Hy moes die land kom “red” van ‘n dreigende Zoeloe-inval en van ‘n nuwe opstand deur Sekoekoenie. Hy moes ook vir

president Burgers kom raad gee hoe om die land se geldskaarste op te los.

Shepstone het uit Pietermaritzburg vir president Burgers van sy koms in kenis gestel. Hy het op 22 Januarie 1877 sy verskyning aan die spits van 25 berede polisiemanne in Pretoria gemaak. ‘n Klompie Engelse in die dorp het ‘n luidrugtige ovasie van sy koms gemaak en hom met groot ophef verwelkom. Daarna het hy deur middel van danspartye, eetmale, gesellighede en drinkpartye probeer om die inwoners van die Republiek gunstig te stem vir wat hy beoog het. Vir president Burgers en die volksraad het hy gesê hy het gekom om sekere griewe uit die weg te ruim. Die land word nie goed regeer nie; dit is bankrot en kan die Swartes in sy gebied nie beheer nie. Die werklike rede vir sy koms het hy nie genoem nie, naamlik Engeland se groot vrees dat indien Burgers sy Delagoabaai-spoorlyn kon voltooi, sou hierdie Afrikaner-vesting met sy minerale rykdom en ‘n onafhanklike seehawe, die Republiek tot die sterkste mag in Suid-Afrika laat uitgroei en die Engelse kolonies skoon oorskadu. Dit moes tot elke prys verhinder word. Daarom het Shepstone, ten spyte van president Burgers se plegtige protes, op 12 April 1877 Transvaal vir Engeland geannekseer.

Die Eerste Vryheidsoorlog

Toe die burgers agterkom wat aan die gang is, wou hulle na die wapen gryp. Paul Kruger het hulle egter tot kalmte gemaan. Hy het belowe dat hulle eers ander maatreëls in werking sou stel om hul onafhanklikheid terug te kry, voordat hulle tot geweld sou oorgaan.

Kruger en dr Jorissen het nog dieselfde jaar na Engeland gegaan en tevergeefs vir die teruggawe van

hulle geroofde vryheid gaan pleit. ‘n Jaar later het Piet Joubert weer saam met Kruger na Londen gegaan. Hulle het weer met onverrigtersake teruggekeer . Daarna het hulle op 16 Desember 1880 ‘n groot volksvergadering by Paardekraal gehou. Die 600 burgers wat daar byeen was, het plegtig onderneem om saam te staan en vir die herstel van die Republiek se vryheid te veg. Die burgers het hulle besluit met ‘n groot klipstapeling op die terrein verseël en vir Paul Kruger, Piet Joubert en MW Pretorius as driemanskap gekies om die leiding verder op hulle te neem. Dit was die begin van die Eerste Vryheidsoorlog. Hulle het die Vierkleur in Heidelberg gehys en die Engelse garnisoene te Pretoria en Potchefstroom beleër, die vyand by Laingsnek teruggeslaan en vir kolonel Anstruter by Bronkhorstpruit ‘n groot neerlaag besorg. Maar sir George Colley was uit Natal met ses kanonne en 1 000 troepe op pad en toe hy daarin slaag om ongesiens Majubaberg te bestyg, het generaal Piet Joubert se burgers onder Nicolaas Smit hom op 27 Februarie 1881 ‘n verpletterende neerlaag besorg. Hy en 92 van sy manskappe het gesneuwel, teenoor die burgers se verlies van net twee man.

Die Konvensie van Pretoria

Die Liberale regering van Gladstone, wat weer aan bewind was in Engeland, was gewillig om die oorlog teen die Republiek te staak en weer sy onafhanklikheid onder sekere voorwaardes te erken. Dit het tot die sluiting van die Pretoriase Konvensie gelei. Transvaal het weer volkome selfbestuur gekry, onderworpe aan die susereiniteit van die Britse kroon. Daar sou ‘n toesighoudende Britse resident in die Republiek aangestel word. In tye van oorlog sou Britse troepe deur Transvaal gestuur kon word.

Transvaal se buitelandse betrekkinge en die sluiting van verdrae, sou beheer word. Wette oor die Swartes moes deur die resident bekragtig word.

Die Londense Konvensie

In 1883 is hierdie susereiniteit opgehef toe Paul Kruger, generaal Smit en ds SJ du Toit na Londen gegaan het en die Republiek se onafhanklikheid deur die Londense Konvensie weer feitlik volledig herstel is. In die selfde jaar is Stephanus Johannes Paulus Kruger tot staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek gekies.

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand

Met die bewindsoorname van die Konserwatiewe Party onder lord Salisbury, het daar in Engeland weer 'n nuwe vlaag van imperialisme vaardig geword, wat spoedig tot uiting gekom het in 'n onversadigbare drang tot verdere uitbreiding van die reeds magtige Britse ryk. Gedurende die volgende 16 jaar wat die Republiek nog verder voortbestaan het, was hy feitlik onophoudelik die begeerde prooi wat die grond- en goudhonger van die Britse leeu moes versadig.

Die eerste tekens daarvan het reeds vroeg in 1886 plaasgevind toe die ryk goudvelde aan die Witwatersrand ontdek is. 'n Swerm fortuinsoekers uit die buiteland het daarop toegesak. Dit was meesal die opdrifsels wat in hul eie lande nie meer 'n behoorlike heenkome gehad het nie. Die meeste van hulle het uit Engeland gekom en hul Britse hoofvaardigheid saamgebring. Hulle het die Republikeinse regering gekritiseer en op luidrugtige vergaderings hul griewe gelug en begin om vir stemreg te agiteer.

Die persone wat die griewe uitgedink en saamgestel het, was nie die gewone myners en werkers aan die Rand

nie, maar die aandelemark-operateurs, die manipuleerders van die geldmark, die maatskappystigters, die dobbelaars en 'n aantal Jode. Die gewone werkers het min griewe gekoester. Hulle het dikwels met verbasing in die Britse koerante gelees van hulle baie "griewe." Die stem van Johannesburg was dié van die geldmag wat die pers beheer het. Hulle het die nuus wat Engeland moes bereik, gekontroleer en gerangskik en gesorg dat oor die telegraaflyne op aangewese tye fiktiewe verhale oor onrus, paniek en dreigende rewolusie wat in Johannesburg sou plaasvind, na die gretige ore in Londen versend word.

Die Republiek word beleër

Daar was 'n moontlikheid dat die Republiek 'n hawe by Kosibaai deur Swasieland kon verkry. Toe Engeland dit gewaar, het hy die hele gebied ten ooste van Swasiland geannekseer en die Republiek se pad na die see afgesny. Eweneens is enige uitbreiding van die Republiek se grens noordwaarts oor die Limpopo, in die wiele gery deur die tussenkoms en bemoeienis van Rhodes, wat vir sy *Chartered Company* 'n konsessie in Matebeleland verkry het en die Republiek se pad na die noorde gesluit het. Enige uitbreiding of konsolidering weswaarts is die Republiek ook ontneem, nadat die Engelse die twee republiekies Stellaland en Goosen verongeluk het en Betsjoeanaland geannekseer het.

Kruger en Rhodes

In al hierdie verwikkelinge het die groot Britse imperialis, Cecil John Rhodes, baas van die Kimberleyse diamantvelde wat van die Vrystaat geroof is, 'n hand gehad, ten einde sy groot ideaal te verwesenlik om 'n rooi streep te trek vanaf Kaapstad tot in Kaïro. Daarmee het

hy lynreg te staan gekom teenoor die geniale president Paul Kruger, wat met sy strewe die bolwerk gevorm het van die Afrikanernasionalisme, wat die stukrag is waarmee die Engelse aanslag beveg is. Kruger is in 1888, 1893 en 1898 herkies tot staatspresident. Die Boerevolk het sy diens waardeer en hom ondersteun in die stryd wat hy besig was om in hul belang te stry.

Die ekonomiese stryd

Kruger en die volksraad moes noodgedwonge ook op ekonomiese gebied stryd voer om nie verswelg te word nie. Die Kaapse spoorlyne is noordwaarts met toestemming van die Vrystaat, tot aan die Vaalrivier verleng. In 1882 is dit met Transvaal se toestemming vanaf Vereeniging tot in Johannesburg voltooi. Die Republiek se eie spoorlyn, wat vanaf Delagoabaai na Pretoria en Johannesburg in 1895 voltooi is, was sy aangewese handelsverbinding met die buitewêreld, maar die goudmynbase het verkies om hulle ware deur die Kaapse spoorweë te laat vervoer. Kruger het toe die tariewe op die stukkie spoor tussen Vereeniging en Johannesburg verhoog. Toe laai die handelaars al hul goedere by Viljoensdrif af en laat dit per ossewaens na Johannesburg aanry . Daarna het president Kruger die driwwe in die Vaalrivier laat sluit . Dit het so 'n konsternasie veroorsaak, met proteste wat tot in Engeland weerklink het, dat hy dit maar weer oopgestel het. Die hand van Rhodes is voortdurend bespeur in al die agitasies wat teen die Republiek gevoer is.

Die stemregkwessie

Om te verhoed dat die duisende uitlanders wat die Republiek binnegestroom het, die burgers sou verswelg

en die regering van die land sou oorneem, het die Volksraad die wet wat bepaal dat 'n persoon 5 jaar in die Republiek woonagtig moes wees voordat hy stemreg kon bekom, in 1890 verander na 14 jaar. Om die uitlanders in 'n mate verteenwoordiging in die Republikeinse regering te gee, is daar 'n "Tweede Volksraad" in die lewe geroep, waarop hulle sitting kon hê na 'n tweejarige verblyf in die Republiek . Hulle kon die Eerste Volksraad oor uitlanderbelange adviseer.

Jameson se strooptog

Dit het nie hul griewe opgelos nie. Hulle het 'n *Reform*-beweging gestig en al hoe luidrugtiger teen die Republiek geagiteer. Rhodes het in 1895 in die geheim saamgeknoei met dr Jameson van Rhodesië om met 500 man vanaf Mafeking die Republiek binne te val, die uitlanders aan die Rand te hulp te snel en die Republiek te verower. Jameson is op Nuwejaarsdag 1896 vasgetrap by Doringkop, naby Krugersdorp, waar hy moes oorgee. Dit het Rhodes se rol in hierdie debakel ontmasker en hom verplig om as eerste minister van die Kaapkolonie te bedank.

Chamberlain en Milner se oorlogstokery

In 1895 het lord Salisbury eerste minister van Engeland geword. Hy het vir Joseph Chamberlain aangestel as koloniale staatsekretaris. 'n Jaar later het Alfred Milner as Britse hoëkommissaris na Suid-Afrika gekom. Milner en Chamberlain het met haat en veragting teen die Boere opgetree. Hierdie twee oorlogstokers het geen steen onaangeroer gelaat om die verhouding tussen die Republiek en Groot-Brittanje te vertroebel nie. Hulle het die Engelse pers ingespan om die publiek wys te maak dat

die arme Britse onderdane aan die Rand op ‘n gruwelike wyse veronreg en verdruk word. As twisappel het hulle die stemregkwessie gebruik en daarmee met die Republiek skoor gesoek. Toe sake in 1899 baie warm word, het president Kruger toegestem om vir Milner in Bloemfontein te ontmoet. Milner wou nie dat president Steyn, wat die konferensie gereël het, dit bywoon nie. Hy het geëis dat die stemregkwalifikasie na 5 jaar verlaag moes word. Kruger het dit geweier. Toe Milner nog meer onmoontlike eise stel, het president Kruger vir hom gesê hy sien nou dat hulle nie die stemreg nie, maar sy land wil hê.

‘n Bietjie later het die volksraad toegestem om die stemregwet se kwalifikasies na 7 jaar te verminder en uiteindelik was hulle gewillig om dit te verlaag na 5 jaar, onder sekere voorwaardes. Maar toe het Chamberlain en Milner besef dat indien hulle hierdie voorstelle aanvaar, dit presies sou wees wat hulle van die begin af geëis het. Dan sou hulle geen twisappel meer hê waarmee hulle teen die Republiek kon oorlog stook nie. Daarom het hulle met allerlei nuwe eise gekom, wat vir president Kruger en vir president Steyn laat besef het dat Groot-Brittanje meedoënloos op oorlog teen die Republieke afstuur. Die Vrystaat was ook daarin betrokke, omdat die twee Republieke ‘n verdrag gesluit het om mekaar te steun.

19
Die Oorlog wat verloor maar gewen is

Die troepesametrekkings

Vanaf Junie 1899 het Brittanje begin om troepesametrekkings op strategiese punte aan die Transvaalse grens te stasioneer. Die vernaamste daarvan was dié van sir George White, wat met 12 000 man hom in Ladysmith gevestig het. Daar was nog ander afdelings in Noord-Natal by Charlestown, Mount-aux-Sources en Rorkesdrift. Die res van die Britse magte was yl versprei oor Kaapland se spoorwegsleutelpunte, by Stormberg, Noupoort, De Aar en die Oranjerivierstasie (naby Hopetown), terwyl daar ook sametrekkings in Mafeking en Kimberley was. Altesaam was daar reeds 27 000 man slaggereed om die Republiek binne te val.

Die ultimatum

Die Republieke het reeds vanaf September al die nodige voorbereidings vir die komende stryd getref en wou verhoed dat Engeland nog meer troepe na die grense aankarwei. Daarom het Kruger op 11 Oktober 1899 die ultimatum gestel waarin geëis word dat die troepe teruggetrek moes word en dat dié wat op see nog in aantog was, nie moes land nie. As antwoord op die ultimatum, het die Republieke die volgende oorlogsverklaring ontvang: Haar majesteit se regering vind die eise en voorstelle belaglik en ag dit nie die moeite werd om dit te bespreek nie.

Die Boeremagte

Die Tweede Vryheidsoorlog het begin, tot groot vreugde van Joseph Chamberlain, Alfred Milner en ander aarts-imperialiste, as beloning vir hulle volgehoue pogings om Groot-Brittanje aan te vuur om hierdie onregverdige wapenstryd teen die twee Republieke te voer. Hulle het met die uitbreek van die oorlog gesamentlik oor 54 667 burgers beskik wat vir krygsdiens opgeroep kon word, maar daar is net 32 000 tot 35 000 van hulle gemobiliseer. Dié wat nie opgeroep is nie, moes noodsaaklike dienste verrig.

Eerste veldslae

Die Boerekommando's het na die verskillende punte wat deur die Engelse beset was, opgeruk. Generaal PA Cronjé het vir kolonel Baden-Powell in Mafeking beleër. Van die Vrystaatse kommando's het die Engelse garnisoen in Kimberley beleër. Die hoofmag van Transvaal is onder aanvoering van generaal Piet Joubert na Natal om die Engelse by Ladysmith en ander besette punte aan te val. Daar is ook 'n Transvaalse mag na Norvalspont in die Kaapkolonie gestuur, om saam met die Vrystaters in die omgewing van Colesberg te opereer.

Die Natalse front

Die Engelse magte in Natal is vroeg in November versterk deur die aankoms van sir Redvers Buller met 'n leërkorps van 50 000 man. In die veldslae wat hier in Natal gedurende die eerste maande van die oorlog gelewer is, het die Boere by Elandslaagte 'n nederlaag gely, maar in groot veldslae soos dié by Talana, Modderspruit en Nicholsonsnek, is die vyand met aansienlike verliese teruggeslaan. Die Boere se suksesvolle offensief in Natal

het egter teen die einde van November geëindig met hul onaktiewe beleg van Ladysmith, terwyl die vyand besig was om met versterkte magte terug te keer om die beleërde dorp te ontset.

Die wesfront

Aan Transvaal se wesgrens het generaal PA Cronjé ewe onaktief gelê en wag dat Baden-Powell moes oorgee, totdat president Kruger hom met 4 000 man suidwaarts gestuur het om die oprukkende Engelse magte op pad na Kimberley te probeer stuit.

Die suidfront

Aan die suidfront het generaal De le Rey die pad van die oprukkende magte van lord Methuen versper. Generaal Cronjé het met die kommando Potchefstroom by hom aangesluit. Onder aanvoering van De la Rey is Methuen se magte by Modderrivier 'n gedugte neerlaag besorg. Die Engelse het hul daarop by Modderrivier vasgegrawe en op die aankoms van lord Roberts se hoofmag gelê en wag. Generaal French het met sy ruitery by die Boeremagte verbygeglip en Kimberley op 15 Februarie ontset.

Cronjé se oorgawe

Generaal Cronjé het hom met sy hoofmag op die oewer van die rivier by Paardenberg ingegrawe. Generaal De Wet, wat die bevel oor die Vrystaatse kommando's kom oorneem het, het Cronjé tevergeefs gewaarsku dat sy groot laer in gevaar verkeer het. Hy is daar deur die aanrukkende hoofmag van Roberts omsingel en gebombardeer totdat hy op 27 Februarie 1900 met 4 000

man moes oorgee. Dit was 'n geweldige terugslag vir die Republieke se oorlogspoging.

Inname van Bloemfontein

Daarna kon De Wet en De la Rey se kommando's die aanrukkende oormag van Roberts en sy duisende Tommies en honderde kanonne nie meer stuit nie. Kimberley is op 15 Februarie ontset en Bloemfontein op 13 Maart 1900 ingeneem.

Intussen het die Engelse leër groot versterkings ontvang. Daar het maandeliks 30 000 vars troepe die land binnegestroom. Teen die einde van April was die sterkte van die leër byna 200 000 man. Aan infanterie het Roberts, insluitende die mag in Natal, oor nie minder as elf divisies beskik nie.

Ontset van Lydysmith

In Natal het Buller verbete pogings aangewend om Ladysmith te ontset. Louis Botha, wat oor generaal Piet Joubert se kommando's op daardie stadium die bevel gevoer het, het 5 000 man en enkele veldstukke tot sy beskikking gehad. Daarmee het hy op 15 Desember 1899 vir Buller, met sy 30 000 man en 46 veld- en skeepskanonne, teruggeslaan en hom 'n verlies van 2 000 man besorg. Buller het op 23 Januarie 1900 Spioenkop beset, waar hy weer die onderspit moes delf met 'n verdere verlies van byna 1 000 man. Op 6 Februarie moes hy weer by Vaalkrans met aansienlike verliese die terrein ontruim. Hy het egter op 27 Februarie daarin geslaag om met 40 000 man in 'n stormloop, Botha se 5 000 man uit hul stellings te verdryf, na 'n ongeëwenaarde bombardering met 72 kanonne. Buller het 'n totale verlies gely van byna 4 000 man, maar daarmee het hy daarin geslaag

om Ladysmith te ontset. Joubert het na Pretoria vertrek, waar hy kort daarna oorlede is. Louis Botha het sy plek ingeneem as bevelhebber van die Boeremagte in Natal.

Pretoria en Johannesburg word ingeneem

Na die inname van Bloemfontein op 13 Maart 1900, het Roberts eers op 1 Mei daarvandaan met sy hoofmag noordwaarts vertrek. Teenoor sy oorweldigende oormag van meer as 100 000 man, het die Republikeinse leërleiding toe nog skaars 25 000 man in die veld gehad.

Die twee Republieke het op 20 Maart 1900 te Kroonstad 'n krygsraadvergadering gehou onder voorsitterskap van president Steyn. Hy het die Vrystaatse regering vanaf Bloemfontein na Kroonstad verskuif. Daar was 40 tot 50 offisiere teenwoordig, verskeie lede van die twee regerings en ook president Kruger. Hulle het besluit om die stryd kragdadiglik voort te sit, om die walaers af te skaf en die oorlog verder met perdekommando's te voer.

Op 5 Mei het Winburg en 'n week later ook Kroonstad in Britse hande geval. Op 24 Mei het Roberts ongehinderd by Vereeniging die Vaalrivier oorgesteek. 'n Aparte mag onder kolonel Mahon het al met die Rhodesiese spoorlyn langs opgeruk en op 17 Mei 1900 Mafeking ontset.

Die Transvaalse volksraad het op 7 Mei 1900 vir die laaste keer vergader. Die verdere oorlogsvoering is opgedra aan die Uitvoerende Raad. Hulle het besluit om Pretoria nie te verdedig nie, maar al vegtend ooswaarts langs die Delagoabaai-spoorlyn terug te val en soveel krygsmateriaal en goud as moontlik met die spoorlyn ooswaarts te vervoer.

Johannesburg het op 31 Mei in Britse hande geval en Roberts het Pretoria op 4 Junie ingeneem. President

Kruger en die lede van sy regering het 'n week tevore per trein na die ooste vertrek en uit Machadodorp die bewind verder gevoer.

Die bewegingsoorlog begin

Daarna het die stryd van die twee Republieke se handjievol burgers wat nog in die veld was, teen die Britse oormag van 240 000 man met 300 tot 400 kanonne begin.

Sonder die lomp waens het die Boeremagte nou "vlieënde kommando's" geword, wat met 'n bewegingsoorlog 'n vinnige guerrillastryd teen die vyand se oormag begin voer het. In die Vrystaat het generaal Christiaan de Wet met sy georganiseerde kommando's die vyand met verrassingsaanvalle onnoembare skade en verliese berokken. Op die hoëveld en Oos-Transvaal het generaal Louis Botha, met generaal Ben Viljoen en generaal Chris Muller, afdelings van die vyand aangeval en groot suksesse behaal. In Wes-Transvaal het generaal De la Rey, gesteun deur Kemp, die een na die ander oorwinning behaal oor die groot mag van lord Methuen. In Noord-Transvaal is die bevel onder generaal CF Beyers geplaas, om die burgers tot kragdadige verset te organiseer.

President Kruger in Europa

President Kruger het op 11 September 1900 Nelspruit verlaat op pad na Delagoabaai, van waar hy op 19 Oktober met 'n Nederlandse kruiser, *De Gelderland,* na Marseille gebring is. Hy is in Frankryk en Nederland met groot geesdrif ontvang, maar hy kon nie daarin slaag om enige hulp vir die Boere in hul stryd teen Groot-Brittanje te verkry nie. Die Duitse keiser, Wilhelm, wat hom vier jaar vantevore nog gelukgewens het met sy hantering van

die Jameson-strooptog, wou hom nie eers te woord staan nie. Die ou bejaarde President se reaksie was: "Ja, ek het in Europa vir my volk kom brood soek, maar in plaas daarvan net blomme gekry."

De Wet en Steyn in die Vrystaat

Na president Kruger se vertrek na Europa, het president Steyn die politieke mondstuk van die Republieke geword. Nadat Bloemfontein deur die Engelse beset is, was Steyn genoodsaak om die Vrystaatse regering kort-kort te verskuif. Hulle het tussen Kroonstad, Brandfort, Lindley, Heilbron, Reitz en Bethlehem geswerf. Bekwame heliografiste en telegrafiste het gesorg dat Steyn en sy raadslede altyd geweet het waar die kommando's en die Engelse hulle bevind het. Sy klein laer was deurgaans onder generaal De Wet se sorg en het gewoonlik die kommando's vergesel. Die Engelse het begeer om vir generaal De Wet en die President gevange te neem. Hulle het nie daarin geslaag nie. Daar het by tye 'n troepemag van meer as 60 000 manskappe verbete pogings aangewend om generaal De Wet en sy kommando te omsingel en vas te keer. Hulle kon nie daarin slaag nie. De Wet het verskeie kere met verrassingsaanvalle die vyand groot skade en verliese berokken. Op 7 Junie 1900 het hy 'n Engelse mag wat 'n baie groot konvooi met voorrade begelei het, naby Heilbron aangeval en die hele voorraad ter waarde van 'n driekwart miljoen pond gebuit.

Afdelings van die verskillende kommando's het hulle daarop toegespits om die Engelse se verbindigslinies te vernietig. Hulle het treinspore opgebreek, brue opgeblaas en konvooie wat voedsel, klere en ammunisie vervoer het, gebuit. Aan die einde van die oorlog het die bittereinders

nie meer met Mauser-gewere geveg nie, maar met Lee-Metfords wat hulle van die Engelse afgeneem het.

Die Engelse wou die burgers omhaal om die wapens neer te lê deur valse beloftes van beskerming wat hulle daarna op hulle plase sou geniet. Vir generaal De la Rey het hulle 'n jaarlikse som van £10 000 aangebied indien hy die stryd sou gewonne gee! In plaas daarvan het De la Rey in Suid- en Wes-Transvaal die Engelse meer as kopseer besorg met sy verrassings-aanvalle op kwesbare punte. Hy het groot oorwinnings behaal by Silkaatsnek, by Rooipoeierspruit, by Swartruggens en by Buffelspoort, waar hy ook 'n groot konvooi met voorrade verower het. Hy het vir lord Methuen, wat met 'n groot mag by Lichtenburg opereer het, gedugte neerlae by Ysterspruit en Tweebos besorg. Methuen self was swaar gewond. Generaal De la Rey het hom met sy eie waentjie na Klerksdorp gestuur om daar versorg te word.

Die blokhuise

Om die Boere se bewegings aan bande te lê en die spoorlyn te versterk, het die Engelse 'n reeks blokhuise op kort afstand van mekaar opgerig, met doringdraadversperring tussenin. Dit het hulle nie veel gebaat nie, want wanner 'n Boerekommando 'n blokhuislinie wou kruis, het hulle die soldate in die blokhuis waar hulle wou deurbreek, met geweervuur wat op die skietgate gerig is, stilgemaak, die drade geknip en deurgejaag.

Die verdelgingsoorlog

Lord Roberts het op 29 November 1900 na Engeland teruggekeer. Sy opvolger, lord Kitchener, het as opperbevelhebber van die Britse troepe in Suid-Afrika, die oorlog met hart en siel teen die Republieke voortgesit.

Toe die Boere in die veld nie tot oorgawe gedwing kon word nie, het Kitchener met sy nie-militêre oorlogvoering teen die burgerlike bevolking van die Republieke begin. Die land is gestroop van alle bestaansmiddele, deur nie net die veestapel te vernietig nie, maar ook die verbranding van talle plaaswonings. Hy het in Desember 1900 besluit om die vroue en kinders in konsentrasie-kampe saam te bring. Daarna kon die Boere nie meer voedsel en klere gaan haal van hulle afgebrande plase, waar die vroue die boerderye vroeër aan die gang gehou het nie.

Die vyandelike oormag

Die Britse leërsterkte is maar gedurig uit die moederland en sy kolonies aangevul. Teen Mei 1901 was daar in Suid-Afrika byna 250 000 man, met honderde veldstukke en snelvuurgeskut. Oorloper-Boere het vir die Britte gewerk as wadrywers, gidse en selfs as spioene. Die Swartes is ingespan vir hulpdienste, verkenning , spioenasie en in aktiewe gevegte teen die Boere.

Die moordkampe

Die oorlog het in 1901 al hoe swaarder op die bevolking begin druk . In Mei van daardie jaar was daar reeds 80 000 vroue en kinders in die konsentrasiekampe. In Oktober het dit aangegroei tot bykans 120 000. Die administrasie, huisvesting en voeding was allertreurigs. Siekte-epidemies het die sterftesyfer geweldig laat styg. Eers teen die einde van die oorlog het dit effens beter gegaan, nadat daar 'n geringe mate van aandag aan Emily Hobhouse se bemoeiinge en aanbevelings gegee is.

Pogings om die oorlog te beëindig

Die ontvolking en verwoesting is stelselmatig voortgesit. Die kommando's kon skaars meer in hulle daaglikse behoeftes voorsien. Hulle het krygsgevange Tommies "geskud" (hulle klere geneem) en hulle dan nakend vrygelaat. Al voedsel wat nog beskikbaar was om van te leef, was vleis en mieliepap.

In Mei 1901 wou die Transvaalse regering onder leiding van Schalk Burger, uit moedeloosheid die oorlog staak, maar president Steyn het hulle gemaan om te volhard.

Op 7 Augustus 1901 het Kitchener in 'n proklamasie die Boere opgeroep om voor 15 September oor te gee, of anders sou hulle uit die land verban word. Hierdie "papierbom" het geen uitwerking gehad nie. Dit was buitendien 'n teken van die vyand se onmag om die Boere tot oorgawe te dwing. Hulle het dwarsdeur die somer tot April 1902 die een dryfjag na die ander gemaak om De Wet onskadelik te maak en die Vrystaatse regering te vang. In Transvaal het hulle nagtelike strooptogte, gelei deur Swartes en verraaier-Boere (National Scouts) op die oorblywende kommando's gemaak.

Haglike toestande

Teen April 1902 was die militêre toestand donker. Daar was darem nog saam met die Kaapse rebelle, byna 20 000 man in die veld, maar die land was geheel en al verwoes. Die burgerlike bevolking was besig om in die konsentrasiekampe te sterf. Altesaam 26 000 vroue en kinders het die lewe gelaat, teenoor minder as 4 000 burgers wat gesneuwel het. 'n Paar duisend verraaiers het selfs in Britse uniforms aan die kant van die vyand geveg. Baie burgers het nie meer perde gehad nie, voedsel-

voorrade was feitlik uitgeput en die moonlikheid van Europese tussenkoms het nie bestaan nie.

Vredesonderhandelings

Sestig verteenwoordigers van die twee Republieke het vanaf 15 Mei tot 29 Mei in Vereeniging beraadslaag en besluit om aan Alfred Milner en lord Kitchener se eise van oorgawe te voldoen. Die Vrede van Vereeniging is op 31 Mei in Pretoria onderteken. Daarvolgens moes alle burgers die wapens neerlê. Krygsgevangenes sou na hulle tuistes teruggebring word. Hulle sou hulle persoonlike vryheid en eiendom behou. Alle burgers ontvang amnestie vir vermeende oorlogsdade. Nederlands sou in die skole onderrig word en in die geregshowe toegelaat word. Gewere mag vir persoonlike beskerming aangehou word. Militêre bestuur sal so gou doenlik met burgerlike bestuur vervang word . Bantoe-stemreg sal eers na selfbestuur aan-geroer word. Geen belastings sal gehef word om oorlogskostes te dek nie. Plaaslike kommissies sal met die repatriasie van die bevolking help en om in behoeftes van voedsel, herberg, saad, vee en gereedskap te voorsien.

Die Tweede Vryheidsoorlog was verby. Die Republieke het opgehou om te bestaan, maar onder die puinhope het die as bly gloei. Groot-Brittanje wou die Boerevolk uitwis. Maar hy kon ter nouernood in 1902 daarin slaag om hulle hul vryheid te ontneem. Hulle het uit die gloeiende as van vernedering weer opgestaan om die oorlog wat hulle eers verloor het, uiteindelik te wen.

20
Ons word weer halfpad vry
Die benarde toestand na die oorlog

Na die ondertekening van die Vrede van Vereeniging was nie net die staatkundige onafhanklikheid van die twee Republieke verlore nie, maar die land was geheel en al verwoes. Die Britse beleid om die aarde te verskroei, het die strydende burgers van hul bestaansmiddele beroof. Terugkerende burgers het hul wonings afgebrand gevind en hul boorde verwoes. Hulle vee was weg. In baie gevalle het hul vroue en kinders ook in die konsentrasiekampe omgekom. Besoekers uit die buiteland kon in 1902 nouliks 'n uitroep van ontsteltenis onderdruk. Selfs lord Milner het erken dat die uitvoering van sy beleid rampspoedige gevolge gehad het.

In die oorlog het 3 990 burgers gesneuwel en 1 081 het weens siekte en ongelukke die lewe gelaat. In die krygsgevangekampe is 1 118 oorlede. In die konsentrasiekampe het 1 676 mans (meesal ou mans wat saam met die vroue weggevoer is), 4 177 vroue en 22 074 kinders gesterf. Die totale getal Afrikanerlewens wat deur die oorlog verlore gegaan het, kom dus op 34 116 te staan.

Die verlies van tienduisende waardevolle lewens, wat vir Suid-Afrika met sy klein blanke bevolking gevoelig was, was nie al prys wat vir die oorlog betaal is nie. Die geestelike en stoflike verwoesting was ontsettend. Die insinking van die Afrikanerdom het onrusbarende dieptes bereik. Die burgers moes hulle wapens neerlê en vir Eduard VII as hulle wettige vors erken. Die krygsgevangenes in oorsese kampe moes skriftelik hulle Britse onderdaanskap erken voordat hulle na hul vader-

land kon terugkeer. Die duisende Kapenaars en Natallers wat aan die kant van hul volksgenote in die Republieke geveg het, is as rebelle gestraf, onder ander deur hulle die kiesreg te ontneem.

Die vernietigingswerk was stelselmatig en op groot skaal. Oral was stukke afgebrande veld en verlate murasies. Op die kaal vlaktes was tallose geraamtes van perde, beeste en skape te sien. Oral was eensame grafte van burgers of Engelse grafte langs eensame paaie.

Die oorlog en die goudbedryf

Die oorlogsramp het nie alleen die Boerevolk van die Republieke in geestelike en stoflike opsig met vernietigende krag getref nie, maar ook die Witwatersrandse goudbedryf. Die vlug van tienduisende Randse uitlanders na die hawestede, het die myne tot stilstand laat kom. In 1898 was die goudopbrengs R32 482 000 en in 1901 het dit gedaal tot R2 194 000.

Daar was 'n groot gebrek aan die nodige arbeidskragte. Gedurende die oorlog het die Engelse die Swartes wat hulle in diens gehad het, buitensporige lone betaal. Na die oorlog wou hulle nie vir laer lone werk nie. Generaal Smuts het gesê "die naturelle was versadig van hul oorlogtydse geld en hulle het in ledigheid gesit en wag op die millennium wat die Engelse hulle beloof het."

Alfred Milner kom weer op die toneel

Die man aan wie die noodsaaklike weeropbou van die verwoeste land toevertrou is, was ironies genoeg niemand anders nie as die man wat meer as enigiemand anders vir die Suid-Afrikaanse ramp verantwoordelik was. Sy idee van weeropbou was sy mislukte poging om soveel Engelse in te voer en te vestig dat die meerderheid van die

blanke bevolking van Suid-Afrika uit Engelse sou bestaan. Hy wou so veel moontlik Britse soldate wat aan die oorlog deelgeneem het, agterhou in die polisie, spoorweg- en posdiens. Om die Britse element te versterk en die Britse gesag te waarborg, het hy vir hom 'n nuwe polisiemag, die *South African Constabulary,* met 10 000 oudsoldate saamgestel.

Milner wou die Afrikaners werklike Britte maak deur te bepaal dat Engels die taal in die skole sou wees. *"Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else."*

Milner was verantwoordelik vir die repatriasie van die krygsgevangenes en die terugbring van die burgerbevolking uit al die kampe in die land. Dit was geen kleinigheid om nagenoeg 200 000 geruïneerde mense weer na hulle verwoeste tuistes terug te bring nie. Hulle moes deur die owerheid voorsien word van voedsel, boustowwe, landbougereedskap, trekdiere, saad en vee. Milner maak daarop aanspraak dat hy dit alles in agt en 'n halwe maand bewerkstellig het.

Milner se rehabilitasiepogings misluk

Volgens die Vredesverdrag is voorsiening gemaak vir 'n "vrye gif"van R6 miljoen deur die Imperiale regering, om vir skades wat gely is, te vergoed . Die "vrye gif" was soos 'n druppel aan 'n emmer in vergelyking met die geweldige nood. Toe is "voorskotte by wyse van lenings" toegestaan. Die "voorskotte" het die "vrye gif" van R6 miljoen baie vinnig ver oorskry. Die uitvoering van hierdie skemas het veel te wense nagelaat. Vir die Afrikaners het repatriasie op 'n repatriasieskandaal en kompensasie op 'n kompensasiegeknoei uitgeloop.

Die klagtes en proteste teen Milner se toepassing van die repatriasie- en kompensasiebeleid het net so min sukses gehad soos die besware teen sy taal- en onderwysbeleid. Hy het vir hom 'n klompie amptenare in Engeland gewerf wat die *Kindergarten* genoem is. Saam met hulle kon hy in Suid-Afrika doen net wat hy wou, sonder om tot verantwoording geroep te word. Hy het sy polisiemag, die *South African Constabulary,* gebruik as 'n soort besettingsleër om die Boere te intimideer . Hulle het hulle baie gehaat gemaak onder die Afrikaners.

In 1902 het Milner 'n gewaarborgde lening in Engeland van R70 miljoen vir die verowerde kolonies aangegaan . Dit was 'n geweldige skuldelas vir die nuwe kolonies, wat pas die verwoesting van 'n langdurige oorlog deurgemaak het. By al die geswoeg met die rekonstruksiewerk, die na-oorlogse depressie en groot droogtes wat geheers het, was hulle nie in staat om hierdie onproduktiewe skuldelas te dra nie. Nadat Milner Suid-Afrika in 1905 verlaat het, is met die Liberale regering in Engeland nuwe reëlings in verband met hierdie lening getref.

Chinese vir die goudmyne

Milner het geglo dat die Rand se goudmyne die bron van welvaart in Suid-Afrika is. Die goudbedryf moes in die hoogs moontlike tempo ontwikkel en uitgebrei word. Hy was van mening dat indien die myne weer 'n opbrengs van R32 miljoen kon lewer, sou hy die finansiële probleme van die twee nuwe kolonies kon hokslaan. Hy wou toe die groot arbeidstekort oplos deur Chinese in te voer om in die myne te werk. Die eerstes het in 1904 op die Rand aangekom en skaars nege maande later was daar

al 34 000 en in Januarie 1907 het daar 54 000 Chinese in die goudmyne aan die Rand gewerk.

Dit was vroeg in 1903 al bekend dat Milner van plan was om Chinese in te voer. Die Boere het met mag en krag daarteen geprotesteer. Generaal Botha het in Julie 1903 op Heidelberg 'n groot protesvergadering gehou. Milner was bevrees dat die Boere dié dag daar 'n militêre opstand sou begin. Hy het 500 ekstra konstabels daar saamgetrek.

Die vergadering het geëis dat Hollands en Engels gelyke regte in die land moes geniet, dat die verdere invoer van Asiate uitgestel word en dat met die aangaan van 'n oorlogslening gewag moes word totdat die twee kolonies selfbestuur ontvang het.

Toe sê Alfred Lyttelton in die Britse laerhuis dat die Transvaalse publiek begeer om die Chinese arbeiders in die land te hê. Hierdie leuen het die Afrikaners so kwaad gemaak dat hulle 'n groot volkskongres in Mei 1904 gehou het en die vereniging, *Het Volk.* gestig het, om hulle teen Milner te verweer.

Milner het egter met die uitvoering van sy planne om die Chinese as arbeiders in te voer, wel deeglik daarin geslaag om die goudopbrengs te verhoog. In 1905 was die waarde daarvan reeds meer as R41 miljoen. Die Chinese was nie gewone immigrante nie, maar ongeskoolde kontrakarbeiders. Hulle was onderworpe aan gedwonge repatriasie sodra hulle inboektermyn verstryk het. Nietemin het Milner en die goudbase se maatreël heftige kritiek uitgelok. Boer en Brit het in hulle protes teen die Asiate se teenwoordigheid in die land vir Milner en die geldmagnate daarvan beskuldig dat hulle met vuur speel. In die Britse laerhuis is 'n mosie van afkeuring teen lord Milner aangeneem. Dit was die einde van

Milner se gehate politieke rol in Suid-Afrika. Hy het die land in April 1905 verlaat. Hy het hom aan die politieke lewe onttrek en in die politieke woestyn verdwyn.

Selfregering vir Transvaal en die Vrystaat

Die Chinese was nog steeds in Suid-Afrika die mees ongewenste element van die hele bevolking. Hulle het selfs in Engeland politieke stof opgejaag. Die Konserwatiewe regering wat die oorlog in Suid-Afrika gestook het en vir Milner hier geplaas het, se regeertyd was verby en die Liberale Party het hulle in die verkiesingstryd wat gevolg het, oor die Chinese aangeval en kwaai veroordeel. Die verkiesing het aan die pro-Chinese 'n verpletterende neerlaag besorg en die Liberale Party van sir Henry Campbell-Bannerman het die regering oorgeneem. Toe het daar 'n juigkreet opgegaan. Daar is beweer dat dit nie net alleen 'n oorwinning van die Liberale oor die Konserwatiewe in Brittanje was nie, maar ook 'n oorwinning van die Afrikaners en die Suid-Afrikaanse Engelse wat met hulle saamgewerk het, oor Milner, die mynmagnate en oor alle jingo's.

Die Campbell-Bannerman-regering was die Afrikaners goedgesind en het aan Transvaal in 1906 en vir die Vrystaat in 1907 selfregering gegee. Reeds voor hierdie tyd is die verdere uitreiking van lisensies om nog meer Chinese in te voer, stopgesit. Die Chinese wat in 1906 nog in die land was, is nie dadelik gerepatrieer nie. Dit is egter gedoen nadat hulle inboektermyn verstryk het.

In Transvaal het in Februarie 1907 'n algemene verkiesing plaasgevind, waar die party, *Het Volk,* die meeste setels verower het. Generaal Louis Botha het die eerste minister geword en generaal Smuts sy minister van binnelandse sake en onderwys. In Desember 1907 het die

Orangia Unie in 'n verkiesing in die Vrystaat die botoon gevoer. Abraham Fischer het eerste minister geword en generaal JBM Hertzog die minister van justisie en van onderwys.

Unifikasie

Die twee noordelike kolonies, die *Transvaal Colony* en die *Orange River Colony* (wat weer sy naam, Oranje-Vrystaat, teruggekry het), het met die toekenning van verantwoordelike regering in 1907, gelyke status verwerf met die Kaap en Natal. Daar het lank tevore reeds stemme opgegaan wat die nouer saamsluiting of eenwording van die vier kolonies gepropageer en bepleit het. Gesamentlik sou hulle baie beter in staat wees om oplossings te vind vir hul eie en gemeenskaplike probleme. Natal het geworstel met sy Indiër- en Zoeloe-probleem. Sy oorwegende Engelse element sou moes saamwerk met die Afrikanergemeenskap in die ander drie provinsies. Eenwording sou ook 'n oplossing bied vir die spoorweg- en doanewedywering wat daar bestaan het. Lord Selborne, Milner se opvolger as Hoëkommissaris in Suid-Afrika, het 'n memorandum opgestel waarin hy die voordele van eenwording aangedui het. Manne soos president Steyn, John X Merriman, Jan Smuts en Louis Botha, het hulle geesdriftig beywer vir die totstandkoming van nouer eenwording. Daar is besluit om 'n nasionale konvensie te hou om dit te bespreek en 'n grondwet op te stel.

Die konvensie het in Oktober 1908 in Durban vergader onder voorsitterskap van sir Henry de Villiers, die Kaapse hoofregter. Al die vername politieke leiers in Suid-Afrika was teenwoordig. Die konvensie het die raamwerk van die nuwe staat opgestel. Binne 'n jaar sou

die Britse koning die vier kolonies proklameer as 'n wetgewende unie onder een regering en 'n goewerneur-generaal benoem.

Die kolonies sou provinsies van die unie word. Die uitvoerende gesag sou die goewerneur-generaal namens die koning voer. Hy sou bygestaan word deur 'n uitvoerende raad en tien ministers wat die staats-departemente moet administreer. Die wetgewende gesag sou setel in die unie-parlement, bestaande uit die koning (goew.-genl.), 'n senaat en 'n volksraad. Die regterlike gesag was die hooggeregshof, met die hoofregter, gewone appélregters en ander regters. Elke provinsie sou ook apart bestuur word deur 'n provinsiale raad, met 'n administrateur en 'n uitvoerende komitee.

Natal wou graag 'n federale regeringsvorm hê, maar die konvensie het ten gunste van unifikasie besluit. In die ontwerpgrondwet is die beginsel van gelykheid van Engels en Nederlands opgeneem. Die kiesreg sou net aan Blankes behoort, met uitsondering van die Kleurlingstem in die Kaap, wat in die grondwet verskans is. Die konvensie het besluit om Kaapstad die setel van die wetgewende gesag te maak en Pretoria die setel van die administrasie. Die appélhof sou in Bloemfontein vergader.

Die konvensie het op 5 November 1908 sy vernaamste werk in Durban afgehandel, dit op 23 November in Kaapstad voortgesit en op 3 Februarie 1909 voltooi. Daarna is die ontwerpgrondwet deur die Engelse parlement aanvaar as die Suid-Afrika-Wet van 1909. Die Koning het dit op 20 November 1909 goedgekeur.

Die benoeming van 'n eerste premier van die Unie en die samestelling van 'n regering of kabinet moes nog plaasvind. Lord Gladstone het as eerste goewerneur-

generaal in Kaapstad aangekom en 31 Mei 1910 vasgestel as die datum vir Uniewording. Hy het vir Botha gevra om ‘n kabinet saam te stel.

Met die eerste algemene verkiesing aan die begin van 1910, het Botha se Het Volk-party in Transvaal, en die Kaapse Suid-Afrikaanse Party, gesteun deur die Orangia-Unie van Fischer en Hertzog, ‘n volslae oorwinning oor die Unioniste behaal. Die Unie van Suid-Afrika het ‘n voldonge feit geword. Gedurende die vyftig jaar van sy bestaan, is hy egter gedurig daaraan herinner dat hy, deur sy verbintenis aan die Britse kroon en as lid van die Engelse Gemenebes van Nasies (die Britse Statebond), nie soewerein onafhanklik was nie en dat sy Afrikaner-inwoners nog steeds veel moes opoffer vir die belange van die Britse ryk.

21
Die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie

Die bevolking

Die stigting van die Unie van Suid-Afrika het die staatkundige verdeeldheid wat met die Groot Trek ontstaan het, beëindig. Provinsialisme het nog lank bly voortbestaan, sowel as die houvas van Britse imperialisme op die jong staat. Maar die nasionale gevoel het mettertyd al hoe sterker na vore getree.

In 1911 was die Unie se totale bevolking ‘n bietjie minder as 6 miljoen. Daar was 4 000 000 Bantoes asook 1 276 000 Blankes, 525 000 Kleurlinge en 152 000 Indiërs. Die Indiërs was meesal in Natal. Die meeste Bantoes was nog in reservate, maar hulle was toenemend besig om in die blanke platteland en stedelike gebiede in te sypel.

Die grootste deel van die bevolking het op die platteland gewoon en was vir hulle bestaan afhanklik van die landbou en veeteelt. Daar was na beëindiging van die Tweede Vryheidsoorlog ‘n neiging by die armer mense om hul toevlug tot die stede te neem. Dit was die blanke armes wat hulle grond verloor het. Droogtes en depressies het hul getalle laat styg. In die stede moes hulle as ongeskoolde arbeiders meeding met die Bantoes.

Die goudmyn-bedryf

Die goudbedryf aan die Witwatersrand was vir die Unie van groot betekenis. In 1911 was daar 25 000 blanke arbeiders in diens. Hulle het meer as R16 miljoen aan lone ontvang. In 1910 het die myne 7½ miljoen ons

fyngoud geproduseer. Die Unie was die vernaamste goudprodusent ter wêreld. Die myne moes belastings aan die staat betaal. Die Kamer van Mynwese was ‘n krag vir die land, maar die mynbase het deur die Unioniste hul stem in die parlement laat hoor en hulle eise gestel. Die Afrikaners het steeds wantrouig teenoor die bedryf gestaan. Die Botha-regering het nie groot simpatie met die mynbase gehad nie.

Botha se rekonsiliasie-beleid

Louis Botha het met die eerste Uniale verkiesing die Afrikaners en die Engelse van die land gevra om saam ‘n nuwe toekoms te bou. Hy het sy trou aan die Britse ryk betuig en die beëindiging van rassehaat bepleit.

In November 1911 is op ‘n groot en geesdriftige nasionale kongres in Bloemfontein ‘n nuwe party gestig wat die ander bestaande Afrikanerpartye vervang het. Die Suid-Afrikaanse Party se beginsels was die samewerking van die twee bevolkingselemente, met die oog op die bou van ‘n nuwe nasie, die gelykheid van die twee tale, die behandeling van die Bantoe-vraagstuk op ‘n nie-partybasis, die aanmoediging van blanke immigrasie en ‘n verbod op Indiër-immigrasie.

Botha het met sy regering daarna gestreef om die twee blanke groepe bymekaar te hou en die bitterheid van die verlede uit te wis deur ‘n beleid van samewerking en versoening met die leuse: “Vergewe en vergeet.” Die leiers van die Unioniste het hom voortdurend daarvan beskuldig dat hy met Afrikanerekstremiste saamwerk wat anti-Brits is. Hulle het dit teen generaal Hertzog se insluiting in Botha se kabinet gehad. Botha kon nooit daarin slaag om die stroom van kritiek van ekstremistiese Britse kant hok te slaan nie, al het hy ook hoe hard

probeer om hulle te paai deur voortdurend vriendelik na die Ryk en die Britse monargie te verwys.

Reeds voor Uniewording het ‘n deel van die Afrikaners, veral in die Vrystaat, getwyfel aan Botha se leierskap. Daar was in die land ook ontevredenheid dat hy die Cullinan-diamant aan koning Eduard geskenk het. Nadat hy in 1911 by die Rykskonferensie in Londen met eerbewyse oorlaai is, het sy eie mense gesê hy het pro-Brits geword. Toe hy Britse immigrasie wou bevorder en wou bydra tot die instandhouding van die Britse vloot, het dit baie kritiek uitgelok . Toe hy kort daarna deelneem aan die onthulling van Rhodes se standbeeld teen Tafelberg, was dit vir baie mense te erg. Sy lofuitinge teenoor die Engelssprekendes het baie Afrikaners teen die bors gestuit.

Die staatsdiens

Die Unieregering het sy werksaamhede begin deur die verskillende staatsdepartemente te organiseer en die sake van die provinsiale regerings op dreef te kry. Daarna het ‘n stryd oor moedertaalonderwys plaasgevind en is besluit dat onderwysers in enige van die twee tale kon kwalifiseer en dat die onderwysmedium tot standerd IV die moedertaal moes wees en dat die ouers daarna die medium kon kies.

Verdediging

Vir die verdediging van die Unie het die Verdedigingswet van 1912 voorsiening gemaak vir ‘n klein staandemag en ‘n aantal aktiewe burgermag-regimente wat op ‘n vrywillige basis gewerf is. Daar sou ook ‘n aantal skietverenigings wees en ‘n algemene burgerreserwe. Die burgermag kon in oorlogstyd opge-

roep word om op enige plek in Afrika te veg. Generaal CF Beyers is as kommandant-generaal benoem.

Die Swart-probleem

Die regering het ook aandag gegee aan die groeiende Bantoe-probleem. Duisende Bantoes het as plakkers op blanke plase gewoon. Niks het hulle verhinder om daardie gronde in besit te neem nie. Deur die Wet op Naturellegrond van 1913 is 10½ miljoen morg grond vir hulle besit afgesonder.

Generaal Hertzog

Die uiters delikate verhouding tussen Engels- en Afrikaanssprekende lede van die Suid-Afrikaanse Party het aan generaal Botha sy eerste groot politieke krisis besorg. Generaal Hertzog, sy minister van justisie, het 'n aantal toesprake gehou oor Suid-Afrikaanse nasieskap en nasionalisme. Hy het op 5 Desember 1911 op Germiston gesê daar is twee lewenstrome in Suid-Afrika, die Afrikaners, vir wie daar geen ander vaderland is nie en die Engelstalige bevolking, vir wie daar ook geen ander land is nie. Maar daar is 'n derde groep wat nog nie tuis is nie weens hulle sterk gevoel vir die moederland. Daarom bly Suid-Afrika vir hulle 'n vreemde land.

Dit was duidelik dat generaal Hertzog hom al hoe meer ontuis gevoel het in die eerste Unieregering. Hy het vir sy standpunte groot steun van buite ontvang. Die beweging, *Jong Suid-Afrika,* het in Mei 1911 hom in Pretoria gehuldig as "die onverskrokke kampvegter vir die heilige regte van ons moedertaal." In September 1911 is in Bloemfontein 'n adres aan hom oorhandig wat deur nie minder nie as 12 000 Vrystaters onderteken is en waarin

hy gehuldig word as "die nasionale held by uitnemendheid."

Die Unioniste

In Oktober 1912 het 'n kolonel Byron op Stanger gesê dat Hertzog daarna streef om die Afrikaner oor Suid-Afrika te laat baasspeel. Hertzog het toe in 'n vergadering op Nylstroom geantwoord dat dit inderdaad sy strewe is en ook om te verhinder dat vreemde fortuinsoekers soos Byron en andere Suid-Afrika se belange langer behartig. Hulle is nie Afrkaners nie en hoort nie hier nie. Daarop het die leier van die opposisie, sir Thomas Smartt, gesê dat hy 'n liberalis is en eers daarna 'n Afrikaner.

Die De Wildt-toespraak

Kort daarna het Hertzog op 7 Desember 1912 by De Wildt sy eerste "Suid-Afrika Eerste"-toespraak gehou, waar hy ook gesê het dat Thomas Smartt deur sy uitlating self erken dat hy geen Afrikaner is nie en dat Botha se konsiliasie 'n woord is wat hy nie ken nie. Hy het aan niemand iets gedoen waarvoor hy hom moet versoen nie.

Oor hierdie neerhalende aanmerkings oor die konsiliasiebeleid, wou Botha hê dat Hertzog moes bedank, maar hy het geweier. Botha het daarop op 14 Desember 1912 sy eie bedanking ingedien, maar die goewerneur-generaal het hom nog die selfde dag versoek om weer 'n nuwe kabinet saam te stel. Hy het dit gedoen en Hertzog se naam weggelaat. So is hy toe uit die regering.

Steun vir Hertzog

'n Paar dae later het Tielman Roos, voorsitter van die beweging *Jong Suid-Afrika,* in 'n artikel geskryf: "Generaal Hertzog, onse Afrikaanse taalvechter die bereid is geweest om alles op te offeren voor land, volk en taal, is

een man tegen wie de Jingo pers geraasd en geskreeuwd heeft voor jaren, en die vandag opgeofferd is om de Natallers te paai – een slachtoffer op het altaar van Imperialisme."

Roos en ander het daarna 'n vergadering byeengeroep wat in Prinsepark, Pretoria, deur 5 000 Afrikaners bygewoon is. Die sprekers het die skare vanaf 'n hoë mishoop toegespreek en generaal De Wet wat ook een van die sprekers was, het gesê hy bevind hom liewer op 'n mishoop onder sy volk, as op 'n skitterende verhoog onder vreemdelinge.

Die stryd onder nasionale vaandel

Die tyd was ryp vir die stigting van die Nasionale Party, wat in Julie 1914 in Bloemfontein plaasgevind het. Daarna kon Hertzog vir Louis Botha en sy SAP-party se konsiliasie- en versoeningsbeleid langs partypolitieke weë aanval. Hy het gesê Botha is 'n papbroek wat voortdurend na die pype van die opposisie dans. Hy laat oogluikend toe dat die regte van die Afrikaner vertrap word. Hy het nie die moed om 'n standpunt wat hy privaat onderskryf, in die openbaar te stel nie. Hy is nie langer 'n nasionalis nie, maar het 'n aanhanger van die imperialisme en jingoïsme geword, "en dat is voldoende reden waarop hy niet langer op het kussen behoort te zitten."

Die arbeidersbeweging en stakings

In Julie 1913 het die regering hom 'n nuwe vyand op die hals gehaal toe hy ook teenkanting gekry het van die kant van die georganiseerde blanke arbeidersbeweging. Daar het 'n geskil ontstaan oor die diensvoorwaardes van vyf ondergrondse werkers van die Kleinfonteinmyn. Dit

het tot 'n algemene staking in die Randse goudmyne gelei. Die regering moes ingryp, maar uiteindelik moes Botha en Smuts toegee aan die vakbondleiers en was saam met die Kamer van Mynwese verplig om die mynwerkersvakbond te erken.

Binne enkele maande daarna was daar in 1914 weer 'n staking van blanke steenkoolwerkers in Natal. Kort daarna het blanke spoorwegwerkers ook begin staak en toe beveel die Federasie van Ambagte 'n algemene staking in die goudmyne. Meteens was 20 000 werkers werkloos. Smuts het die Aktiewe Burgermag gebruik om die staking te onderdruk. Hy het nege van die leiers wat kwaaddoeners van beroep was, gedeporteer.

Die Indiër-probleem

Die regering het ook te kampe gehad met die Indiërprobleem, waar Smuts ook die spit moes afbyt. Toe Transvaal in 1902 na die oorlog 'n Engelse kolonie word, het Milner toegelaat dat 'n groot aantal Indiërs uit Natal na die nuwe kolonie verhuis. Hulle het bly instroom tot 1907. Die selfregerende Transvaal wou die instroming beheer deur 'n wet dat die Indiërs hulle moes laat registreer en 'n opvoedkundige toets aflê. Ook sou hulle vingerafdrukke vir kontrole geneem word. Hulle het onder leiding van hulle prokureur in Natal, MK Gandhi, tot lydelike verset oorgegaan.

Na 1910 het die Indiërs oor die grense van Kaapland en veral weer in Transvaal ingesypel. Smuts het toe opgevoede Indiërs vrygestel van die vingerafdruktoets, maar hy het hulle vrye beweging van die een provinsie na die ander beperk, as ook hulle vrye immigrasie uit Indië, deur 'n immigrasiewet van 1913. Hy het ook 'n

persoonlike belasting gehef op elke Indiër in Natal wat nie ‘n ingeboekte arbeider was nie.

Gandhi het kwaai geprotesteer. Hy het niks minder geëis nie as dat alle wette en regulasies wat die Indiërs se bewegings in die land gekortwiek het, herroep moes word. Hy het sy veldtog voortgesit en probeer om onwettig ‘n aantal Indiërs uit Natal oor die grens na Transvaal te lei. Hy is in hegtenis geneem en in die tronk aangehou.

Die regering het in 1914 met ‘n Indiërverligtingswet ‘n paar toegewings gemaak wat deur Gandhi aanvaar is. Hy het sy lydelike verset beëindig en na Indië vertrek.

Die Eerste Wêreldoorlog

Die binnelandse storms was skaars verby, of daar bars in Europa die storm los van die Eerste Wêreldoorlog. Dit het die Unie voor sy kwaaiste toets gestel, want dit het op ‘n baie ongeleë tydstip vir Suid-Afrika gekom. As deel van die Britse ryk was Suid-Afrika feitlik outomaties daarin betrokke en as ‘n selfregerende dominium sou hy sy eie verdediging moes behartig, maar hy sou seker ook kon besluit om uit die maalstroom van oorlogvoerendes te bly. Engeland het die Unie egter gevra om die Duitse hawens aan die weskus en Windhoek te gaan beset en hulle sterk radiosenders buite werking te stel. Botha het ingewillig en die Volksraad het sy voorneme om Suidwes-Afrika aan te val, met 92 stemme teen 12 goedgekeur.

Die Rebellie

Generaal Koos de la Rey het nie saamgestem nie. Daar het veral in die Vrystaat en Wes-Transvaal ontsteltenis geheers oor die regering se planne. Minder as ‘n jaar

tevore, is op 16 Desember 1913 die Vrouemonument in Bloemfontein ter gedagtenis aan die groot aantal vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe omgekom het, onthul. Daar was duisende Afrikaners wat onder geen omstandighede vir Brittanje die wapen sou opneem nie. Generaal CF Beyers, hoof van die weermag, het sy pos bedank. Generaal De la Rey het die burgers van Lichtenburg opgeroep om op 15 Augustus 1914 byeen te kom.

Tydens die vredesonderhandelinge by Vereeniging in 1902 het Botha vir De la Rey en De Wet omgehaal om die stryd te staak, met die belofte dat met die eerste geleentheid waar Engeland weer in ‘n Europese oorlog betrokke raak, hulle die vryheid van die Republieke weer sou terugvat.

Met daardie belofte in gedagte, het De la Rey die middag van 15 September saam met Beyers in ‘n motor uit Pretoria vertrek. Hulle sou oor Johannesburg na Potchefstroom gaan om sake met die weermag te reël. Toe die motor by Langlaagte by ‘n beheerpunt nie wou stilhou nie, het die polisie gevuur en generaal De la Rey dodelik getref. Hy het in sy vriend, generaal Beyers se arms gesterf. Die padblokkade was glo opgestel om ‘n rowerbende te vang. Die groot skare van duisende mense wat sy begrafnis op Lichtenburg bygewoon het, was diep bewoë en het die regering die skuld gegee vir die ou krygsman se dood. Hulle het gesê en geglo dat hy opsetlik doodgeskiet is.

Sy dood het ‘n wydverspreide onrus tot gevolg gehad. Oral in Wes-Transvaal en ook in die Noord-Vrystaat is oproerige vergaderings gehou. Majoor JCG Kemp en luitenant-kolonel SG Maritz het betrokke geraak. Kemp

was in bevel van ‘n oefenkamp by Potchefstroom en Maritz by een te Kakamas.

Maritz het op 20 Oktober 1914 met sy manskappe die grens oorgesteek en hom by die Duitsers gevoeg en so op eie houtjie gerebelleer. Botha het reeds op 12 Oktober krygswet afgekondig en die burgers opgeroep om die rebellie te onderdruk. Toe het die ontevredenes in die Vrystaat en Transvaal hulle eie kommando’s op die been gebring. Hulle het by Kopjes op 22 Oktober 1914 besluit dat generaal De Wet in die Vrystaat en generaal Beyers in Transvaal die leiding sou neem. Binne enkele dae was feitlik elke dorp in die Noord-Vrystaat deur die rebelle beset en Wes-Transvaal aan die rebelleer. In die Vrystaat was hul getal sowat 7 000 man. In Transvaal was dit ongeveer 3 000 en in Kaapland om en by 2 000, wat die wapen teen die regering opgeneem het.

Generaal De Wet het weswaarts beweeg met die doel om by Maritz aan te sluit, maar hy moes uiteindelik op 1 Desember 1914 met net ‘n paar man by hom, naby Kuruman aan Botha se Afrikanertroepe oorgee. Generaal Beyers, wat uit Wes-Transvaal na die Vrystaat beweeg het, se mag is herhaaldelik aangeval en verstrooi. Beyers is met ‘n paar man by hom, deur Botha se troepe agtervolg. Beyers is in die Vaalrivier dood, onderwyl hy en sy manne deur die rivier geswem het om hul agtervolgers te ontduik. Daar word beweer dat hy verdrink het, maar daar is ook vas geglo dat hy gesterf het deur ‘n koeël wat hom getref het.

Met Beyers se dood en De Wet in die tronk, was die rebellie feitlik onderdruk in Transvaal en die Vrystaat. In die omgewing van Pretoria was daar egter nog ‘n aantal manne wat hardnekkig voortgeveg het en die regeringstroepe swaar verliese toegedien het. Hulle aanvoerder,

Jopie Fourie, het nie as weermagoffisier bedank toe hy by die rebelle aangesluit het nie. Toe Jopie na ‘n hewige geveg uiteindelik op 16 Desember 1914 die wapen neerlê, is hy voor ‘n krygshof gedaag en ter dood veroordeel. Afrikanerleiers het om begenadiging en versagting van die vonnis gepleit. Jan Smuts, die minister van verdediging, wou hulle nie te woord staan nie. Jopie Fourie is op Sondagmôre, 20 Desember 1914 voor ‘n vuurpeleton tereggestel.

In die verre noordweste van Kaapland het Maritz nog uitgehou saam met Kemp. Maritz het daarna na Suidwes gevlug en Kemp het op 2 Februarie 1915 met sy en Maritz se mag oorgegee. Daarmee was die 1914-rebellie beëindig. Daar het 190 rebelle en 132 regeringsmanne gesneuwel. Van 12 000 rebelle is 281 voor die hof gedaag. Tronkstraf (maksimum 7 jaar) en boetes (maksimum £2 000) is opgelê. Alle rebelle-gevangenes is voor die einde van 1916 vrygelaat, maar Botha en Smuts is voortaan deur ‘n groot deel van die Afrikaners gebrandmerk as handlangers van Brittanje en verraaiers van die Afrikaner.

Die inval in Suidwes

Botha het in Februarie 1915 met 43 000 man die Duitsers in Suidwes-Afrika aangeval. Die Duitsers kon maar 9 000 man byeenbring om te verdedig. Botha het self die opperbevel geneem en met sy magte in Walvisbaai aan wal gegaan. Smuts het met ’n afdeling vanaf Luderitz in die weste, na Keetmanshoop beweeg. Berrangé het die Duitse kolonie vanaf Betsjoeanaland in die ooste binnegeval en Van Deventer het vanaf Oranjerivier in die suide opgeruk. Op 9 Julie 1915 was die

hele kolonie reeds verower. Dit het Botha 113 Suid-Afrikaners as gesneuweldes gekos.

Oplewing van Afrikanernasionalisme

Botha se ondersteuning van die Britse oorlogspoging het hom 'n duur prys gekos. Baie van sy volgelinge het hom verlaat en Hertzog aangehang. Na die rebellie was daar 'n geweldige oplewing van Afrikanernasionalisme. *Die Burger* is in 1915 as eerste mondstuk van die Nasionale Party gestig en die Afrikaanse taalbeweging het 'n opbloei beleef met digters soos Jan Celliers, Eugéne Marais en Louis Leipoldt. In die algemene verkiesing van 1915 het generaal Hertzog se Nasionale Party, wat maar die vorige jaar gestig is, 78 000 stemme gekry teenoor die 94 000 van die Suid-Afrikaanse Party.

Deelname aan die Eerste Wêreldoorlog

Die Eerste Wêreldoorlog was nog aan die gang. Botha en Smuts het besluit om met vrywilligers verdere steun aan Brittanje te verleen. In November 1915 is 'n aantal van hulle na Europa gestuur en kort daarna het daar 19 000 Suid-Afrikaners na Tanganjika vertrek om die Engelse te gaan help met die verowering van hierdie Duitse kolonie. Hulle kon nie daarin slaag nie. Daarom het Engeland vir Smuts gevra om self die bevel daar oor te neem. Hy kon ook nie daarin slaag nie, want die Duitse aanvoerder, Lettow-Vorbeck, was as militêre strateeg Jan Smuts se meerdere.

Aan die einde van die oorlog het Smuts as lid van die Britse oorlogskabinet 'n merkwaardige rol in die Britse oorlogspoging gespeel. Toe die vrede aanbreek, het hy 'n ewe belangrike rol gespeel in die totstandkoming van die Volkebond.

In Desember 1918 het Botha in Londen by Smuts aangesluit en saam na Versailles gegaan, waar die vredes-onderhandelinge plaasgevind het. Suid-Afrika het hier die reg ontvang om Suidwes-Afrika as 'n mandaat onder toesig van die Volkebond te administreer.

Smuts en Botha was albei geskok en teleurgestel oor die onregverdige behandeling wat Duitsland in Versailles te beurt geval het en oor hulle bondgenote se hebsug en onlesbare dors na wraak. Smuts het hulle gewaarsku dat die verdrag wat hulle opgestel het, net die aanloop tot nog 'n oorlog sou wees. Hy en Botha het op 28 Julie 1919 hulle name met teësin onder die verdrag van Versailles geplaas.

Dit was die einde van die Eerste Wêreldoorlog.

22
Die Nasionale Party regeer die land

Politieke ontwikkelinge

Enkele weke na Louis Botha se terugkeer in Suid-Afrika, is hy 27 Augustus 1919 oorlede in die ouderdom van 56 jaar. Gedurende sy lewe het hy daarna gestreef om Boer en Brit met mekaar te versoen. Dit het egter 'n groot aantal van sy mense van hom vervreem. Dis tragies dat hy, wat self 'n Afrikaner was, so blind was vir die krag van Afrikanernasionalisme. Sy vriend en vertroueling, Jan Smuts, het sy opvolger geword.

Die nuwe eerste minister het nie Botha se aanhang gehad nie. Hy kon nie daarin slaag om die kwynende Suid-Afrikanse Party weer op te bou nie. Na die verkiesing van Maart 1920 kon hy moeilik aan die bewind bly, weens die sukses wat die Nasionaliste en die Arbeiders behaal het. Smuts het met die oog op samewerking, by die Nasionaliste toenadering gesoek, maar die pogings het skipbreuk gely. Dit het op Suid-Afrika se selfbeskikkingsreg gestrand. Hertzog het hom beywer vir verkryging van die reg om Suid-Afrika van die Britse ryk los te maak, terwyl Smuts die ondergeskiktheid van die land aan Brittanje deur die Britse konneksie wou handhaaf.

Daarna het Smuts hom tot die Unioniste gewend en daarin geslaag om dié party met sy eie saam te smelt. Na die verkiesing van 8 Februarie 1921 was hy weer stewig in die saal, met die hulp van die Uioniste. Die kloof tussen die Suid-Afrikaanse Party en die meeste Afrikaners het al hoe wyer geword en die kloof tussen dié party en

die Engelssprekendes het steeds kleiner geword en ten slotte in 1920 verdwyn.

Die stakings

Twee jaar later het die Smutsregering in 'n baie ernstige krisis beland . Dit was die grootskaalse opstand teen die regering, wat in 1922 as 'n staking begin het. Na die na-oorlogse tydperk van uitbreiding en inflasie, het 'n hewige ekonomiese insinking gevolg met dalende pryse, krimpende winste, bankrotskappe, begrotingstekorte, werkloosheid en loonbesnoeiings. Die goudprys het geweldig gedaal, die goudproduksie het afgeneem en produksiekoste het gestyg. Die Kamer van Mynwese wou die mynwerkers se lone verlaag en die getalleverhouding tussen Blankes en Swartes wysig. Dit kon tot die ontslag van 'n aantal blanke mynwerkers lei, want die mynbase het die Swartes verkies, omdat hulle goedkoper as die Swartes gewerk het.

In Desember 1921 het die eienaars van die steenkoolmyne 'n loonsvermindering van 5 sjielings (50c) per skof aangekondig. Die steenkoolmynwerkers het begin staak en op 10 Januarie 1922 het die werkers in die Randse goudmyne hul voorbeeld gevolg. Nie net 20 000 blanke mynwerkers nie, maar ook 180 000 swart werkers het werkloos rondgeloop. Die stakers het "kommando's" gevorm en in militêre formasies gedril. Hulle het die regering beskou as kop in een mus met die mynbase . 'n Paar stakers is dood tydens 'n botsing met die polisie by Boksburg. Bendes mynwerkers het in die strate rondgedwaal en brand gestig, geroof en gemoor. Daar was aanvalle op Swartes, waar 'n hele aantal Blankes en Swartes gedood is.

Smuts het op 10 Maart 1923 krygswet afgekondig en met afdelings van die leër – bygestaan deur die lugmag - Johannesburg binnegegaan. Na verwoede straatgevegte en bomme uit die lug op die stakers, is hulle weerstand op 14 Maart 1922 beëindig. Twee van die leiers het selfmoord gepleeg en vier is ter dood veroordeel.

Hierdie Randse opstand was vir die mynwerkers ‘n algehele nederlaag. Daarna is meer Swartes in diens geneem terwyl Blankes ontslaan is en die lone van blanke mynwerkers verlaag is. Maar vir Smuts en sy regering was die gevolge ewe rampspoedig. Die mynwerkers was met wrewel vervul en het hulle bankvas geskaar agter die twee opposisiepartye, die Arbeidersparty en die Nasionale Party.

Die Nasionale Party kom aan bewind

In April 1923 het Smuts die ontnugtering beleef dat die twee opposisiepartye, die Arbeiders en die Nasionaliste, ‘n ooreenkoms aangegaan het om mekaar in die volgende verkiesing te steun teen die kandidate van die SA Party. In Junie 1924 is ‘n algemene verkiesing gehou wat vir Smuts en sy party uit die kussings gelig het. Smuts het bedank en die goewerneur-generaal het vir generaal Hertzog gevra om ‘n kabinet saam te stel.

Die samewerking van Hertzog en Creswell was net ‘n verkiesingsooreenkoms en nie ‘n koalisie nie. Maar generaal Hertzog het aan drie van die Arbeiders potefeuljes in sy kabinet toegeken, Creswell, Boydell en Madeley. Drie van sy belangrikste Nasionale ministers was dr DF Malan, NC Havenga en Tielman Roos.

Die pakt-regering kon na die eerste vyf jaar van sy bewind die 1929-verkiesing met vertroue tegemoet gaan. Op ekonomiese gebied het die regering gespog met

Havenga se jaarlikse begrotingsoorskotte, met die beleid van beskaafde arbeid, met die instelling van beskermende handelstariewe en met die oprigting van die yster- en staalnywerheid, Yskor, en op staatsregtelike gebied kon die regering spog met die Balfour-verklaring, die stigting van ‘n Departement van Buitelandse Sake en die aanvaarding van ‘n eie Suid-Afrikaanse vlag. Op die gebied van Swart-Wit-verhoudinge kon die regering daarop aanspraak maak dat hy die Witman se posisie beveilig het deur werksafbakening in die myne in te stel en wetgewng voor te lê om die Kaapse Kleurlingstemreg af te skaf.

Oor hierdie voorneme van die regering het Smuts hom in Januarie 1929 op Ermelo as volg uitgelaat.: “Die dag sal aan-breek dat ons nie net meer oor die gebied ten suide van die Limpopo sal dink nie, maar wanneer die Britse state in Afrika deel sal vorm van een groot Afrikaanse Dominium, wat ongebroke oor Afrika sal strek....Wanneer die SA Party weer aan bewind kom, sal dit sy bes doen om ‘n gees van samewerking en broederskap te bevorder wat uiteindelik sal lei tot die vorming van hierdie groot Afrikaanse federasie van state. Die benaming Suid-Afrika sal ongetwyfeld eendag uit ons woordeskat verdwyn.”

In ‘n “Swart Manifes” wat Hertzog laat opstel het, is Smuts voorgehou as “die apostel van ‘n swart Kafferstaat” wat sou strek van die Kaap tot in Egipte, as iemand wat die naam van “ons dierbare Suid-Afrika” wou skrap, en as ‘n persoon wat onmoontlik ‘n ander beleid kon voorstaan “as gelyke politieke regte vir almal.” Sy politieke teenstanders het gesê as Smuts sy sin sou kry, sal die Unie in ‘n groot swart staat verdwyn. Hulle leuse was: “Stem

Wit!" Dit het beteken: "'n Stem vir Hertzog is 'n stem vir 'n Witmansland."

Die uitslag van die verkiesing was 'n oorwinning vir die Nasionale party: Nasionaliste 78 (voorheen 63), die Suid-Afrikaanse Party 61 (voorheen 53), Arbeiders 8 (voorheen 18). Hertzog het weer vir Creswell in sy kabinet opgeneem. Die uitgeslape, wispelturige politikus, Tielman Roos, het die dag na die verkiesing weens gesondheidsredes uit die kabinet bedank. Hertzog het Roos se plek met Oswald Piro gevul en ook vir EG Jansen in sy kabinet opgeneem as minister van naturelle sake.

Beleid van beskaafde arbeid

Om blanke werkers teen mededinging van swart werkers te beskerm, het Hertzog sy beleid van "beskaafde arbeid" geformuleer. Hy het op 31 Oktober 1924 in 'n omsendbrief aan alle staatsdepartemente opdrag gegee om by die indiensneming van arbeiders, voorkeur te gee aan beskaafde (blanke) arbeiders. Eers wanneer alle Blankes aan werk geholpe is, kon onbeskaafde (swart) arbeiders in diens geneem word. Hertzog wou daarmee die blanke arbeider teen die mededinging van die swart arbeider beskerm. Sy beleid van beskaafde arbeid het aan duisende armblankes 'n bestaan verskaf. Die Swartes het egter as gevolg daarvan verder verarm.

Wet op myne en bedrywe

In 1926 het die regering na veel teëstand van Oppenheimer en die geldbase, daarin geslaag om sy *Wysigingswet op Myne en Bedrywe* op die wetboek te plaas. Daarvolgens word aan die owerheid die mag verleen om beheer uit te oefen oor die uitreiking van bevoegdheidsertifikate vir bepaalde soorte beroepe in die

myne. Die wet het bepaal dat sertifikate alleen aan Blankes en Kleurlinge uitgereik kon word vir beroepe soos masjiniste, opmeters en dinamietskieters. Dit het beteken dat Swart werkers nie in hierdie beroepe toegelaat sou word nie.

Ekonomiese ontwikkeling

Gedurende die eerste vyf jaar van die pakt-regering se bewind, het verskeie nuwe ontwikkelinge op ekonomiese gebied plaasgevind. Daar is ryk diamantvelde by Lichtenburg in Wes-Transvaal en Alexanderbaai aan die mond van die Oranjerivier ontdek. By Alexanderbaai het die staat self die ontginning waargeneem, omdat gevrees is dat die mark heeltemal oorstroom sou word as delwers binne 'n kort tyd 'n groot aantal van die diamante wat daar rondgelê het, te koop sou aanbied.

Die pakt-regering het ook in die landboubedryf ingegryp en 'n heffing op die verkoopprys van botter ingestel . Om die suikerbedryf te beskerm, is die invoer-belasting op suiker in 1926 verhoog.

Om die nywerhede te beskerm, is hoë invoertariewe gehef op sekere goedere uit die buiteland en grondstowwe wat die fabrieke benodig het, sonder belasting ingevoer.

Vir die nywerheidsontwikkeling van die land, was die oprigting van Yskor in 1928 die pakt-regering se belangrikste prestasie. Die oprigting van 'n yster- en staalnywerheid in Suid-Afrika, sou verdere nywerheids-ontwikkeling stimuleer. Suid-Afrika is ryk aan steenkool en yster, wat vir 'n staalnywerheid nodig is. Dit sou die land minder afhanklik van Brittanje maak en die aandeel van die staat daaraan sou verhinder dat die kapitaliste met al die winste wegstap. Sedert Yskor se stigting, het hy

enorm gegroei en van die allergrootste betekenis geword vir die land se nywerheidsontwikkeling.

Die staatsregtelike status van Suid-Afrika

Dit was sedert Hertzog se bewindsaanvaarding in 1924 sy groot begeerte om die status van sy land te verander van een van onderhorigheid aan Brittanje, in een van soewereine onafhanklikheid binne 'n statebond. Daarom het Hertzog in 1926 na die Rykskonferensie in Londen gegaan met die vaste voorneme om daar van die Britse regering 'n formele erkenning af te dwing dat sy land in status volkome gelyk is met Brittanje. Hertzog het in sy doel geslaag . Die Balfour-verklaring is uitgereik wat die onderhorigheid van die dominiums aan die Britse kroon sogenaamd beëindig het. Dit het bepaal dat Brittanje en die dominiums gelyke status geniet, maar dit was allermins die wetlike toestand. Die goewerneur-generaal was die verteenwoordiger van die koning en deur hom kon die Britse regering sy wil op Suid-Afrika afdwing. Geen dominium kon 'n wet maak wat in stryd met 'n Britse wet was nie. Die appélhof was nog ondergeskik aan die Geheime Raad. Suid-Afrika kon nie 'n selfstandige buitelandse beleid volg nie.

Die Balfour-verklaring is egter in 1931 opgevolg deur die Statuut van Westminster wat die laaste verbintenisse met Brittanje verwyder het. Hertzog het met verdere wetgewing deur die parlement, soos die Statuswet van 1934, die Unie-parlement heeltemal losgemaak van die Engelse parlement.

Die vlagstryd

Dr DF Malan het in 1925 'n wetsontwerp ingedien wat voorsiening gemaak het vir 'n nasionale vlag. Daar

het heel gou 'n kwaai stryd ontbrand oor die voorkoms van die vlag. Sommige was so verknog aan Brittanje dat hulle geen ander vlag as die Union Jack wou hê nie. Dr Malan wou 'n skoon vlag hê, sonder Britse simbole daarop. Tielman Roos wou 'n kompromis aangaan om die "Britse konneksie" te erken. Toe stry daardie seksie oor hoe groot die Union Jack moet wees wat op die nasionale vlag moes pryk. Onderwyl Hertzog in 1926 in Londen was, het Roos die terugtrekking van die vlag-wetsontwerp gepropageer, maar toe Hertzog terugkom, is die wetsontwerp weer voor die parlement gelê. Hertzog het voorgestel dat op die Van Riebeeckvlag (drie bane: oranje, wit en blou) 'n skild aangebring word wat die Union Jack, die Vierkleur en die Vrystaatse vlag insluit. Toe stel Smuts voor dat die hele vlag net 'n kombinasie van die drie historiese vlae moes wees. Hierdie vlag was so 'n "afgryslikheid" dat selfs Smuts se volgelinge niks daarmee te doen wou hê nie. Na nog 'n verdere stryd is die vlag-wetsontwerp deur die parlement geloods en het Suid-Afrika twee vlae gekry, die nasionale vlag met die drie bane, oranje, wit en blou en die ander drie vlae in miniatuur op die middelste baan. Die ander vlag was die Union Jack, wat altyd saam met die nasionale vlag gehys moes word. Die nasionale vlag is op 31 Mei 1928 die eerste keer in gebruik geneem.

23
Toe daar swaar tye aanbreek
Die groot depressie van 1930-1932

Die Statuut van Westminster het in 1931 'n nuwe tydvak in Suid-Afrika se konstitusionele geskiedenis ingelui. Suid-Afrika was egter saam met die wêreld op daardie tydstip in die knelgreep van 'n buitengewoon hewige depressie vasgevang. Dit het sy kop teen die einde van 1929 uitgesteek. Onder andere het die prys van wol baie skerp gedaal. Dieselfde het met mielies gebeur. Die aantal werkloses het van 4 123 in 1929 tot 30 613 in1933 aangegroei en die aantal bankrotskappe het onrusbarend gestyg. Gedurende die jare 1930-1932 was daar op elke gebied van die ekonomiese lewe 'n diep insinking. Daarby is die land in 1932-1933 deur 'n droogte geteister, wat in langdurigheid en hewigheid een van die ergstes was wat die land in die twintigste eeu beleef het. Die sorgwekkende ekonomiese toestand het die regering se onverdeelde aandag gevra.

Die goudstandaard

Brittanje het op 20 September 1931 van die goudstandaard afgestap, om die land deur die depressie te loods. Suid-Afrika het besluit om nie sy voorbeeld te volg nie, maar om die goudstandaard te handhaaf. Daar was mense wat getwyfel het of Suid-Afrika die goudstandaard kon handhaaf. Hulle het groot bedrae geld die land uitgestuur met die gedagte om veel meer terug te kry indien Suid-Afrika die goudstandaard verlaat en die wisselkoers verander.

Dit het die ekonomiese toestand van die land verder versleg. Die regering moes iets doen om dit teen te gaan, want daardeur het die Hertzog-regering baie steun verloor. Die opposisie – en ook die myne - het enorme druk op die regering uitgeoefen om die goudstandaard te laat vaar, maar die regering het gemeen dat dit nie in die land se belang sou wees om dit te doen nie. Teen die einde van 1932 was daar reeds £17½ miljoen die land uitgestuur. Hertzog se volgelinge het gemurmureer . Sy bewind, met sy skrale meerderheid, was duidelik aan die wankel, met 'n moontlike mosie van wantroue in die eersvolgende parlementsitting wat net om die draai was. Die regering het toe iets ingrypends gedoen en die goudstandaard verlaat. Die goudprys het begin styg, goudaandele het geklim en geld het uit die buiteland na Suid-Afrika teruggestroom.

Koalisie en samesmelting

Gedurende hierdie swaar tyd waarin die land verkeer het, het die idee van 'n koalisieregering ontstaan, wat dan die aangewese ding sou wees om die land deur die depressie te help. Ook Smuts het hierdie gedagte oorgeneem. Toe die parlement vir die 1933-sessie byeenkom, het hy in die Volksraad opgestaan en voorgestel dat die regering bedank sodat 'n koalisieregering gevorm kon word. Hertzog het hom daarteen uitgespreek, maar tog besluit om met Smuts te onderhandel. Havenga en Piro het hom gesteun, maar dr DF Malan het hom sterk daarteen uitgespreek. Hy het gesë koalisie sal die Nasionale Party se beginsels verwater. Hertzog het gesê hy wil onderhandel omdat die volk samewerking verlang, omdat die land se ekonomiese toestand dit vereis en omdat die

Nasionale Party by 'n volgende verkiesing 'n nederlaag op die lyf sou loop.

Na onderhandeling is die koalisie op 29 Maart 1933 gesluit. Hertzog, met Smuts as sy adjunk, het sy kabinet saamgestel uit 6 NP-lede en 6 SAP-lede. Dr DF Malan, leier van die Nasionale Party in Kaapland, is deur Hertzog uit sy nuwe kabinet uitgelaat. Kort daarna het die twee groot partye oorweldigend sterk uit die algemene verkiesing van 17 Mei 1933 getree en saam 136 verteenwoordigers uit 'n totaal van 150 in die Volksraad gehad.

Kort na die verkiesing het stemme opgegaan dat die twee koalisie-partye moet verenig of saamsmelt in een party. In Smuts se party wou kolonel Charles Stallard nie saamsmelt nie. Hy het weggebreek van die Suid-Afrikaanse Party en die Dominiumparty gestig. In die Nasionale Party was die skeuring veel groter. Dr Malan, wat reeds teen die koalisie beswaar gemaak het, het ernstig teen die idee van samesmelting geprotesteer. Hy het daarin die samevoeging van twee onversoenbare ideologieë, nasionalisme en imperialisme, gesien. Hertzog en sy volgelinge het gemeen dat die tyd ryp was vir samewerking met die Engelssprekende Suid-Afrikaners, terwyl Malan en sy volgelinge verklaar het dat die stryd teen Engelse oorheersing nog nie verby was nie. Hulle wou voortskry na 'n onafhanklike republiek. Die irriterende imperiale simbole, soos die Britse vlag, die Britse volkslied, die koning se kop op Suid-Afrikaanse munte, waarteen hulle daagliks moet vaskyk, het hulle met verbittering aan die verlede herinner. Die Engelssprekendes in Suid-Afrika was nog geen Suid-Afrikaners nie, maar Engelse wat Engeland bo Suid-Afrika gestel het.

Gedurende die eerste helfte van 1934 is herhaaldelik probeer om 'n ooreenkoms tussen Hertzog en Malan te bereik. Hulle kon nie daarin slaag nie. Op 25 Julie 1934 het die kongres van die Kaaplandse Nasionale Party op Somerset-Wes met'n meerderheid van 164 stemme teen 18 teen samesmelting en ten gunste van die voortbestaan van die Nasionale Party besluit. Hulle is daarna die "Gesuiwerde Nasionale Party" genoem, of die "Gesuiwerdes."

Op 5 Desember 1934 het die samesmelting in Bloemfontein plaasgevind, toe die "Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party" of "Verenigde Party" tot stand gekom het. Toe die parlementsitting in 1935 begin, het Malan se "Gesuiwerdes," 19 lede in getal, hulle plekke as die amptelike opposisie ingeneem.

Wetgewing oor die Swartes

In 1936 het die "Smelterregering" wetgewing aanvaar waarvolgens die 11 000 Bantoes wat stemreg in die Kaap gehad het, hul stemreg behou, maar op 'n aparte kieserslys geplaas word. Die wet het verder aan die stemgeregtigde Swartes in Kaapland die reg verleen om drie verteenwoordigers (Blankes) vir die Volksraad en twee verteenwoordigers (Blankes) vir die Kaapse Provinsiale Raad te kies. By dieselfde geleentheid is ook die Naturelletrust en –Grond Wetsontwerp goedgekeur. Dit het die Swartes se grondgebied aansienlik uitgebrei. Afgesien van die 10,4 miljoen morg wat hulle in 1913 gekry het, is daar nou 'n verdere 7,2 miljoen morg aan hulle toegeken. Dit sou die staat tussen 10 en 15 miljoen pond kos en die aankoop van die oopgestelde gebied sou oor verskeie jare geskied.

Die groei van Afrikanernasionalisme

Na die breuk in die Nasionale Party in 1933, was generaal Hertzog nie meer die onbetwisbare leier van die Afrikanerdom nie. Dr Malan het in toenemende mate die mondstuk van die Afrikaner se ambisies geword. Die republikeinse ideaal is nou sterk beklemtoon en Afrikanernasionalisme is sterk aangewakker deur die Voortrekker-eeufeesvieringe van 1938.

Generaal Hertzog het na die Balfour-verklaring van 1926 die standpunt ingeneem dat Suid-Afrika in alle opsigte soewerein onafhanklik is en dat dit nie nodig is om langer na 'n republiek te streef nie. Dit sou Afrikaans- en Engelssprekendes onnodig teen mekaar in die harnas jaag. Dit sou Suid-Afrika ekonomies benadeel as die bande met die Britse ryk verbreek word. Daarom het die republikeinse ideaal geen aanmoediging ontvang so lank as wat Hertzog aan die roer van die Nasionale Party was nie.

Dit het verander toe Malan en sy Gesuiwerdes van Hertzog weggebreek het. Die Nasionale Party het in 1936 in beginsel onderneem om die republikeinse ideaal te beskerm en hom te beywer om 'n republiek in Suid-Afrika tot stand te bring.

Afrikanernasionalisme het na die breuk tussen Hertzog en Malan saamgespan met politieke, kulturele en ekonomiese organisasies om die Afrikaners se belange te bevorder. Die Gesuiwerde Nasionale Party se samewerking met die geheime Afrikaner-Broederbond het heelwat kritiek uitgelok. Hertzog het gesê die Broederbond is niks anders as die Gesuiwerde Nasionale Party nie. Hy het gesê die Engelssprekende "Afrikaners" in Suid-Afrika is ook geregtig op 'n plekkie in die Afrikaanse son. Malan het sy lidmaatskap van die Broederbond met trots erken. In sy oë was Hertzog iemand wat die pad van die Afrikanerdom byster geraak het.

Teen die Jode

Die Gesuiwerde Nasionale Party het in hierdie tydperk 'n afkeurende houding teenoor die Jode ingeneem. Dr Malan en sy volgelinge het by die regering aangedring op 'n wet wat die binnekoms van 'n groot aantal Jode uit Nazi-Duitsland sou belet. Die regering het toe die *Wet op Vreemdelinge* (1937) aangeneem, wat gediskrimineer het teen alle persone wat nie Britse onderdane was nie. Gevolglik kon Jode uit Engeland maar nog steeds die land binnekom.

Die Voortrekker-eeufees van 1938

Die eeufeesviering van die Groot Trek in 1938 het 'n merkwaardige oplewing in Afrikanernasionalisme bewerkstellig. Die hoeksteenlegging van die monument op 16 Desember 1938 is voorafgegaan deur 'n ossewatrek vanaf Kaapstad na Pretoria. Voortrekkerklere is gedra, mans het baarde gekweek, in die skadu van die waens is volksliedere gesing en emosionele tonele het afgespeel. Die Voortrekkers se heroïese stryd teen Britse imperialisme en swart barbarisme is weer in herinnering geroep.

Aftakeling van die Verenigde Party

Gedurende die ses jaar wat Hertzog as leier van die Verenigde Party aan bewind was (1934-39), het hy 'n voortdurende stryd op twee fronte gevoer. Hy was in 'n hewige stryd gewikkel met die Afrikanernasionalisme van Malan se Gesuiwerde Nasionale Party. Dit was 'n bitter stryd tussen persone wat vroeër in een party saamgewerk het. Maar hy was ook in 'n stryd gewikkel met die

imperialiste in sy eie party. Enige toegewing van Hertzog aan die Afrikanernasionalisme, het 'n dreigende gerammel ontlok van die kant van Smuts en die Engelssprekende imperialiste in die Verenigde Party.

Die Volkslied

Die Kwessie van 'n volkslied het die gemoedere in die Verenigde Party herhaaldelik laat opvlam. Die Afrikaners wou graag *Die Stem van Suid-Afrika* as volkslied hê. Toe Hertzog dit met die opening van die parlement in 1938 saam met *God save the King* laat speel, was kolonel Stallard en al die Engelssprekendes erg ontstel. Hertzog het daarop verklaar dat Suid-Afrika voortaan twee volksliedere sou hê. Die Engelse was tevrede, maar die Gesuiwerdes het hierdie kompromis afgekeur.

Die Gesuiwerdes maak vordering.

Die ses jaar wat die Verenigde Party aan bewind was, was ook moeilike jare vir Malan se Gesuiwerde Nasionale Party. Om die Afrikanervolk te oortuig dat Hertzog die nasionale saak in die steek gelaat het, was nie maklik nie. Maar Malan het tog 'n mate van sukses behaal soos wat die uitslag van die verkiesing van Mei 1938 aandui: Verenigde Party 111 (voorheen 117), Nasionale Party 27 (voorheen 20), Dominium-party 8 (voorheen 5). Die Nasionale Party se steun was egter veel groter as sy 27 setels. Hy het 247 000 stemme gekry teenoor die 448 000 van die Verenigde Party.

Einde van die Hertzog-Smuts bondgenootskap

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op 3 September 1939 het die finale breuk tussen Smuts en Hertzog voltrek. Hertzog wou neutraal bly in hierdie oorlog

tussen Europese moondhede, maar Smuts het beweer dat dit in Suid-Afrika se belang was om aan die kant van Brittanje tot die oorlog toe te tree. Van die kabinet het vyf vir Hertzog gesteun en ses vir Smuts. Die Volksraad sou moes beslis. Die parlement was in sitting. Die kabinet se meningsverskil is op 4 September aan die Volksraad voorgelê. Hertzog se standpunt is gesteun deur 'n gedeelte van sy eie volgelinge en al Malan se aanhangers, terwyl Smuts die ondersteuning geniet het van al sy eie volgelinge, plus die Dominiumparty, die Arbeiders, die Naturelleverteenwoordigers en ook 'n aantal van Hertzog se aanhangers. Die uitslag van die stemming was: Smuts 80, Hertzog 67. Die Verenigde Party het in twee geskeur. Hertzog het die goewerneur-generaal versoek om die Volksraad te ontbind en 'n verkiesing uit te skryf. Sy versoek is geweier en hy het as eerste minister bedank. Die goewerneur-generaal, sir Patrick Duncan, het Smuts gevra om 'n kabinet saam te stel. Smuts het dit gedoen en Hertzog as eerste minister opgevolg.

24
Die Tweede Wêreldoorlog

Die eerste taak van die nuwe regering was om Duitsland die oorlog aan te sê. Op 6 September is toe 'n staat van oorlog afgekondig. Smuts sou nie net alleen 'n stryd teen 'n buitelandse vyand voer nie, maar 'n hewige stryd teen sy politieke opponente en al die teenstanders van die oorlog. Op 9 September 1939 het tienduisende mense op die terrein van die Voortrekkermonument 'n massa-demonstrasie teen die oorlog gehou. Die twee sprekers by die geleentheid, generaal Hertzog en dr Malan, het hulle herstelde eenheid betuig.

Oorlogsmaatreëls

Smuts het met groot ywer aan die werk gespring. Hy het 'n driedubbele verpligting op hom geneem, as eerste minister, as minister van verdediging en as hoof van die leër. Hy het die verdedigingsmag opgeknap, ammunisie geproduseer en oorlogsvoorrade opgebou, instrukteurs opgelei en Britse lugmag-personeel in Suid-Afrika opgelei. Hy het vyandsonderdane geïnterneer.

Smuts was nie wetlik in staat om militêre eenhede oorsee te stuur nie, maar hy het vrywilligers gevra om op enige plek in Afrika te veg. Hulle het 'n rooi lus op die skouer gedra. Uiteindelik het elke soldaat die "rooi eed" geneem.

In Januarie 1940 het Smuts met die parlementsitting bekragtiging van sy noodmaatreëls gevra. Die opposisie het hom hand en tand beveg, maar Smuts het sy wet op oorlogsmaatreëls deurgevoer gekry, omdat sy oorlogteenstanders alles behalwe verenig was. Hertzzog is met heelwat wantroue deur die Gesuiwerde Nasionaliste bejeën

.

Die oorlog in Afrika

Italië se toetrede tot die oorlog in Junie 1940 het die oorlog nader aan Suid-Afrika gebring. Smuts het 'n deel van die Unie-lugmag in Kenia gestasioneer, om lugaanvalle op Italiaanse basisse in Oos-Afrika te doen. In Julie 1940 het eenhede van die Unie-leër in Kenia aangekom om deel te neem aan 'n algemene Britse offensief teen Italiaans Somaliland en Abessinië (Etiopië).

Die politieke stryd

Na die Duitse inval in Holland en België in April 1940 en die val van Frankryk in Julie 1940, is algemeen verwag dat Brittanje die oorlog sou verloor. Hertzog het 'n beroep op Smuts gedoen om die stryd te staak. Malan het hom beywer vir 'n Republiek, sodat die Unie kon loskom van 'n gemenebes wat besig was om te sink. Smuts het sy gang gegaan. Hy het gewere in privaatbesit opgeroep om 'n moontlike gewapende opstand te verydel. Vyandsonderdane en Unieburgers wat verdink is van onwettige optrede, is geïnterneer. Die land is geleidelik op 'n oorlogsgrondslag geplaas. 'n Aansienlike leërmag is op die been gebring en in 'n aantal oefenkampe opgelei. Ammunisie is plaaslik in groot hoeveelhede vervaardig. Die Suid-Afrikaanse fabrieke het vir die eerste keer bomme, granate, mortiere en selfs houwitsers gelewer. Die nywerhede het die weermag voorsien van skoene, klere, beddegoed, voedsel, mediese voorrade en ander noodsaaklikhede.

Tweespalk en skeuring in opposisiegeledere

Die Duitse kortgolfsender, Zeesen, het 'n anti-Joodse gevoel aangewakker. Die jonger geslag het gesimpatiseer met die Duitse Nasionaal-Sosialisme. Die begeerte na 'n suiwer Afrikaner-republiek het sterk toegeneem en baie mense het op 'n Duitse oorwinning gehoop.

Dit het spoedig geblyk dat dit nie maklik sou gaan om die vroeëre eenheid van die Nasionale Party te herstel nie. Hertzog het verklaar dat hy nog steeds die beginsel van gelykheid van Afrikaners en Engelssprekendes onderskryf. Die mening van Malan se volgelinge hieroor was dat hy daarmee getoon het dat hy bereid was om Afrikanereenheid op te offer ter wille van hulle wat hom in 1939 in die steek gelaat het.

Hertzog het sy eie koers gegaan toe sy voorstelle vir 'n nuwe program van beginsels op die Vrystaatse Nasionale Party-kongres in November 1940 afgestem is. Dit het die tydelike bondgenootskap tussen hom en Malan finaal beëindig. Hy het hom uit die openbare lewe onttrek en is op 21 November 1942 oorlede.

Na Hertzog se onttrekking aan die politiek het die verwarring en onenigheid in die geledere van die opposisie sterk toegeneem. Die Ossewabrandwag het as organisasie in 1941 op die voorgrond begin tree. Duisende mense het by die beweging aangesluit. Dit sou 'n suiwer kulturele, non-politieke organisasie wees, maar geleidelik is dit laat vaar. Daar het spoedig botsings plaasgevind tussen sy lede en soldate. Dit het tot ernstige onluste in Johannesburg gelei.

Voortsetting van die oorlog

Die Unietroepe het 'n aansienlike aandeel gehad in die verowering van Somaliland en Etiopië. In April 1944 was hulle die eerste om Addis Abeba binne te ruk. Daarna het hulle deelgeneem aan die stryd in Noord-Afrika, waar generaal Rommel die Italianers te hulp gesnel het.

In Suid-Afrika was daar tekens van voedseltekorte. Daar is beperkings op die boubedryf geplaas. Om inflasie te bestry, is pryse gekontroleer. Die toestand het ernstiger geword toe Japan in Desember 1941 tot die oorlog toetree. Weens skeepstekort moes alle invoer streng beheer word.

In Noord-Afrika was die geallieerde Agste leër nie bestand teen die beter tenks en taktiese meerderwaardigheid van die Duitsers nie. By Tobruk het 10 722 Suid-Afrikaners aan Rommel oorgegee. Maar in die slag van El Alamein het hulle darem weer 'n aandeel gehad in die oorwinning wat generaal Montgomery oor die Duitsers behaal het.

Daarmee was die oorlog in Afrika afgeloop, maar nie in Europa nie. Smuts het op 27 Januarie 1943 by die Volksraad toestemming gevra om Suid-Afrikaanse soldate na Europa te stuur. Die Sesde Suid-Afrikaanse Pantserdivisie het daarna tot die oorlog in Italië toegetree, as 'n onderdeel van die Britse Agste Leër. In Italië het 753 Suid-Afrikaners gesneuwel, 152 in Oos-Afrika en 2 104 in Noord-Afrika.

Probleme met die OB

Nadat Japan in Desember 1941 tot die oorlog aan Duitse kant toegetree het, het dit gedurende die tweede helfte van 1942 geskyn asof Duitsland die oorlog sou wen. Die oorlogteenstanders in die Unie het begin dink aan die oprigting van 'n republiek, maar hulle was erg verdeel. Van die Nasionaliste het gestreef na 'n republiek soos dié van Paul Kruger; die Nuwe Orde van Piro het voorkeur gegee aan 'n Nasionaal-sosialistiese republiek

volgens Duitse model, en Van Rensburg met sy OB het die "gesagstaat" verkondig. Die Transvaalse Nasionale leier, advokaat JG Strydom, het sy geloof in 'n parlementêre demokrasie betuig. Hertzog se oorgeblewe volgelinge is as die *Afrikanerparty* deur Havenga gelei.

Daar het 'n bitter stryd tussen hierdie groepe geheers. Toe die Nasionale Party die Nuwe Orde met sy vreemde ideologie verwerp, het Van Rensburg dreigende taal begin gebruik en sy veragting vir die partypolitiek van die demokrasie uitgespreek. Hy het spoedig met Malan en die Nasionale Party oorhoops gelê. 'n Breuk tussen die OB en die Nasionale Party was onvermydelik. Malan het geëis dat die OB dadelik sy politieke bedrywighede staak. Van Rensburg het geweier en die partyban is oor die beweging uitgespreek. Druk is op alle partylede uitgeoefen om die OB te verlaat. Die beweging het vanaf 1942 sterk agteruitgegaan en is aan die einde van die jaar as organisasie gebreek.

Uitwerking van die oorlog op Suid-Afrika

Die volk het op die ekonomiese terrein die skoen voel druk. 'n Pryskontroleer is benoem om petrol, olie en rubber te rantsoeneer. 'n Voedselkontroleur is benoem, maar sy taak is bemoeilik deur swak oeste en tydelike tekorte. Die uitgawes van die staat het grootliks toegeneem. In die boekjaar 1942-43 was dit R280 miljoen en die staatskuld het vinnig vermeerder.

Die verkiesing van 1943

In die parlement was die 39 Nasionaliste, die 17 lede van die Nuwe Orde en 9 van die Afrikanerparty magteloos teen die Verenigde Party se 89 ondersteuners. Die verkiesing van 1943 was Smuts se grootste triomf, met

110 ondersteuners teenoor 43 van die opposisie. Maar dr Malan en die Nasionale Party het ook vordering gemaak, want die Afrikanerparty en die Nuwe Orde is heeltemal uitgeskakel. Die Nasionale Party het van nou af geveg om te herwin wat hy in 1934 verloor het.

Moeilikhede in die landbou

Gedurende die eerste vier jaar van die oorlog was daar 'n aansienlike mate van inflasie en pryse het aanhoudend gestyg. Die pryskontroleur was nie in staat om dit stop te sit nie. Voedselpryse het sedert 1938 met een derde toegeneem. Daar was 'n groot skeepstekort. Daar was 'n tyd lank selfs 'n tekort aan mielies, weens die Mielieraad se onsinnige uitvoer van mielies. Dit het tekorte aan eiers en suiwelprodukte veroorsaak. In 1942 was droogte en besoekende skeepskonvooie verantwoordelik vir tekorte aan groente, koring en vleis. Die publiek was bitter ontevrede dat 'n voedselproduserende land nie in staat was om sy eie bevolking te voed nie.

Die nywerhede

Die nywerhede het 'n bloeitydperk beleef, deurdat noodsaaklikhede wat nie in oorlogstyd uit die buiteland verkry kon word nie, plaaslik vervaardig moes word. Maar die spoorweë kon die groter verkeer nie dra nie en die rollende materiaal het verswak. Padverkeer is gestrem deur die tekort aan brandstof en rubber. Geen nuwe motors is ingevoer nie. Die regering was verplig om die lengte van motorreise te beperk en brandstof te rantsoeneer.

Onderwys

By die provinsiale verkiesing van 1943 het drie van die vier provinsies se regeringskandidate meerderhede behaal met 'n beleid van dubbelmediumonderwys. Gevolglik is met uitsondering van die Vrystaat, in 1944 in die provinsiale skole 'n stelsel van dubbelmedium-onderwys (nie parallelmedium nie) ingestel. Daar was sterk teenstand teen die toepassing van hierdie onsinnige onderwyspraktyk. Dit was 'n mislukking en het in 1948 uit die skole verdwyn.

Demobilisasie

Na die oorlog moes die regering aandag skenk aan die demobilisasie van die soldate. Die terugkerendes moes weer in diens geplaas word en lenings vir gratifikasies wat die parlement daarvoor gestem het, aan hulle uitbetaal word. In 1945-46 is op hierdie manier 155 000 soldate ontslaan. Hulle het meer as R18 miljoen in die vorm van lenings en toekennings ontvang en meer as R14 miljoen in gratifikasies. Baie soldate het dit moeilik gevind om hulle aan te pas.

Die Indiërs

Gedurende die oorlog het Indiër-handelaars blanke gebiede binnegedring, veral in Durban. Die Dominiumparty was onthuts daaroor. Die regering het in 1943 teen sy sin 'n *Vaspenwet* deur die parlement geloods. Dit het Indiër-indringing in blanke sake en woonbuurte vir twee jaar vasgepen op die bestaande posisie. Die Indiërs was bitter ontevrede.

Die Arbeidersparty

Die Arbeidersparty wou teen die einde van die oorlog nie meer verder die medeverantwoordelikheid van die regering dra nie. Hulle het vroeg in 1945 hulle leier Madeley gevra om hom aan die kabinet te onttrek. Die verhouding van die Arbeiders teenoor die Verenigde Party het versleg en na die oorlog is die samewerking beëindig.

Die Nasionale Party

Die Nasionale opposisie het gekonsolideerd geraak en was besig om in krag toe te neem. Die Nasionale Party was as enigste opposisie in 'n voordelige posisie. Hy het in 1944 'n betekenisvolle oorwinning behaal met die verowering van die Wakkerstroom-setel.

Die Broederbond

Die Broederbond wat in die jare twintig tot stand gekom het, het as geheime organisasie aansienlike invloed agter die skerms uitgeoefen. Die Engelse pers het gesinspeel dat die Bond allerlei sinistere oogmerke nastreef en Smuts het hom 'n "gevaarlike, onderduimse, politieke Facistiese organisasie" genoem. Amptenare en onderwysers is verbied om lede te wees. Dr Malan het geprotesteer en verklaar dat die Bond nie meer geheim was as die Vrymesselaars en die *Sons of England* nie en dat dit slegs die Afrikaner se kulturele en ekonomiese belange beoog. Smuts kon nie sy aanklagte teen die Broederbond bewys nie.

Smuts as wêreld-staatsman

Ten spyte van sterker wordende teenkanting tuis, het Smuts se reputasie as staatsman van wêreldformaat hoër as ooit tevore gestaan. Ter erkenning van sy diens is hy

deur die Britse koning in September 1941 tot veldmaarskalk bevorder. Hy is met eerbewyse oorlaai. Hy het die geallieerdes teen Rusland gewaarsku, maar hulle het geen ag op sy woorde geslaan nie. Hy het gehelp om die oktrooi van die Verenigde Volke-organisasie op te trek en is persoonlik verantwoordelik vir die aanhef van die finale dokument.

Die Indiërs

Die Vaspenwet se tyd was verstreke en is vervang met die *Asiate Grondbesit en Indiërverteenwoordigingswet van 1946.* Die Indiërs se verkryging van vaste eiendom in Natal is beperk, maar in Natal en Transvaal het hulle op 'n kommunale basis stemreg gekry. Hulle kon twee verteenwoordigers in die Senaat en drie in die Volksraad kry en in Natal kon hulle twee kies vir die Provinsiale Raad.

Suidwes-Afrika

Toe die Volkerebond formeel in 1946 ontbind is, het Smuts verklaar dat Suid-Afrika die mandaat oor Suidwes sou behou. Die nuwe organisasie, die VVO, het geëis dat die gebied onder voogdy geplaas word, wat deur Smuts geweier is. Tydens dieselfde sitting is heftige kritiek uitgespreek teen Suid-Afrika se Bantoe-beleid, ten spyte daarvan dat 'n artikel in die oktrooi inmenging in ledelande se huishoudelike sake verbied. In Suid-Afrika het alle partye Smuts ondersteun, maar dr Malan was ten gunste daarvan om Suidwes onmiddellik as 'n vyfde provinsie van die Unie in te lyf.

Die verkiesing van Mei 1948

Smuts het met vertroue die algemene verkiesing van 1948 tegemoet gegaan. Maar die toestand waarin die land

na die oorlog verkeer het, het nie in sy guns getel nie. Die voedseltekorte het bly voortduur en gebruiksartikels was skaars. Die tekort aan huise het groot ontevredenheid veroorsaak. Baie mense het Smuts se Indiër-beleid verwerp en baie meer het dit teen sy minister van finansies gehad, JH Hofmeyr. *Die Burger* het oor hom geskryf: "'n Mens vra jou af wat..sal gebeur as meneer Hofmeyr die leierskap oorneem. Hy is teen segregasie van watter aard, teen die 'baasskap' van die blanke wat hy as immoreel veroordeel...en ten gunste van 'n beleid wat onvermydelik op die politieke oorheersing van die nie-blanke oor die blanke afstuur. En wanneer die nie-blanke eers die politieke mag in hande het, dan sal die son van ons beskawing ondergaan en nooit weer verrys nie."

Op die vooraand van die verkiesing het dr Malan 'n verkiesingsmanifes uitgevaardig waarin hy sy apartheidsbeleid afgekondig het as die redding van Suid-Afrika. Hy het met die Afrikanerparty van Havenga 'n verkiesingsooreenkoms gesluit. Die uitslag van die verkiesing was 'n groot verrassing vir almal en 'n verskriklike teleurstelling vir generaal Smuts, want die Nasionale Party het 9 nuwe en 16 ou setels op die Verenigde Party verower. Hy het in die nuwe Volksraad 70 verteenwoordigers gehad teenoor 65 van die Verenigde Party. Die Dominiumparty is uitgewis en die Arbeiders het 6 lede gehad. Al kon die Verenigde Party reken op die ondersteuning van die drie naturelleverteenwoordigers en sommige van die Arbeiders, was hy nie opgewasse teen die Nasionale Party nie, want hy kon steun op die 9 lede van Havenga se Afrikanerparty.

Smuts was verplig om te bedank en dr Malan is gevra om 'n nuwe regering saam te stel. In die nuwe regering was dr Malan die eerste minister en meneer NC Havenga

as sy adjunk en minister van finansies. Met ‘n skrale meerderheid van 5 lede in die Volksraad en ‘n minderheid in die Senaat, het die Malan-Havenga-koalisie met erns en toewyding begin om die land te regeer.

25
Die Nasionale Party kom weer aan bewind

‘n Kenmerk van die nuwe regering was dat alle lede van die kabinet vir die eerste keer in die geskiedenis Afrikaanssprekend was. Die regering moes aan die begin maar uiters versigtig te werk gaan, totdat hy in Maart 1949 met die nuwe samestelling van die Senaat vir hom ‘n meerderheid geskep het. Hy het sy posisie verder versterk deur oorwinnings by tussenverkiesings en ook toe Suidwes-Afrika se ses verteenwoordigers in die Volksraad en twee in die Senaat bygekom het.

Herstel van griewe

Die regering het begin om sy verkiesingsbeloftes na te kom. Hy het ‘n paar honderd Duitsers wat gedeporteer sou word, toegelaat om in die land te bly. Die onreg in die staatsdiens is ondersoek en die regte van Afrikaanssprekendes is in ere herstel. Die tweetaligheidsvereiste is strenger gehandhaaf.

Onderwys

Die vorige regering se dubbelmedium-eksperiment is in 1949 deur die Transvaalse Provinsiale Raad herroep en ‘n stelsel van moedertaalonderrig in alle openbare skole in die provinsie ingevoer.

Immigrasie

Die regering het ‘n einde gemaak aan die Smuts-regering se skema van staatsondersteunde immigrasie. Daarmee is verhoed dat die Afrikaners na die oorlog deur

‘n vloedgolf van immigrante uit Engeland ondergeploeg sou word
.

Die ekonomiese toestand

Die gesonde betalingsbalans het van 1946 af begin versleg weens die terugbetaling van oorlogskuld en die verhoogde invoer, wat die goudreserwes laat daal het. In Mei 1948 was die toestand reeds sorgbarend. Die vlug van Britse kapitaal na die verkiesing het dit nog ernstiger laat word. Die regering was verplig om in November 1948 weer invoerbeheer in te stel.

In 1950 was daar ‘n groot prysstyging en inflasie het geheers as gevolg van die oorlog in Korea. Die stygende lewensduurte het die bevolking swaar getref en lone en salarisse moes verhoog word. Maar in die algemeen het die land hom aangepas by die veranderde toestand, sodat daar gedurende die dekade daarna ‘n geweldige ekonomiese bloei plaasgevind het.

Die beleid van rasse-apartheid

Met apartheid wou die Party en die regering die voortbestaan van die afsonderlike identiteit van elke ras in Suid-Afrika verseker. Blankes, Bantoes, Kleurlinge en Indiërs sou afsonderlik en naas mekaar ontwikkel. Vir elke afsonderlike bevolkingsgroep moet onderlinge agting, selfrespek en ‘n nasionale bewussyn aangekweek word.

Die Bantoes

Die vernaamste etniese groepe moet in selfgenoegsame eenhede in hul eie gebiede gesegregeer word. Die Bantoes se nasionale tuiste is die reservate. In die stede sal aparte woongebiede vir die Bantoes voorsien word,

want hulle is trekarbeiders. Verdere instroming van Bantoes na blanke stedelike gebiede sal beheer word. Oortollige Bantoe-werkers sou na hulle oorspronklike tuistes in die platteland of die reservate teruggestuur word. Apartheid sou ook in die fabrieke en vakbonde gehandhaaf word om Blanke werkers te beskerm. ‘n Aparte staatsdepartement sou die onderwys van die Bantoes administreer op ‘n Christelike en nasionale grondslag. Die Party het voorgestel dat die Bantoeverteenwoordiging in die Parlement en die Kaapse Provinsiale Raad afgeskaf word en dat hulle deur sewe Blanke lede in die Senaat verteenwoordig word.

Die Kleurlinge

Die Nasionale Party is ook ten gunste van totale apartheid vir die Kleurlinge. Huwelike tussen Kleurlinge en Blankes sou belet word. Die regering sou ‘n Blanke lid benoem om die Kleurlinge in die Senaat te verteenwoordig. Die Kaapse Kleurlinge sou van die gemeenskaplike kieserslys verwyder word, maar hulle sou drie verteenwoordigers in die Volksraad kry. ‘n Departement van Kleurlingsake sou ingestel word . Die Kleurlinge sou deur drie Blanke lede in die Kaapse Provinsiale Raad verteenwoordig word.

Die Indiërs

Die Nasionale Party was van mening dat die Indiërs ‘n vreemde, onassimileerbare element uitmaak. Hulle sou soveel as moontlik, selfs met finansiële opoffering, gerepatrieer word. Die res sou in die land gesegregeer word van Blankes, sowel as van die ander rasse. Hulle sou geen verteenwoordiging in die wetgewende liggame van die land hê nie. Daar sou woonbuurtskeiding wees en die

Indiërs sou geen vaste eiendom in Blanke gebiede mag besit nie. Handeldryf buite hulle eie gebied sou ingeperk word, veral Indiër-handelaars in Bantoe-gebiede, waar handelsregte vir Bantoes voorbehou word.

Haalbaarheid van die beleid

Die praktyk sou uitwys dat nie alle beloftes wat in dr Malan se manifes oor apartheid vervat is, nagekom kon word nie. Dit sou nie moontlik wees om die Indiërs te repatrieer nie en selfs nie eers om hulle vir altyd as 'n vreemde element te beskou nie. Dit sou ook onmoontlik wees om die Kleurlingbevolking van 'n eie tuisland te voorsien. Die regering het egter met geesdrif aan die werk gespring om sy verklaarde beleid ten opsigte van die Bantoes uit te voer. Dit het met groot teenstand uit alle oorde plaasgevind.

Eerste apartheidsmaatreëls

Dis toegepas op die treine van die Kaapse Skiereiland se gemengde geriewe vir passasiers. Aparte geriewe van blank en nie-blank in poskantore en ander openbare plekke is ingestel. Huwelike tussen Blankes en alle nie-blanke rasse is in 1949 deur wetgewing verbied. Ontug tussen Blank en nie-blank is 'n strafbare misdaad gemaak. Die Groepsgebiedewet het woonbuurtskeiding in stedelike gebiede tussen die rasse geleidelik teweeggebring. 'n Wet vir registrasie en klassifikasie van die bevolking het ook voorsiening gemaak vir 'n stelsel van persoons-bewyskaarte. Die regering het verklaar dat hy die sogenaamde Swartkolle in Johannesburg sou opruim. Die beheer oor die instroming van Bantoes na Blanke stedelike gebied is verskerp.

Politieke regte van nie-blankes

Een van die eerste maatreëls van die regering in hierdie verband was die herroeping van die wet waardeur die Smuts-regering verteenwoordiging in die Parlement aan die Indiërs gegee het. Om voorsiening te maak vir groter selfbestuur vir Bantoes in die reservate, is die Wet op Bantoe-owerhede gemaak en die bekwame senator dr HF Verwoerd as minister van Bantoesake aangestel, wat dit gedurende die volgende jare met groot onderskeiding beheer het.

Die Unie en die Statebond

Die Burgerskapwet van 1949 het 'n einde gemaak aan die dubbele burgerskap waardeur 'n Unieburger ook 'n Britse onderdaan was. Britse onderdane wat die land binnekom, kon eers na vyf jaar in plaas van twee jaar outomaties Unieburgerskap en stemreg verwerf. In 1950 is nog verder gegaan toe die Parlement die reg van appél na die Geregtelike Komitee van die Geheime Raad van Londen afgeskaf het.

In 1946 het Indië onafhanklik geword. Hy is toegelaat om as 'n republiek lid van die Statebond te bly. Die Unie-regering het daarna sy beleid al sterker in 'n republikeinse rigting gestuur. In die nuwe Statebond het die Britse koning nie meer konstitusionele funksies besit nie. Trou aan die Britse kroon was nie langer meer 'n vereiste vir lidmaatskap van die Statebond nie.

Wrywing tussen die Unie en Brittanje

In 1910 is by Uniewording aan Suid-Afrika die inlywing beloof van die reservate Swaziland, Basoetoland en Betsjoeanaland. Ten spyte van herhaalde vertoë, het dit na veertig jaar nog nie gebeur nie. Dr Malan het weer

‘n nuwe beroep op die Britse regering gedoen, wat op dowe ore geval het. Die Britse regering het vas geglo dat die apartheidsbeleid verdrukking van die nie-blankes beteken en daarom kon die protektorate nie aan die Unie oorgedra word nie. Hierdie beslissing is gemaak deur die Arbeidersregering van majoor C Attlee, wat erg krities gestaan het teenoor die Nasionale Party se kleurbeleid.

Dr Malan het Attlee en sy party gewaarsku teen sy beleid om koloniale volke in Afrika so vinnig moontlik hul vryheid te gee. Hy het gesê dit kan gevaarlike gevolge vir die Blanke gemeenskappe in Afrika hê. Hy het ook ernstig beswaar gemaak teen die aanhoudende stroom van kritiek uit Brittanje teen die Unie se rassebeleid en gewaarsku dat die wanvoorstellings in Brittanje die republikeinse beweging in Suid-Afrika versterk.

Buitelandse beleid en verdediging

Toe Rusland in 1948 ‘n poging aanwend om Berlyn by die Oos-Duitse Republiek in te lyf, het ‘n afdeling van die Unie se lugmag deelgeneem aan die lugbrug waarmee die Westerse moondhede die stad van lewensvoorrade voorsien het.

Gedurende die jare 1950-51 het die Unie begin om sy weermag op te knap. Vir binnelandse veiligheid is ‘n stelsel van skietkommando’s in die lewe geroep. Vir die klein vloot is torpedojaers aangekoop. Die lugmag is gemoderniseer en ‘n krygsnywerheid in die lewe geroep.

Suid-Afrika en die buiteland

Nadat die Kommuniste in 1950 China met Sowjethulp verower het, het hulle begin om Korea aan te val. Amerika het namens die VVO Suid-Korea gaan verdedig. Suid-Afrika het ‘n lugeskader van 200 man daarheen

gestuur, wat met onderskeiding aan die stryd deelgeneem het. Die kritiek van die Westerse lande teen Suid-Afrika het egter voortgegaan en al hoe erger geword.

Vir die buiteland was die Nasionale bewind in Suid-Afrika niks anders nie as ‘n Nazi-oorblyfsel wat in die Tweede Wêreldoorlog met Duitsland gesimpatiseer het. Die regering se beleid van rasse-apartheid is in die buiteland verwar met die Nazi-teorie van rasse-meerderwaardigheid. Die ontwakende nie-blanke state in die VVO het eenparig teen Suid-Afrika gedraai. Ook in die binneland het die nuwe liberale denkbeelde die Unie se nie-blanke onderdane tot verset aangemoedig. Buitelandse agitasie, propagandistiese beriggewing van anti-regeringselemente in Suid-Afrika self, het steeds hoër opgelaai. Geen regering in Suid-Afrika het ooit tevore met soveel teëstand en verdagmaking in die buiteland en die binneland te kampe gehad nie. Die regering het alles in sy vermoë gedoen om sy saak in die buiteland in ‘n beter lig te stel, maar dit was tevergeefs.

Die VVO en die Indiërs

Toe die Unie in 1950 die Groepsgebiedewet instel, wat beperkinge op Indiërwoonbuurte gelê het, het Indië ‘n klag teen Suid-Afrika by die VVO aanhangig gemaak. Die VVO het nie geaarsel om hom ondanks klousule 2, artikel 7 van sy grondwet met huishoudelike aangeleenthede van die Unie te bemoei nie en het Suid-Afrika gevra om die wet op te skort. Die regering het geweier.

Die VVO en Suidwes-Afrika

Ook oor die vraagstuk van die posisie van Suidwes-Afrika het die regering met die VVO oorhoops gelê. Die regering het geweier om die gebied onder die

voogdystelsel van die VVO te plaas, maar die Wêreldhof het in 1950 verklaar dat die VVO die toesig van die ou Volkerebond geërf het. Die VVO het voortgegaan om agitasies aan te hoor, soos dié van Michael Schott namens die Herero's. Die houding van die VVO het die inwoners van Suidwes nog meer in die arms van die Unie gedryf. Dr Malan het die VVO van aggressie teen die Unie beskuldig en by die parlementsitting van 1949 is die Suidwes-Afrika-wet aangeneem, waardeur Suidwes 6 bykomstige lede van die Volksraad kon kies, sowel as twee ekstra senatore en nog twee wat deur die regering benoem is om Suidwes te verteenwoordig. Dit het egter nie Suidwes gevrywaar teen verdere VVO-bemoeiing nie.

Kommunisme en Bantoe-onluste

Propaganda deur kommunisties opgeleide Bantoes en hul handlangers van Moskou, het toenemende opsweping en woeling in die geledere van die Bantoe-bevolking veroorsaak. In Januarie 1949 was daar 'n moorddadige aanval van Zoeloes op die Indiërbevolking van Durban. Die orde is deur die weermag en die polisie herstel, nadat 142 mense, waaronder 50 Indiërs en 87 Bantoes gedood en 1 087 beseer is. Die onrusstokers het strooptogte georganiseer, soos wat op die Witwatersrand op 1 Mei 1950 plaasgevind het en die dood van 'n dosyn Bantoes veroorsaak het. Die politieke agitators se opsweping het 'n toenemende neiging tot wetteloosheid onder die Bantoe-bevolking veroorsaak, sodat die polisie van tyd tot tyd hardhandig moes ingryp.

Inwyding van die Voortrekkermonument

Die diepte van die Afrikaner se nasionale gevoel het weer eens geblyk by die plegtige inwyding van die

Voortrekkermonument op 16 Desember 1949. Daar was bykans 200 000 mense teenwoordig. As sprekers het onderandere dr Malan, generaal Smuts, meneer Havenga en regter Newton Thompson opgetree. Die Afrikaner was weer bewus van sy nasionale krag.

Die Kaapse Kleurlingstem

Gedurende die parlementsitting van 1951 het die Parlement die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers aangeneem. Die Kaapse Kleurlingkiesers sou op 'n aparte kieserslys geplaas word. Die Verenigde Party en Arbeider-opposisie het dit heftig bestry. Die Kleurlinge het protesbyeenkomste en betogings gehou. Die stryd teen die regering is selfs deur instansies gevoer soos die "Torch Commando" en die Springboklegioen, begelei deur die Engelse pers wat alles in sy vermoë gedoen het om die teenstand aan te wakker. Die amptelike opposisie het toe 'n toetssaak daarvan gemaak, deur 'n Kleurlingkieser van Kaapstad die nodige aansoek in die hof te laat doen. Die Kaapse hooggeregshof het die wet gehandhaaf, maar die appélhof het in Maart 1952 die applikant eenparig gelyk gegee. Die hof het die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers ongeldig verklaar. Dr Malan wou nie daarin berus nie en het te kenne gegee dat maatreëls getref gaan word om die hof die toetsingsreg te ontneem.

Suid-Afrika na 300 jaar

In April 1952 het Suid-Afrika sy derde eeufees luisterryk gevier. Jan van Riebeeck het drie eeue vantevore op 6 April 1652 in Tafelbaai voet aan wal gesit. Die volkstelling van 1951 het 'n totale bevolking van 12½ miljoen aangetoon. Die Bantoes was bykans 8½ miljoen,

die Blankes meer as 2½ miljoen, die Kleurlinge iets meer as 1 miljoen en die Asiate sowat 350 000. Die landsekonomie was kerngesond. Daar was ontsaglike vooruitgang op nywerheidsgebied. Die Vrystaatse goud-myne het die goudopbrengs grootliks vermeerder. By Vereeniging is SASOL gestig om olie uit laegraadse steenkool te haal. Die goudmyne het ekstra geld gemaak uit uraanoksied verkry uit afvalgruis. Die vervoerdienste is uitgebrei en die staatsinkomste het gestyg.

Herroeping van die paswette

In 1952 is die paswette herroep en vervang deur 'n bewysboekstelsel. Die bewysboek het instromingsbeheer en algemene kontrole vergemaklik. Die toestroming van Bantoes na Blanke stedelike gebiede het effens verminder, maar is nie gestuit nie.

Die Hoë Hof van die Parlement

In die parlementêre sitting van 1952 wou die regering verhinder dat sy planne om die Kleurlingkiesers op 'n aparte kieserslys te plaas, weer deur 'n hofbeslissing gedwarsboom word. 'n Wetsontwerp is ingedien wat die Parlement vir 'n bepaalde geleentheid in 'n spesiale hof van appél sou omskep. Elke lid van die Volksraad en die Senaat was lid van hierdie Hoë Hof, wat toe in Augustus in Pretoria vergader het. Die Hof het toe die beslissing van die appélhof oor die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers omvergewerp. Die Kaapse hooggeregshof het onmiddellik daarna die Wet op die Hoë Hof van die Parlement ongeldig verklaar. Die appélhof het in 1952 hierdie uitspraak gehandhaaf. Dr Malan het die beslissing aanvaar maar het verklaar dat hy by die

volgende algemene verkiesing hom op die kiesers sou beroep.

Die lydelike versetbeweging

In 1951 het die ANC so 'n veldtog begin as 'n poging om die regering van sy apartheidsbeleid te laat afsien. Dit het die vorm aangeneem van georganiseerde groepe Bantoes wat gesamentlik probeer gebruik maak van geriewe by openbare plekke wat vir Blankes voorbehou is. Terwyl die beweging aan die gang was, was dit duideik dat die ANC maar namens 'n klein persentasie van die oorgrote meerderheid Bantoes optree. Die duisende in die reservate was of onkundig of onverskillig. Die regering het ferm opgetree. Die oortreders is beboet of tronkstraf opgelê.

Die VVO en apartheid

Die Verenigde Volke-organisasie was nie net begaan oor Suidwes-Afrika en die Indiërs in Suid-Afrika nie. Van 1952 tot 1957 het die hele kleurvraagstuk en apartheidsbeleid ook onder skoot gekom. Die groep Afro-Asiatiese lande het dit in 1952 op die agenda van die Algemene Vergadering geplaas. Die Unie se verteenwoordiger se protes teen die inmenging in die huishoudelike sake van die land, het niks gebaat nie. Hulle het 'n spesiale kommissie benoem om die Unie se "rasse-diskriminasie" te kom ondersoek. Toe die regering weier om die kommissie te ontvang, het hulle 'n erg vyandige verslag uitgebring en die apartheidsbeleid skerp veroordeel. Daarvandaan was die saak gedurig op die agenda. Die Afro-Asiatiese lande, gesteun deur die Kommunistiese blok het op alle moontlike maniere probeer om Suid-Afrika van sy beleid te laat afsien. In

1955 het hulle in 'n memorandum verklaar dat die wêreldvrede en die Afrikastate deur Suid-Afrika se beleid geraak word. Suid-Afrika het sy afvaardiging vir die duur van die sitting herroep. Toe Indië die volgende jaar sy klag teen die Unie herhaal, het Suid-Afrika sy afvaardiging onttrek en in 1957 was die Unie glad nie verteenwoordig nie. Die VVO se toepassing van dubbele standaarde het Suid-Afrika daar uitgedryf.

Die algemene verkiesing van 1953

Die rassevraagstuk en die binnelandse politieke verhoudinge het die algemene verkiesing van 1953 oorheers. Die Nasionale Party wou sy verteenwoordiging opstoot tot die vereiste meerderheid om op grondwetlike manier met die Kleurling-vraagstuk af te handel. Die uitslag was 'n aansienlike oorwinning vir dr Malan en sy party. In die nuwe Volksraad het die regering 94 volgelinge gehad teenoor 57 van die Verenigde Party en 5 Arbeiders. Hy het 'n groter oorwig in die Parlement as in 1948 gehad, wat 'n duidelike teken was dat die apartheidsveldtog gevorder het. Maar hy het nog nie oor 'n tweederde meerderheid in die twee huise van die Parlement beskik nie . Die regering het die oorwinning as 'n mandaat beskou om voort te gaan met die uitvoering van sy wil.

Weer eens Kleurlingverteenwoordiging

Omstreeks hierdie tyd het daar ontevredenheid in die Verenigde Party ontstaan oor die leiding wat advokaat JGN Strauss aan die Party gegee het. Die regering het geglo dat daar 'n moontlikheid was dat hy die regtervleuel van die Verenigde Party kon oorreed om sy saak te steun. Daarom het dr Malan in Julie 1953 by die eerste byeenkoms van die nuwe Parlement, by 'n gesamentlike

sitting van albei huise 'n wetsontwerp ingedien met 'n drieledige doel: om die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers geldig te verklaar; om die Grondwet sodanig te wysig dat die nie-blankes se stemreg nie langer deur 'n tweederde meerderheid verskans sou wees nie; en om die bevoegdheid van geregshowe te omskrywe. Met die finale stemming was daar 16 stemme kort vir 'n tweederde meerderheid, omdat die regtervleuel van die Verenigde Party die regering in die steek gelaat het. In die maand daarop, Oktober 1953, het die regering weer probeer. Hierdie keer is die bepalinge oor die wysiging van die grondwet en die bevoegdheid van die geregshowe uit die wetsontwerp weggelaat. Voor die tweede lesing is die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys. In Mei 1954 het die regering vir 'n derde keer 'n gesamentlike sitting van albei huise van die Parlement belê om 'n tweederde meerderheid vir sy wetsontwerp te probeer kry. Ses lede van die Verenigde Party het weggebreek en die regering gesteun, maar in die finale stemming het nog 9 stemme kortgekom vir 'n tweederde meerderheid. Die Kleurlingstem in die Kaap het nog steeds gebly.

Nuwe Bantoe-wetgewing

Die lydelike versetbeweging en onrus onder die Bantoes het toegeneem. Die Kommuniste het ook meer bedrywig geword. Die Bantoe-ontevredenheid is aangewakker deur die rassegelykstelling van die VVO, die steun van die swart state van Afrika en buitelandse simpatie met hulle verset. Die Parlement het in 1953 'n Wet op Openbare Veiligheid op die wetboek geplaas, wat in 'n noodtoestand onbeperkte mag aan die regering verleen om die versetbeweging te bekamp. Dit het goeie resultate gelewer.

Bantoe-onderwys

Die Bantoe-onderwys wat deur kerke en sendinggenootskappe gehandhaaf is, is volgens Europese begrippe gedoen, sonder inagneming van etniese oorwegings en die behoeftes van die Bantoe-gemeenskap en tuisland. Dit was in verskeie opsigte agterlik en was dikwels die kweekskool vir ontevredenes en agitators. Die nuwe wet van 1954 het aan Bantoe-ouers ‘n mate van seggingskap gegee deur middel van skoolrade en komitees. Sterk klem is gelê op moedertaalonderrig. Die wet was ‘n noodsaaklike maatreël. Dit het gelei tot modernisering van Bantoe-onderwys.

Die Swart kolle

In die selfde jaar is deur wetgewing die masjinerie geskep om die Swart kolle in sekere agterbuurtes in Johannesburg op te ruim. In die westelike voorstede van die goudstad het groot Bantoegemeenskappe hul self gevestig. Daar het skrikwekkende toestande ontwikkel. Behuising was onvoldoende, daar het plakkerskampe ontstaan en dikwels het blank en nie-blank deurmekaar gewoon. Dit was ‘n broeiplek van misdaad en agitasie en was ‘n gevaar vir die aangrensende blanke woonbuurtes. Die Johannesburgse stadsraad was nie by magte om self die toestand te beredder nie. Die wet het voorsiening gemaak vir ‘n hervestigingsraad om Bantoes te verskuif na ‘n nuwe woonbuurt, verder na die weste en deur ‘n bufferstrook geskei van die Blanke dele. Die Verenigde Party-koukus van die Johannesburgse stadsraad het die maatreël gesteun, tot groot verleentheid van die opposisie in die Parlement. Gedurende die volgende paar jaar is al die inwoners van Sophiatown en Newclare verskuif.

Die regering se kleurbeleid het nie veld verloor nie, maar steeds groter steun van die kieserskorps ontvang. Die uitslae van die Provinsiale verkiesing van 1954 het dit bewys.

Uittrede van dr Malan

Op 10 Oktober 1954 het dr DF Malan, wat reeds 80 jaar oud was, bekend gemaak dat hy van voorneme was om uit die politiek te tree. Dit het in November plaasgevind toe advokaat JG Strydom as partyleier en as eerste minister in sy plek aangewys is. Suid-Afrika het daardie dag afskeid geneem van ‘n persoon wat hom grootliks verdienstelik gemaak het op kerklike, kulturele en politieke gebied. Dr Malan was baie jare lank die besieling van die Afrikanerdom binne en buite Kaapland, die vaandeldraer van nasionalisme in die donker dae van 1934 en gedurende die wêreldoorlog. Hy was bekend weens sy welsprekendheid en standvastigheid en hy het Suid-Afrika, na generaal Hertzog se uittrede, ver gevoer op die pad na volkome vryheid.

Dr Malan het gevoel dat die taak wat hy veertig jaar tevore in 1914 aangepak het, afgehandel was, naamlik om bymekaar te bring wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort. Hy en sy vrou het in Môrewag gaan woon, waar hy die laaste paar jaar van sy lewe gebruik het om sy lewenservarings op te teken in sy boek *Afrikanervolkseenheid*, wat kort na sy dood gepubliseer is. Hy het op Saterdag 7 Februarie 1959 stil heengegaan met die gelukkige wete dat hy sy volk kon dien, dat hy sy volk bymekaar kon bring en dat die Here hom dit gegun het. Hy sou nog vir laas wou uitroep: “Glo in jou God! Glo in jou volk! Glo in jouself!”

26
Ons word heeltemal vry !
Die stryd oor Kleurling-stemreg voortgesit en afgehandel

Die nuwe eerste minister, advokaat JG Strydom, het met sy diensaanvaarding laat blyk dat hy van plan was om die uitgerekte stryd oor die Kleurlinge se stemreg voort te sit. In Mei 1955 het hy met die *Wet op die Kworum van die Appélhof* die aantal appélregters van 5 tot 11 vermeerder. In Junie is met die *Senaatwet* die aantal senatore van 48 na 89 vermeerder. Die samestelling van die Senaat is verander, sodat die regering 77 senatore sou hê teenoor die opposisie se 12. Verseker van 'n tweederde meerderheid het die regering in Februarie 1956 'n gesamentlike sitting belê en 'n wetsontwerp ingedien om die ongeldige *Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers* geldig te verklaar en die grondwet so te wysig dat die nie-blankes se stemreg nie langer deur 'n tweederde meerderheid verskans sou wees nie. Die *Wet tot Wysiging van die Suid-Afrika Wet* is toe met 'n duidelike tweederde meerderheid van 173 stemme teen 68 aangeneem. Dis opgevolg met die *Wysigingswet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers.* Die Kleurlinge is van die kieserslys verwyder en op 'n afsonderlike kieserslys geplaas. Kaapland is in vier kiesafdelings verdeel en die Kleurlinge kon in elkeen van die vier kiesafdelings een Blanke verteenwoordiger kies. Die grondwet is so gewysig dat die Kleurling-stemreg nie langer verskans was nie. 'n Wet het ook bepaal dat slegs Blankes voortaan die Kleurlinge in die Kaapse Provinsiale Raad mag verteenwoordig.

Die opposisie het weer sy uiterste bes gedoen om die wetgewing te verongeluk. Albei wette is deur twee Kleurlingkiesers hof toe geneem. Die Kaapse hooggeregshof het bevind dat albei wette geldig is. Toe is na die Appélhof in Bloemfontein geappelleer. Die regters het met tien teen een beslis dat die wette geldig is. Dit was die einde van die lang, duur en bitter konstitusionele stryd, wat die land baie skade berokken het.

Die Tomlinson-verslag

In 1950 is die Tomlinson-kommissie benoem om ondersoek te doen na die sosio-ekonomiese ontwikkelingsmoontlikhede van die Bantoe-gebiede. In 1956 is 'n opsomming van hulle baie lywige verslag openbaar gemaak. Die kommissie het die ontwikkeling van 'n sewetal Bantoe-tuislande aanbeveel. Die kern daarvan sou die bestaande reservate wees. Vir die ontwikkeling en afronding sou R110 miljoen binne die eerste 10 jaar nodig wees. Sommige van die aanbevelings van die kommissie was té idealisties en onuitvoerbaar. Dr Verwoerd het egter as minister van Bantoe-sake die ontwikkeling van die tuislande as baie belangrik beskou en dit onmiddellik begin versnel. Dit moes gedoen word op die basis van die afsonderlike ontwikkeling van die rasse. Hy het in gedagte gehad dat die Boland van Bantoes gesuiwer moes word, omdat hulle nie daar inheems was nie. Daar moet grensnywerhede naby die reservate gevestig word, wat sou help om die instroming van Bantoes na blanke gebiede te stuit. Die tekort aan Bantoe-personeel om hul eie etniese groepe van diens te wees, sou opgelos word deur die stigting van 'n aantal universiteitskolleges wat na 1956 plaasgevind het.

Die parlementêre opposisie het teen elke regeringsmaatreël luidrugtig geprotesteer. Hulle was erg verdeel in hulle proteste weens die swak leiding van hulle leier, advokaat JGN Strauss, wat weens hulle kritiek toe bedank het en plek gemaak het vir sir De Villiers Graaff as leier.

Die verkiesing van 1958

Die verlaging van die ouderdomsvereiste vir die stemreg na 18 jaar het die kanse van die regering om die verkiesing van April 1958 met 'n groter meerderheid te wen, baie verbeter. Die jonger geslag was sterk republikeinsgesind sodat daar op hulle geesdriftige steun gereken kon word. Die uitslag van die verkiesing was nooit twyfelagtig nie, hoewel Strydom bly hamer het op die beginsel van "blanke baasskap," in teenstelling met Verwoerd se positiewer ideaal van rasseskeiding. Die Nasionale Party het die verkiesing gewen met 'n totaal van 103 setels in die Volksraad teenoor die 53 van die Verenigde Party. Die Arbeiders het geen setel gewen nie. Daar is baie meer stemme op regeringskandidate as op die opposisie s'n uitgebring. Hulle kon nie weer beweer soos by die vorige twee verkiesings van 1948 en 1953, dat die regering 'n Blanke minderheid verteenwoordig nie.

Strydom se heengaan

Aan die einde van Augustus 1958 is Strydom, wat 'n geruime tyd siek was, oorlede. 'n Man van groot betekenis het heengegaan. In 1934 was hy die enigste Nasionale parlementslid in Transvaal wat nie "gesmelt" het nie. Hy het die republikeinse ideaal lewendig gehou en daarmee bygedra tot die totstandkoming van die Republiek. Sy rassepolitiek het aan die negatiewe kant gegrens met sy beklemtoning van Blanke baasskap. Sy biograaf het van hom geskryf dat hy altyd vriendelik en tegemoetkomend teenoor sy mense was en dat hy een van die mees toeganklike LV's was wat ooit op die groen banke van die Volksraad gesit het. "Hierdie karakter het Strydom die mees geliefde eerste minister gemaak wat hierdie amp beklee het. Dit het veroorsaak dat Strydom 'n besondere plek, nie alleen in die hart van die Waterbergers ingeneem het nie, maar feitlik van alle Transvaalse Nasionaliste. Die Waterbergers was só in vervoering oor hul leier dat hulle sy betiteling van 'Leeu van die Noorde' nader aan hul eie omgang met hom betrek het deur na hom te verwys as 'Die Leeu van Waterberg.' Sy jaarlikse vergaderings en vrye omgang met sy mense het hom geliefd gemaak en hy kon met reg aanspraak maak op die titel, 'Man van sy volk.'"

Dr Verwoerd

Die nuwe eerste minister het op Stellenbosch 'n doktorsgraad in Sielkunde behaal. Na verdere studie in Duitsland het hy 'n professor op Stellenbosch geword. In Januarie 1937 het hy redakteur van *Die Transvaler* geword. In Mei 1948 is hy as Senator aangestel en in Oktober 1950 word hy minister van Naturellesake.

Dr Verwoerd was die vindingryke argitek wat die apartheidsbeleid in besonderhede uitgespel het en die bekwame administrateur wat die beleid in die praktyk begin toepas het.

Die Transkei

Die regering se *Wet op Bantoeowerhede* van 1951 het voorsiening gemaak vir 'n groter mate van selfbestuur in die tuislande. In die

belangrke tuisland, die Transkei, was hulle leier, Kaiser Matanzima, gewillig om Verwoerd se stelsel van Bantoe-owerhede te aanvaar. In Mei 1957 het die Transkei die eerste tuisland geword wat 'n gebieds-owerheid ontvang het.

Skeuring in die VP

Na afloop van die parlementsitting van 1959 het die liberale elemente in die Verenigde Party weggebreek en die Progressiewe Party gestig. Hulle wou Bantoes en Blankes ekonomies integreer en alle rasse op 'n gemeenskaplike kieserslys plaas.

Dr Verwoerd en die Republiek

Na die aanvang van die parlementsitting van 1960 het dr Verwoerd aangekondig dat daar 'n volkstemming of referendum oor die beginsel van 'n republiek sou plaasvind. Die kiesers sou hulle oor hierdie groot saak uitspreek. 'n Blote meerderheid, selfs van een stem, sou voldoende wees. Alleen die stem van die Blankes sou in ag geneem word. Die regering sou later afkondig of die Republiek binne of buite die Statebond sou wees.

Dr Verwoerd se aankondiging is soos altyd heftig deur die gesamentlike opposisie bestry. Alle Nasionaliste en baie ander Afrikaners het dit egter geesdriftig verwelkom. Die tyd was ryp, want baie mense het deur die aanhoudende kritiek uit Engeland oor Suid-Afrika se kleurbeleid, alle simpatie met daardie land verloor. Suid-Afrika was reeds grootliks geïsoleer en hoe gouer hy op eie bene kon staan, hoe beter sou dit wees. 'n Poging van Engeland en die Westerse lande om met 'n ekonomiese boikot die regering te dwing om van sy beleid af te sien, het die republikeinse gevoel in die land grootliks versterk.

'n Besoek van Harold Macmillan, die Britse premier, wat met sy "Winds of change"-toespraak in die Unie-parlement vir dr Verwoerd wou afskrik, het die Blankes nog meer laat volhard in die tradisionele beleid van rasseskeiding en die strewe na 'n republikeinse regeringsvorm, desnoods buite die Statebond.

Drie jaar vantevore het A Barlow, 'n lid van die Verenigde Party, voorgestel dat die Union Jack as een van die landsvlae moet verdwyn. Die Britse minderheid het dit tot verbasing van almal byna met gelatenheid aanvaar dat hierdie grootste simbool van die konneksie met die Statebond verdwyn het.

Sharpeville

Daar het in Maart 1960 'n opsienbare gebeurtenis in die Bantoe-dorp by Vereeniging en Vanderbijlpark plaasgevind. 'n Botsing tussen betogers en die polisie het 'n bloedige nasleep gehad. Reeds in Januarie is 'n dosyn konstabels gruwelik vermoor in Cato Manor, 'n nie-blanke woonbuurt van Durban. Die polisie wou 'n herhaling daarvan voorkom toe 20 000 Bantoe-betogers in Maart 1960 by Sharpeville opdaag en 'n dreigende houding inneem. Hulle het die skare met vuurwapens uiteen gedryf. Tagtig Bantoes is dood en baie ander is beseer. Dit het wêreldwye protes uitgelok. Ook in Langa, 'n Bantoe-woonbuurt naby Kaapstad, het duisende Bantoes teen die dra van bewysboekies geagiteer en in die onluste is verskeie Bantoes gedood. Die regering het 'n noodtoestand afgekondig en 'n deel van die weermag gemobiliseer. Gedurende die volgende maande is duisende Bantoes aangehou. Die *ANC* en die *Pan African Congress* is in die ban gedoen. 'n Aantal ekstremiste het na die buiteland gevlug.

Aanslag op dr Verwoerd se lewe

Te midde van die algemene beroering het ‘n sekere David Pratt in April 1960 by die Randse Paasskou, ‘n aanslag op die lewe van dr Verwoerd gedoen en hom baie ernstig verwond, deur twee koeëls op kort afstand in sy gesig af te vuur. Dr Verwoerd het merkwaardig gou daarvan herstel. Suid-Afrika het hierdie gemene daad verafsku en sy meegevoel met die Regeringshoof betuig. Die hof het besluit dat die misdadiger nie by sy volle sinne was nie en hom in ‘n gestig geplaas.

Die referendum

Op 5 Oktober 1960 is die referendum gehou waarvan die uitslag bewys het dat die volk van Suid-Afrika ‘n republiek begeer het. Daar was 850 000 stemme ten gunste van ‘n republiek en 775 000 daarteen, hoofsaaklik in Natal en die Engelstalige stede. Die konsepgrondwet is ‘n maand later gepubliseer. Die ou grondwet is in hoofsaak behou. ‘n Staatspresident wat vir sewe jaar deur die Parlement gekies word, sou die plek inneem van die goewerneur-generaal wat die Engelse vors verteenwoordig het.

Dr Verwoerd na Londen

Dr Verwoerd was ten gunste van ‘n republiek binne die Statebond. Hy het in Maart 1961 na Londen gegaan om die saak by die byeenkoms van Statebondspremiers voor te lê. Met die wete dat Suid-Afrika die laaste blanke en Westerse bolwerk op die Afrikaanse vasteland was, was dr Verwoerd vasberade om nie die beginsels en ideale van die Westerse leefwyse en die blanke bevolking prys te gee nie. As gevolg van die houding en eise van die nie-blanke lede, wat die meerderheid op die konferensie was,

het dr Verwoerd Suid-Afrika se aansoek om verdere lidmaatskap teruggetrek.

Die Republiek Suid-Afrika !

‘n Maand later is die republikeinse grondwet deur die Parlement goedgekeur. Op 10 Mei is advokaat CR Swart, die goewerneur-generaal, met groot meerderheid van stemme as eerste President van die Republiek Suid-Afrika gekies. Op 31 Mei 1961, presies 51 jaar na die totstandkoming van die Unie, is die Republiek geproklameer. Dit was die einde van ‘n tydperk en die begin van ‘n nuwe.

Ons was weer heeltemal vry !